JUNIE 1959

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- ARTIKELS
  - Afrikaans in die Feesjaar — M. J. Posthumus
  - Twee Tragedies — P. J. Conradie
  - Die Sterwende Boer — A. Alberts
  - Styl en Stilistiek — F. J. Snijman
  - Die Nuwe Kultuur — Soul
- VERHALE
  - Rut — Lourens de Swaan
  - Vesper — E. Brink
  - Die Skotteleg — Pirow Bekker
- GEDIGTE
  - B. le Roux, † Anna Hollenbach, Jan Schepens, A. Alberts, Paul Bester, A. J. J. Visser, J. Nel v. d. Merwe, Abr. Fouché.
- BY DIE JONGERES
- BOEKBESPREKING

JAARGANG 9 NOMMER 2

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

•

Redakteur: ABEL COETZEE

•

Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK
M. S. B. KRITZINGER
B. KOK
P. J. NIENABER
B. CONRADIE
J. KROMHOUT
België:
ANDRÉ DEMEDTS
Nederland:

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff by Johannesburg.

Intekengeld: 20/- per jaargang, posvry.

•

JAARGANG 9 NOMMER 2

Let wel: a. Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, p.a. Posbus 1176, Johannesburg.
b. Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies word gerig aan Mej. S. Victor.

JUNIE — 1959

INHOUD

Bladsy

DIE LAASTE AVONDMAAL, SONDAG OP LANGKLOOF: B. le Roux 1

DIE PLEK VAN AFRIKAANS IN DIE FEESJAAR: M. J. Posthumus 3

MARTHA EN MARIA: †Anna Hollenbach 8

RUT: Lourens de Swaan 9

GRISAILLE, AHASVERUS, HERINNERING, SCHOONHEID: Jan Schepens 22

TWEE TRAGEDIES, KLASSIEK EN MODERN: P. J. Conradie 24

DIE BOEREPLAAS: Andries Alberts 33

DIE STERWENDE BOER: A. Alberts 35

EK IS DIE OS: Paul M. Bester 43

IETS OOR STYL EN STILISTIEK: F. J. Snijman 44

BEGRAFNIS: D. F. MALAN: A. J. J. Visser 63

VESPER: E. Brink 65

LIEDJIE: J. Nel v. d. Merwe 68

DIE NUWE KULTUUR: Soul 69

WEKROEP: Abraham Fouché 78

DIE SKOTTELEG: Pirow Bekker 79

BY DIE JONGERES 87

BOEKBESPREKING 90

SKRYWERSAANGELEENTHEDE 95

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_6x3

B. LE ROUX:

Die Laaste Avondmaal

Hierdie brood wat Ek breek
was eenmaal
die vet-uitgeswelde graankorrels
golf op goue golf
op 'n onbekende boer se land gekweek.

Hierdie wyn wat Ek skink
die rypgeworde vrug
aan 'n vreemde wynstok, gelouter
deur son, wind en reën,
het kristalhelder in sy vreug' geblink.

Deur hierdie vonkel rooi wyn
het eenmaal
die somerbloed getintel, gepols deur die vlees
wat die wynstok dek,
onbewus van die parskuip se pyn,

Neem, eet en drink
hierdie vlees,
hierdie bloed wat geskandvlek uit die wonde tap:
die graankorrel, die druif
sinnelik verbonde aan wortel en tak.

Hierdie brood wat jul eet, hierdie wyn wat jul drink.

Sondag op Langkloof

Vanmôre vroeg
toe jy teen die son
se skyf kon leun,
was daar 'n tinteling
op jou blink gesig
asof jy wou sê:
"Jou vrede is vir my genoeg."

Maar op hierdie middag
verneem jy net die hyging
van Sy bors,
waar jy met stil tevredenheid
lê en kyk:
hoe die dag verskuif
van vlak tot vlak,
om eindelik te verkil
agter die purper mure
van die nag.

M. J. POSTHUMUS:

Die Plek van Afrikaans in die Feesjaar

Onder die plek van Afrikaans kan 'n mens verstaan: waar Afrikaans gepraat word (sy geografiese plek), watter aansien hy geniet (sy sosiale plek) en waarvoor hy gebruik word (sy plek as voertaal).

Afrikaans word oor die hele Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, in Suid- en Noord-Rhodesië, Njassaland en Kenja gepraat. Dit is 'n geweldige uitgestrektheid vir 'n taal met nouliks drie miljoen sprekers, met byrekening van die Kleurlinge. Die besetting van die gebied is dan ook slegs hier en daar betreklik dig. Daarby is dit geen uitsluitende besetting nie. Daar word naamlik 'n groot verskeidenheid ander tale in die taalgebied gepraat, waarvan Engels die vernaamste is. Verder is Afrikaans net binne die grense van die Unie en Suidwes-Afrika 'n landstaal of staatstaal.

Oor groot streke is Afrikaans yl versprei, selfs waar hy die meerderheidstaal is, bv. in Noordwes-Kaapland. Waar hy die minderheidstaal is, is die besetting soms dig, soos in Johannesburg, maar meestal baie yl, soos in sekere streke binne ons landpale en veral in die gebiede buite ons landsgrense.

Ten spyte van die yl en gedeelde besetting is die hele groot spraakgebied egter verbasend heg aaneengeslote. 'n Mens moet wel soms ver ry voor jy die volgende Afrikaner teëkom, maar van die Kaap tot in Kenja bly die lyn taamlik ongebroke, al is dit dikwels meer 'n geestelike as 'n fisiese lyn. Ook is die aanleuning aan die Nederlands van die Vlaamse element in die Belgiese Kongo van belang.

Die gang van politieke ontwikkelings in Afrika en die rol wat die Unie hierin gaan speel, sal in hoë mate bepaal of Afrikaans ook buite ons landsgrense 'n taal van betekenis sal wees. In dié verband tref dit 'n mens hoe kontinentaal die naam van ons taal is: Afrikaans.

Maar die ontwikkelings binne ons staatsgebied is voorlopig van aktueler belang. In dié opsig is daar oral handhawing van die relatiewe sterkte van Afrikaans en plek-plek 'n definitiewe vordering te konstateer. Dit beteken dat die Afrikaanse besetting òf relatief konstant bly, d.w.s.

na verhouding nie yler word nie, òf beslis digter word. Die grootste verdigting vind in die stede plaas, met handhawing van die verhouding op die platteland. Dit is 'n besonder gunstige ontwikkeling vir Afrikaans. As die huidige tendense so voortduur, is die dag naby dat Afrikaans, binne ons staatsgrense altans, territoriaal oral meerderheidstaal sal wees.

Hoe staan dit nou op sosiale gebied met Afrikaans? Die sosiale status van 'n taal is 'n uiters belangrike faktor wat altyd te pas kom wanneer twee tale in 'n mededingende verhouding tot mekaar staan. Dit kan volkstaal teenoor Latyn, Angel-Saksies teenoor Normandies, Pools teenoor Russies of Duits, Fins teenoor Sweeds, Vlaams-Nederlands teenoor Waals-Frans of enige ander ongelyke verhouding wees. In al sulke gevalle is of was daar taalstryd soos ons dit ken. Net by gelykheid van verhouding, soos blykbaar in Switserland tussen Duits, Frans en Italiaans, is daar geen merkbare tekens van mededinging nie. Dit is egter 'n baie fyn balans wat maklik versteur kan word, en dan is daar stryd.

In ons eie geval was daar die sosiale teenstellings Afrikaans-Hooghollands en Afrikaans-Engels. Laat ons maar erken: geeneen van hierdie twee teenstellings is heeltemal opgeruim nie. Ons is bv. nog glad te geneig om Afrikaans aan 'n Nederlandse maatstaf te meet, terwyl dit 'n hele studie sal afgee om te bepaal of ons regtig in ons binneste gemoed ontslae is van 'n minderwaardigheidsgevoel ten opsigte van die tweede verhouding.

Dit is bekend dat meer as een volk op die een of ander tydstip in die geskiedenis sy taal geringgeskat het. Ons hoef maar die geval van Engels in die Normandiese tyd te noem. Elkeen wat nie vir dom of agterlik wou deurgaan nie, het toe so spoedig moontlik Frans as taal aangeneem. Maar hierdie selfde Frans het later in sy eie land die smaad van veragting ondervind. Frans sou dan 'n minderwaardige taal vir letterkundige, filosofiese en wetenskaplike werk gewees het in vergelyking met Latyn of Italiaans.

Die Afrikaner wat hom nog die beskamende agterstand van Afrikaans onder Afrikaners kan herinner, sal Joachim du Bellay se vurige pleitskrif vir die Franse taal, *Deffense et Illustration de la Langue Françoise* ("Verdediging en Verheerliking van die Franse Taal"), wat in 1549 verskyn het, met ware genot lees. Plek-plek onder die lees van hierdie boek, hoor 'n mens byna hoe die Patriotters vir Afrikaans pleit en vergeet jy dat dit Du Bellay is wat vir

Frans in die bresse tree. Daar is voorwaar niks nuuts onder die son nie.

In ons land het dit ál die geestelike energie van twee taalbewegings en van 'n sterk politieke en literêre oplewing gekos om die Afrikaners van die ergste minderwaardigheidsgevoel teenoor hulle eie taal te verlos, want heeltemal vry daarvan is hulle nog nie, soos ek reeds gesê het. Goeie Afrikaans is nog nie so volkome die waarmerk van die ontwikkelde Afrikaner as wat dit behoort te wees nie.

Agting vir jou taal is die geloof dat daarmee die hoogste op alle gebied bereik kan word. En sodra dié geloof gevestig is, kom dit nie so seer daarop aan of die hoogste al bereik is en of alle gebiede al betree is nie. Dan kan die werk ten minste begin wat tot die hoogtes sal lei.

Dit kan die byna onbewuste werk van eeue wees, soos in die geval van die groot Wes-Europese tale wat Latyn as staatstaal vervang het, of daar kan die bewuste, byna krampagtige werk wees om 'n taal binne enkele jare op die hoogte van die tyd te bring, soos wat met Afrikaans gebeur het. En ook nie net met Afrikaans nie.

Baie mense meen dat die vinnige opkoms van Afrikaans uniek is, maar dit is nie so nie. Iers, moderne Hebreeus en 'n hele aantal tale wat eers na die Eerste Wêreldoorlog staatstale geword het, bv. Pools, Estnies, Litous, Letties, Hongaars, Tsjeggies en Fins, maak almal dié geforseerde groei deur, vir sover party, soos Estnies en Litous, nie al weer onderdruk is nie. In lande waar 'n Europese taal die medium van die landsbestuur en die onderwys was, bv. Brits- en Nederlands-Indië, is daar 'n geweldige taalwerksaamheid aan die gang om die inheemse taal of tale gereed te maak om die plek van Engels of Nederlands in te neem. In Indië, met sy groot verskeidenheid tale, is daar selfs sprake van die kunsmatige skepping van 'n algemene taal uit die wortels van die inheemse oertale, terwyl daar in Ierland en Israel gewerk word aan die herlewing van 'n ou taal in 'n nuwe kleed. Wonderwerke is met baie van hierdie tale verrig. Die wonder van Afrikaans is dus nie uniek nie, maar dit bly 'n wonder.

Dit is egter nie 'n wonder wat met 'n towerstaf tot stand gebring is nie. In Afrikaans, soos in die ander tale wat hierbo genoem is, "a vast new terminology had to be devised, and the important function of bringing their language up-to-date was in the hands of translators" (Leonard Forster in die hoofstuk *Translation: An Introduction* in die boek *Aspects of Translation*, Londen, 1958,

bl. 8). Die wonder is dus met heel prosaïese middele en met heel prosaïese persone verrig. So beskou, is die groei van Afrikaans verklaar en dus nie meer 'n wonder nie. Maar dan word uit die oog verloor dat so 'n groot getal Afrikaners met soveel liefde "vertalers" was. Elkeen wat immers gevra het: "Wat sê 'n mens hiervoor in Afrikaans?", was 'n vertaler en 'n taalbouer. En daar was baie wat so gevra het. Dit is die wonder. Taalbou was 'n volksbeweging.

Die vertaalmetode is die enige metode om 'n volkstaal wat deur die loop van die geskiedenis skielik tot staatstaal verhef word en dan die draer moet word van alles in 'n moderne land, vinnig op die hoogte van die tyd te bring. Dit is 'n kunsmatige en geforseerde metode — dit weet ons — maar die langsame, organiese groei van die ou Europese tale was ons nie beskore nie. Ons was verplig om broeikasmetodes toe te pas, want in vrye mededinging in die ope lug sou Afrikaans oorwoeker geraak het. Die broeikasmetode het in elk geval vir Afrikaans op haas elke terrein die fundamentele woordeskat geskep wat vir natuurlike groei buite die broeikas nodig is.

Na nog 'n paar jaar voortgesette terminologiese arbeid sal ons die sonderlinge posisie beleef dat daar meer tegniese en wetenskaplike woordeboeke in Afrikaans sal wees as wat daar tegniese en wetenskaplike literatuur sal bestaan. Ons sal dus woorde hê wat nog nie gesê is nie. Ons probleem is dus om ons woorde te laat sê, anders sal hulle nie lank woorde bly nie. 'n Woordeskat moet leef. Gelukkig sien ons elke dag om ons hoe die woorde uit die woordeboeke hulle weg tot die onderwys vind. Dit is die eerste stap. Sodra 'n geslag Afrikaners op elke terrein van die lewe in Afrikaans opgelei is, sal die volgende stap volg, naamlik die oorgang van die onderwys tot die praktyk en die lewe. Dan eers begin die natuurlike, organiese groei. Woorde sal dan uit die lewe na die woordeboek gaan, soos dit hoort, nie omgekeerd soos wat vandag onder die druk van die omstandighede plaasvind nie.

Ek glo dat Afrikaans op die keerpunt in sy ontwikkeling tot volwaardige moderne taal staan. In baie opsigte groei hy al in die vrye lug. In sake van die gees is ons taal op alle peile — van die geselspeil tot die wetenskaplike en filosofiese peil — 'n volwaardige taal. Ook in die suiwer natuurwetenskappe ontplooi Afrikaans hom. Hier is die oes aan vakliteratuur weliswaar nog baie skraal, maar 'n mens kry moed as jy let op tydskrifte soos *Tegnikon,* die

Tydskrif vir Wetenskap en Kuns en die nuwe mediese tydskrif. Daar is ook al 'n sypelinkie akademiese dissertasies wat tot 'n stroom kan aangroei. Maar dit is eintlik op die gebied van die toegepaste wetenskap en die tegniek waar Afrikaans agter is. Die "geleerde" vakke sal waarskynlik lank al verower wees voordat die handwerke, die bedrywe en ambagte, die handel en die nywerheid aan die beurt kom, maar ook hierin sal die onderwys mettertyd verandering bring.

As 'n mens nou jou oë so oor die hele veld laat gaan, lyk dit of Afrikaans ingeslaan het as taal van die gees, as akademiese taal en as onderwystaal. In die wêreld van geld en geweld tel ons taal egter min. Miskien is dit geen groot nadeel nie, maar 'n mens sou darem graag mooi Afrikaans wil hoor in die winkels, garages, werkplase en myne en op die steiers, skepe, vliegvelde, dokke en paradeterreine waar die volk werk en skep.

Die groot gebrek is dat daar nog geen Afrikaanse stad is nie. En 'n stad is meer as 'n plek met 'n stadsraad, kerke, museums, kunsgalerye, 'n universiteit en skole. Dis ook 'n plek met banke, winkels, bedrywe en ambagte. Daar loop nie net professore en onderwysers rond nie, maar ook elektrisiëns, bakkers, winkeliers en straatveërs. Suid-Afrika is nie net die platteland en Afrikaanse universiteite en skole nie. Die groot lewe bruis ook en veral daarbuite.

Lig en Duisternis . . .

"De film, kunst van de toverlantaarn, is zichself verschuldigd, meer dan elke andere kunst, het licht in de duisternis te laten branden, het desnoods te ontsteken."

Johan Daisne, in: De Vlaamse Gids, 42/12, Des. 1958, bl. 731.

† ANNA HOLLENBACH:

Martha en Maria

Maria het,
Terwyl haar suster Martha
Ywerig en nougeset
Die maaltyd voorberei,
Haar aan die voete
Van die Meester neergevlei.

En Martha was,
Terwyl Maria luister
En die Meester rustig praat —
So swaar belas
En sonder raad,
So diep besorg en verontrus
Oor baie aardse dinge.

Martha,
Onbewus van ryker seëninge
Kom nog net één ding kort —
Maria
Het die goeie deel gekies
Wat van haar nie geneem kan word.

LOURENS DE SWAAN:

Rut

Uit die dieptes van Rut se onderbewussyn het die droom en gedagte van die garsvelde tot bewussyn deurgedring en haar wakker laat skrik. Nog vir enkele oomblikke het sy gebaai in die toneel van gister wat deur haar geheue spoel, toe opgestaan en vinnig aangetrek. 'n Wit tjalie word behendig en vlug oor die sagte swart hare geknoop voordat sy geruisloos by die lae deur van die klein huisie uitglip. Haar skoonmoeder, Naomi, was 'n vormlose bondeltjie, daar waar sy op 'n hoop biesiematte, toegedek onder gestreepte komberse en matte, gelê het.

Die eerste daglig het al teen die oosterkim begin skilder. Rut het ligvoets deur die hobbelrige strate van Betlehem gestap, koue klippies en sagte sand het om die beurt haar kaal voete geprikkel en gestreel. En toe sy die poorte van die dorp bereik, het die son na boontoe oopgebars en met vars-geel strale die verste heuweltoppe vergul. Esels en hoenders het die geroesemoes van 'n nuwe dag aangekondig.

Rut het gou verstrengel geraak in die tou dorpelinge wat nog half-aan-die-slaap na die veld geskuifel het. Voor aan die tou het die maaiers gestap, geboë, met sens of sekel oor die skouer, en alleen hulle bruin, benerige enkels was onder die lang kameelhaarmantels sigbaar. Slegs 'n paar arbeiders het Rut met 'n geknorde "Vrede", begroet, dog sy het hulle die terughoudendheid nie kwalik geneem nie. Sy het onthou dat sy maar 'n arme weduwee, en boonop 'n vreemdelinge, was.

Die mense was van nature sku vir vreemdelinge. Rut onthou nog watter oproer veroorsaak is in haar eie dorpie daar in die ooste, anderkant die soutsee, toe sy in die huwelik getree het met Malon uit die land van Judea. Malon se familie kon kwalik as vreemdelinge beskou word, aangesien hulle daar kom woon het, waarskynlik vir onbepaalde tyd, die moeder, die vader en die twee seuns.

Ná die vader se dood het die twee seuns selfs volgens die Moabitiese sedes en gewoontes geleef met hulle twee Moabitiese vrouens, alhoewel hulle nog hardnekkig gekleef het aan hulle streng, ongenaakbare en onsigbare God.

Naomi, die moeder van die twee seuns, het voortgegaan met haar streng en vreemde leefwyse, en sodoende haar eie kleine wêreldjie geskep. Reeds vroeg al het Rut besef dat

sy en Naomi uit dieselfde staal gesmee is. Orpa, Rut se skoonsuster, was 'n saggeaarde diertjie aan wie se menings daar nie 'n oormaat van aandag geskenk is nie. Indien Rut vir Naomi die knie gebuig het, gesind of andersom, dan sou die uitgestrekte gemeenskaplike opstal 'n hel van huishoudelike twiste gewees het. Dog as bondgenote van mekaar was Rut en Naomi 'n bron van geluk en vrede, geluk en vrede wat geduur het tot die koms van die plaag wat Malon en sy broer, die man van Orpa, met een veeg uit die huis weggesleur het.

Rut was oorstelp deur eie smart, dog haar hart het ook nog geween vir Naomi, 'n oú vrou, ver van huis en sonder 'n eggenoot of selfs 'n kleinkind om haar te troos. Naomi het egter geen spoor van verlatenheid getoon toe die roudraers opgestaan het nie, roudraers met asbedekte hoofde en gekseurde klere. Terwyl hulle uitgetrek op die klipvloer gelê het, het hulle ál hulle trane uitgestort; nou was die denke kalm, die brein leeg. Naomi het hulle meegedeel dat sy die huis sou verkoop en die bokke en die skape, en dat sy sou terugkeer na haar bloedverwante en haar huis in Judea.

"Dit sou verstandig van julle wees om ook na julle huise terug te keer," het sy aan haar twee skoondogters gesê, haar stem leeg en dor soos die woestyn. "Al wat ek in Judea besit is 'n klein vrugteboordjie en 'n hut. My man het dit uitgehou toe hy alles verkoop het, net ingeval ons ooit sou teruggaan. Vir my is dit 'n tuiste, dog vir julle . . ." Orpa se groot oë het rusteloos gedwaal tussen die gesig van Naomi en die van Rut, tastend na leiding. Rut het in die oë van Orpa ook gelees hoedat die vrees van ballingskap stry met die vrees vir die besliste verbreking van bande wat haar huwelik met Malon se broer gevorm het. Intussen het Naomi meedoënloos voortgepraat.

"My dogters, julle moet trou, en kinders baar. Indien ek ander seuns gehad het, sou julle met hulle moes trou volgens die voorskrifte en wette van my stam. Hoe sal dit egter met julle in Judea vaar? Dis vir julle 'n vreemde land met vreemde mense. Selfs die honde en die hoenders, die skape en die bokke sal julle nie begryp as julle na hulle sou roep om hulle te voer nie. Gaan terug: dierbare dogters, julle was goed vir my en nou is julle my niks meer verskuldig nie."

Orpa se liggaam het geruk. Toe het sy opgespring en kermend die kamer uitgehardloop.

Naomi se oë het onder hulle sterkgeboë wenkbroue uit

in dié van Rut geboor. "Alles wat ek gesê het, het ook betrekking op jou."

"My naam is nie Orpa nie."

"Moab is jou tuiste."

Rut se antwoord hierop het gespreek van die malende gedagtes en siedende emosies in haar binneste: verlies, eensaamheid, liefde vir Naomi, vrees, om die onthalwe van 'n dapper vrou wat 'n onbekende toekoms tegemoet gaan.

"Moet my nie weer gebied om u te verlaat nie," het sy gesmeek. "Waar u heengaan, gaan ek ook, waar u slaap sal ek ook slaap; u volk is my volk, u God is my God; waar u sterf, en waar u begrawe word, daar sal ek ook begrawe word."

Terwyl sy aanstap herinner sy haar nog daardie moedige toespraak, en steeds is sy nie spyt daaroor nie, miskien wel 'n bietjie bang. Nadat die vreugde van die terugkeer geslyt het, het Naomi dit moeilik gevind om haar by haar nuwe leefwyse aan te pas. Sy het Betlehem verlaat, die vrou van 'n ryk man en met twee sterk jong seuns; sy het teruggekeer met slegs die liefde van haar Moabitiese skoondogter om haar te koester.

Naomi het haar welgestelde bloedverwante vermy, en sy het haar met Rut teruggetrek na die huisie wat eintlik niks meer as 'n hut was nie. Rut het planne beraam om die vervalle hut op te knap, die vrugtebome en ook die olyfbome wat nog oorgebly het te snoei, die tuingrond skoon te skoffel en met die skoffelpik om te dol, om die tierende wingerdranke uit te dun en weer orde in die wingerd te skep. Sy het steeds bekommerd gebly oor wat sou gebeur sodra die voorrade en die silwer wat hulle uit Moab saamgebring het sou opraak. Hulle kon tog nie van olywe en vrugte alleen leef nie.

Hulle het dit egter gelukkig getref deur teen die einde van die lente, net voor die gars-oes, in Betlehem aan te kom. Rut het al gou uitgevind dat volgens die Judese wet die armes van die dorp toegelaat is om die koringare wat die maaiers laat val het, op te tel.

Die tou dorpelinge het al dunner geword, namate klein groepies by hulle onderskeie lande afgeswenk het. Rut het egter bly aanloop. Hoe verder die garslande teen die heuwels gesteier lê, weg van die dorp en die bron af, des te sekerder kon sy wees dat hulle nie aan die welgestelde bloedverwante van Naomi sal behoort nie. Sy het haar weg gebaan deur repe garsakkers op 'n terrasvormige heuwel totdat sy die mees verafgeleë garsland bereik het. Sy kyk terug. Oor

die toppe van die skaars olyfbome wat hier en daar tussen garsakkers uitbol, kon sy grys heuwels sien wat lui-lui dein, ooswaarts tot waar 'n saffierflits kaats uit die Soutsee.

Rut het haar lang swart hare in 'n bolla gerol en die tjalie daarom gebind. Die wye swart rok word voor opgevang aan twee punte wat in die skarlaken en geborduurde gordel ingesteek word. Op hierdie manier sal sy vinniger oor die weg kan kom sonder om te struikel. Dan sluit sy haar aan by die ry meisies wat die gars optel soos dit onder die ritselende sekels val, haar oë gespits op feitlik elke halm wat uit hulle blitssnelle hande mag gly. Sy gaan met die grootste sorgvuldigheid te werk, gooi purper disselblomme en skarlaken papawers weg terwyl sy die kosbare halms in haar rokpante stop.

Toe die son op middaghoogte staan, het die arbeiders verkwikking en rus in die swart kolle onder die krom olyfbome gaan soek. Rut sit met bene gekruis, die wye rok nou weer oor haar bene getrek, eenkant, weg van die ander meisies af. Sy eet 'n skamel maal van gebakte gars, olywe en nartjies. Een van hulle kom egter na Rut toe en vlei haar langs haar neer. "Wat is jou naam . . . ?" "Rut? Dis 'n vreemde naam, nie Judees nie. Maar natuurlik jy is die Moabitiese; die skoondogter van Naomi. Die eienaar van hierdie land is een van jou bloedverwante."

"Ek het dit nie geweet nie," prewel Rut verbaas.

"Maar hy is dan so 'n vername man, Boas. Het jy regtig nie geweet nie? Hy is die regter, en besit die grootste gedeelte van die velde en lande hier en in die omgewing."

Rut het opgehou met eet en begin om haar gerwe gars bymekaar te maak. Iewers moet daar 'n plek wees wat nie aan een van Naomi se bloedverwante behoort nie.

Op daardie oomblik kom Boas die laan olyfbome binnegestap, rank, breed van skouers, en met die opsigter van die maaiers op sy hakke. Met lang lenige passe stap hy al nader, elke groep maaiers groetend soos hy by hulle verby kom. Dan gaan hy voor Rut staan, wat in een hand haar gerf gars vashou, en in die ander haar rokpante, gereed om te vlug. Sy kobalt-oë hou hare gevange sodat hulle nie kan neerslaan nie, en dwing haar om as versteend te staan. Haar hart hamer wild, en sy voel vir enkele oomblikke oorrompel deur 'n golf van duiseligheid. Hy het so onverwags op haar afgekom, en sy het eers gedink sy droom, want hy lyk so ontstellend baie op . . . Malon.

"Jy is Rut," sê hy, "die weduwee van my neef Malon." Sy stem was tegelyk bevelend en strelend.

"Dus is u al van my verwittig, my heer?"

"Dis tog doodgewoon om navraag te doen na 'n vreemde gesig," antwoord hy vinnig terwyl die rooibruin van sy gesig nog 'n tint bykry. Waarom leef my niggie, Naomi, so teruggetrokke? Dit het ons almal vreemd voorgekom."

"Kom dit vir u vreemd voor?" kom Rut se antwoord terwyl sy die gerf gars uitdagend voor hom hou.

"Indien iemand noodgebrek ly, moet hy hom vanselfsprekend na sy bloedverwante wend. Ek begryp Naomi nie. Rut, ek verneem dat jy goed sorg vir my niggie Naomi. Wil jy my ook 'n goeie daad bewys? Indien dit die enigste wyse is waarop ek haar kan help, versamel dan die afval gars in my lande. In myne, begryp jy, en nie in die lande van iemand anders nie. En dis ook nie nodig vir jou om weer voedsel saam met jou te bring nie. Daar is voldoende voedsel aan die onderkant van die land, en volop water ook. Het jy my goed begryp?" Rut se hoof sak tot op haar bors.

"Ek is my heer veel eer verskuldig," stamel sy gedwee.

"As Naomi my tog maar wou toelaat om haar te help," sê Boas gegrief maar ook met 'n tikkie verleentheid in sy stem.

Toe die werk hervat word, vind Rut dat daar skielik meer verlore are vir haar is om op te tel. Soms het een van die meisies selfs 'n handvol are aan haar voete laat val. As Rut haar dan ondersoekend aangekyk het, het sy slegs geglimlag en met haar werk aangegaan.

Die oes was in en Betlehem het gewag op die skemering om die danse en feesviering aan te kondig en sodoende die dorstyd in te lui. Rut sit swygend na Naomi en kyk daar waar sy bene-oorkruis sit in die skaduwee van die huis, besig om die garsmeel tot plat broodkoeke te knie.

"Nog net so onafhanklik soos altyd; ek glo nie sy het my al vergewe omdat ek die verlore gars-are vir ons brood ingesamel het nie," dink Rut, terwyl 'n droë glimlag om haar mondhoeke speel.

Skielik het Naomi opgestaan, en vir Rut beduie om haar in die klein kleihuisie in te volg. Naomi het voor 'n swaar kis wat sy uit Moab uit saam gebring het, gaan staan, en met 'n beweging van haar hand vir Rut beduie om die deksel daarvan op te lig. Toe haal Naomi 'n rok van donkerblou wolstof te voorskyn, weelderig geborduur met goud, en daarby 'n fyngeweefde wit hoofdoek.

"Maar dis pragtig," roep Rut verruk uit.

"'n Mens dra nóóit al jou trourokke gedaan nie," kom

Naomi se lakoniese antwoord. "Trek hierdie klere vanaand aan, Rut, dans daarin en . . . lyk mooi."

Rut kyk haar verwonderd aan. "Voorheen het u geweier om my iewers heen te laat gaan of selfs iemand te ontvang of te spreek. En nou moet ek soos 'n lentevoël gaan pronk. Vergeet u miskien dat ek 'n weduwee is, en nie 'n bakvissie wat gaan dans en haar opsmuk om sodoende 'n man in haar nette te strik nie." "En waarom sou jy selfs dit nie doen nie," val Naomi haar in die rede. "Vanaand is 'n uitsondering. Ja, daar is een man, genaamd Navon. Hy het jou na die lande sien stap en het by my kom navraag doen oor jou. Navon is ons naaste bloedverwant. As jy vanaand skitter en jou behoorlik gedra op die fees, sal ons dalk tog nog 'n man vir jou kan kry."

"Waarom gebruik u die woorde 'tog nog'?" vra Rut in 'n gemaak-skertsende toon, terwyl sy haar inspan om die kilte wat haar hart gegryp het, weg te dwing. "Ek het gedink u sou my wil vlei deur my aan te raai om so mooi te lyk en so te skitter dat die hele dorp se jongmanne om my hand sou kom vra."

"Vergewe my, kind," antwoord Naomi sonder om te glimlag. "Ek moes al vantevore dit vir jou verduidelik het. Ons wet vereis dit. Jou keuse is streng beperk. Malon se naaste bloedverwant het die eerste aanspraak op jou hand — ek sou byna sê dis sy plig om jou hand te vra. Sou hy dit doen, dan word dit van hom verwag dat hy sou optree asof hy Malon self was. Indien jy enige kinders by Navon sou baar, indien jy enige eiendomme of geskenke van hom kry, dit sou alles op Malon se naam kom. Nie die naam van Navon self nie, verstaan jy, Rut?"

Rut sit senuweeagtig met die plooie van Naomi se donkerblou wolrok en speel. Watter man sou gewillig wees om sy eie persoonlikheid prys te gee sodat die herinnerings en gedagtenis aan 'n ander man in stand gehou kon word. Hy sou dolverlief moes wees, of so nie erg gesteld op familietrots en -eer. En selfs dan . . .

Haar swye het Naomi tot desperaatheid begin voer, sodat sy steeds opgewondener begin verduidelik.

"Jy was nog altyd so 'n verstandige mens, so vol begrip vir alles. Jy kry nie elke dag so 'n kans soos hierdie een nie. Ons besit hier 'n klein dog vrugbare stukkie grond. As ek my deel verkoop, dan kry hy Malon se deel by wyse van jou bruidskat. Jy is nog 'n jong vrou en jy het 'n man en kinders nodig. Ek wil kleinkinders hê, en jy is die enigste wat hulle vir my kan baar. My man is dood, my twee seuns

is dood en daar is niemand meer wat die familienaam kan laat lewe nie."

Enkele trane wel uit die diep oogkaste en rol in die skerp vore aan weerskante van die strak gespanne mond. Rut se blik verteder. As dit alles tog maar net vóór die garsoes gebeur het! Dan gryp Naomi skielik na haar hande.

"Waarom antwoord jy my nie, Rut? Het jy intussen dalk iemand anders ontmoet? Kyk in my oë. Ja, nou weet ek waarom jy geswyg het. Maar dit help alles niks, arme Rut. Ek het tog vir jou verduidelik hoe die wet in hierdie land is."

"Die ander is ook 'n bloedverwant," fluister-stamel Rut. "Sy naam is Boas."

Die wit hoofdoek waaraan Naomi in haar opgewondenheid gestaan en rafel het, syg neer op die vloer. Rut kon die tasbare stilte nie verdra noudat sy sy naam genoem het nie. Waarom skel Naomi dan nie liewer op haar nie. Die getjirp van die krieke buite word so skril en sterk dat dit vir haar voel of haar oorvliese daardeur deursteek word. 'n Geitjie flits deur die sonstraal wat by die lae deur die huis binneval.

"Rut! Paar 'n mossie met 'n arend? En jy, 'n arme weduwee, verwag om in die huwelik te tree met Boas, die regter van Betlehem? Boas is nou al twee jaar lank wewenaar. En as hy weer trou, het hy te kies en te keur uit al die meisies, die rykste meisies of vroue van hier tot in Hebron. Dink jy miskien hy sal sy persoon prysgee vir dié van Malon?"

Rut se gedagtes voer terug na Boas met die breë skouers, met die stem wat tegelyk gebiedend en strelend is, die kobalt-blou oë. Miskien het Naomi gelyk, en is daar vir haar geen hoop nie. En tog . . .

"Ek het niks hiervan geweet nie," antwoord sy bedaard. "Dog toe hy met my op die land kom praat het, was dit met meegevoel en warmte. En die blik in sy oë was nie dié van 'n man wat met kwistige hand liefdadigheid rondstrooi nie. Dit veral tref my die meeste, elke keer nog as ek aan hom dink. En dieselfde blik is nog in sy oë, elke keer as ek hom ontmoet. My hart behoort aan Boas, moeder. Ek kan nie met Navon trou nie, al sou hy my ook vra."

Naomi loop rusteloos heen en weer in die vertrek. Haar oë smeul van die opwinding.

"Maar dan moet jy met Boas praat. Jy moet hom vertel hoe jy voel."

"Is dit dan gewoonte hier dat vroue sulke sake met

manne bespreek?" Naomi gryp Rut aan haar skouers en trek haar nader, haar oë die ene gloed.

"My dogter, daar kom tye wanneer ons ons harte moet gehoorsaam en nie die sede of gewoonte nie. Jy mag reg wees aangaande Boas. Vroue verstaan mans soms beter as wat hulle hulself verstaan. Maar Boas is nie 'n impulsiewe jong knaap nie. Hy weet net so goed soos enigiemand anders dat jou naaste bloedverwant, Navon, die eerste aanspraak op 'n huwelik met jou het. Tensy jy dus nou jou gevoelens aan Boas openbaar, sal ons tot in die eindeloosheid so kan voortgaan en niks bereik nie. En onthou, jy word nie jonger nie.

"Luister nou goed, Rut. Gaan vanaand na die feesviering op die dorsvloer. Trek hierdie blou rok met die goue borduursel aan, en jy sal die glans van die ander skones verdof. Na afloop van die fees moet jy met Boas praat. Sorg dat julle alleen is."

"Maar moeder, hy mag . . . veronderstel dat hy my woorde verkeerd vertolk," hakkel Rut.

"As hy die woorde van Rut, die Moabitiese, nie begryp nie, het hy geen reg om oordeel oor sy mense te vel nie, en durf hy geen aanspraak op jou liefde maak nie. Gaan nou."

Die aandwind het die laaste spore van die dag se hitte uitgewis en was nou besig om vrolik met mantels en hooftooisels te speel. Dik gerwe gars het op die dorsvloer gelê en ritsel. Dorpelinge het gehurk gesit om die braaivleisvure in een van Boas se grootste landerye, die een verste van die dorp af. Bruin, krakende korse garsbrood word in die ryk vet gedoop en sagte sappige vleis word met wyn, koringdrank afgespoel. Die maan het vinnig na die troon van die hemel gerol, die glans van die sterre verduister.

Iemand begin 'n deuntjie op 'n rietfluit te speel, 'n ander begin die ritme verskaf op 'n vel wat styf oor 'n erdepot gespan is. Jong pare begin riel en draai op die dorsvloer, 'n plat stuk rots wat deur geslagte se voete en hoewe al glad geskuur is.

Die volgende dag sou esels of osse swaar boomstompe, met die drywers daarop, oor die dik gerwe gars heen sleep om die korrels daaruit te pars. Vanaand was slegs simbolies van die blydskap dat die oes gespaar gebly het teen droogte. oorstromings, vuur en selfs swerwende rowerbendes.

Rut het skugter nader gekom, dog dit het nie lank geduur voordat sy haar in een van die binneste sirkels bevind het nie. Haar blou rok het gebol en geritsel tussen die ander

rokke van geel, oranje en helderrooi. Vir die eerste keer sedert die dood van Malon, was sy weer opgewek en vrolik. Sy het selfs tuis gevoel. In Moab het hulle ook dergelike feeste geken, mense wat sing en jubel oor 'n goeie oes. Hierdie kennismaking met 'n nuwe faset in die lewe van mense wie se streng God sy aangeneem het, het haar weer laat voel soos in haar jeug in Moab, waar hulle klein huislike godjies gedien het. Al gou het sy volkome haar selfvertroue herwin, en nie meer vreemd tussen hierdie mense gevoel nie. Sy het elke toenadering ontwyk met grasie en gemak gebore uit haar nuutgevonde selfversekering. 'n Jong man, buitengewoon aantreklik en met deurborende blik, was haantjie die voorste onder haar bewonderaars. Hy het haar vertel dat sy naam Navon was. Sy het hom bly ontwyk en ontglip totdat hy woedend weggestap het en gesweer het dat hy nooit weer terug sou keer nie. Boas was egter nêrens te bespeur nie. Hy was besig om wagposte te organiseer en wagte op die buitewyke van die landerye op te stel, ingeval rowerbendes 'n aanslag op die pas-ingesamelde oes sou maak.

Toe hy uiteindelik aankom, het die feesvierendes aanmerklik verminder, sommige het van pure uitgeputheid uitgeval, andere het paarsgewys tussen die rotse en die wingerde verdwyn. Die musiek het al hoe sleperiger begin word. Die fluitspeler se vingers het ingewikkelde dansies op die gate van sy instrument uitgevoer, terwyl sy lyf heen en weer geswaai het, byna asof hy in 'n beswyming was. Boas het vir hom 'n pad deur die dansers gebaan, terwyl hy laggend uitnodigings om te dans van die hand wys. Hy het tussen die oudstes van die dorp plek ingeneem om te eet en te drink. Rut het telkens sy oë in haar rug voel boor, en dan omgekyk, dog hy het nie opgestaan uit sy plek tussen die oudstes nie.

Die tamboerspeler se nek het slap geword sodat sy kop al op sy bors gesink het en naderhand het sy tamboer sy kussing geword — 'n koddige gesig, byna asof hy na een of ander verskuilde ritme wou luister. Die fluitspelers het ook omgerol, en soos onskuldige seuntjies met fluit in die arm aan die slaap geraak. Rut het tussen die rotse aan die kant van die dorsvloer gaan skuil, en gesien hoedat Boas opstaan en sy laaste wyn teug, iets aan sy gesél toevoeg en dan na 'n mied garsgerwe stap. Boas het hom neergevlei onder sy wye, ruie kameelhaarmantel.

'n Trop jakkalse het nader gedraf om ondersoek na die vleisreuk in te stel, dog toe hulle menslike liggame daar

aantref, het hulle tjankend uitmekaar gespat, sodat die skril getjirr van krieke en die veraf gehuil van honde vir 'n paar oomblikke verstom het. Digby Rut het 'n feesvierder in sy slaap omgedraai, iets gemompel en toe onbewus verder gesnork. Verder af tussen die rotse kon Rut die strelende gemurmel van 'n manstem hoor, beantwoord deur die gegiggel van 'n meisie.

Die maan het ondergegaan en slegs 'n skaakbordpatroon van skaduwees agtergelaat langs die heuweltoppe. Gespanne en lenig het Rut gou na die ander kant van die dorsvloer gesluip, die kant waar Boas gelê en geslaap het. Sy het die punt van Boas se mantel saggies opgelig, en gehoop dat sy hom daardeur sou wakker maak. Terselfdertyd het sy byna saggies gebid dat hy nie moet wakker word nie. Dog sy asemhaling het diep en rustig gebly.

Sy ril. Hy sal haar miskien verag vir haar skaamteloosheid, en hy mag selfs misbruik daarvan maak. Sy sou hom nie kon blameer as hy dit gedoen het nie. Dan steek sy haar hand uit om hom aan sy enkel te raak, maar trek dit gou terug toe hy omdraai en hom uitrek.

"Is dit jy, Ram? Is dit alweer tyd om die wag te verander?"

"Dit is Rut, die Moabitiese."

Hy snak vinnig na asem voordat hy orent kom.

"Wat soek jy hier?"

"Jy is die neef van Malon, my oorlede man," antwoord sy bedaard, "en jy ken die wet van jou mense."

Enkele sekondes sleep verby voordat hy begin praat, soekend na woorde.

"Jy het vanaand soos 'n jong hinde gedans, en jy was die mooiste onder al die meisies. Enige man sou jou smeek om sy vrou te word, en daar was baie van jou neefs vanaand hier teenwoordig, my dogter."

"Ek is nie jou dogter nie, Boas." Sy sug verraai sy oorgawe. Dog hy bly ferm.

"Maar ek is nie die regte man nie, Rut. Daar is nog een neef wat nader aan Malon verwant is, en hy is jonger ook. Ek het egter opgemerk dat jy hom vanaand vermy. Waarom?"

"Sedert jy die eerste keer met my daar op die land kom praat het, het ek dit laat deurskemer. Verstaan jy nou nog nie?"

Weer haal Boas diep en vinniger asem. En dan herwin hy sy selfbeheer.

"Rut, luister na my." Hy was nou vol selfvertroue en

vasbeslote. "Ek sal vanoggend met Navon praat. Dit is sy reg en sy plig om jou te eis. Dit is wet. Dog as hy nie sy plig teenoor Malon wil nakom nie, nou ja, dan . . . Rut moenie bevrees wees nie."

Noudat sy weet, was Rut ook selfversekerd. "Naomi het my ook al van Navon vertel. Sy wou ons grond aan hom verkoop sodat hy met my sou trou. Ek het geweier. Ek sal weer weier." "Laat ons dan maar hoop — ," en 'n vertroostende laggie kriewel agter in Boas se keel — "dat jy hom dusdanig ontmoedig het dat hy niks meer met jou te doen wil hê nie. Nou moet jy gaan, Rut. Ram sal straks kom om my wakker te maak. Wag! Neem jou hoofdoek af en sprei dit op die grond uit, lieflike duif."

Hy het voor haar gaan staan, swart gerank in die grys skemer. Met bewende hande het sy die hoofdoek van haar glimmende hare afgehaal en op die dorsvloer uitgesprei . . . 'n bleek vierkant. Haar hart het onstuimig in haar keel geklop . . . in afwagting.

"Het jy al ooit die watervalle gesien soos hulle daar in die ooste in die see instort, Rut?" streel sy stem. "Jou hare het in die maanligstrale, onderwyl jy gedans het, net so gelyk. Maar nou moet jy gou weggaan." Hy buk vinnig en skep met gebakte hande graan in die hoofdoek. Toe hy orent kom, was hy digby haar. Hy oorhandig die hoofdoek met graan aan haar en sê in 'n fluisterstem: "Vir Naomi. Gaan nou."

Die volgende oggend het Rut gesweef tussen die huiswerk wat skielik nie meer 'n sleur was nie. "Lieflike duif," het hy haar genoem. En soos 'n duif het sy deur die klein huisie gesweef, agtervolg deur die pyl van 'n wet waarvolgens slegs een woord van 'n ander man haar kon wegraap van die man wat sy bemin.

Mense met bloedbelope oë het traag maar doelbewus, almal in een rigting by hulle huisie verbygestap. Naomi het haar geroep. "Hulle sê daar's 'n vergadering van die oudstes belê. Dit moet iets belangriks wees. Kom saam met my, Rut."

Naomi het haar byna gesleep deur die skare mense heen wat om die oop markpleintjie by die dorpspoort saamgedrom het. Die ernstige oudstes het in 'n sirkel op klein stoeltjies plaasgeneem, hande op die knieë. Navon was daar, en Boas ook. Boas se uitdrukkinglose oë het dié van Rut vir 'n oomblik gevange gehou en toe na Navon geflits. Navon was net so verwonderd as die ander. Dog Boas was opgewonde, gespanne, gesagwekkend. "Hy moes seker net

so gelyk het," dink Rut, "geboë oor die boggel van sy snelvoetige kameel, terwyl hy die vlugtende Amelekitiese rowers agtervolg het."

Boas steek sy hand op en dan weerklink sy stem oor die skare. "Seuns van Betlehem, wees hierby getuie! Naomi, die weduwee van Elimelech, besit 'n klein stukkie grond en 'n huisie wat sy wil verkoop. Navon, seun van Eliav, as jy wil aanspraak maak op jou regte as die naaste bloedverwant, maak dit dan nou hier bekend."

Navon het opgestaan, heeltemal deur die wind as gevolg van Boas se uitdagende toon. Hy skud sy hooftooisel reg en gaan staan met sy een hand op die heup, fier, uitdagend, gereed vir 'n geveg. Sy donker blik vee oor die gesigte van die oudstes waar hy ook niks anders as verbasing te lees kry nie. Waarom nou hierdie skielike ophef oor 'n klein stukkie grond en 'n klein kleihuisie? Dan skud hy wrewelrig sy skouers en besluit.

"Naomi is my niggie, en haar land begrens myne aan twee kante. Ek sal haar land koop."

Boas bring die skare tot bedaring en stilswye met 'n gebaar van sy hand. Sy volgende verklaring klink byna na 'n oproep tot die wapen.

"Dis nie slegs land wat daarmee gemoeid is nie. Die land behoort nie aan Naomi alleen nie maar ook aan Rut, die weduwee van Naomi se seun. As jy die land koop, Navon, dan koop jy Rut ook, en die naam en persoon van Malon en sy vader Elimelech mag nie in vergetelheid verval nie. Want die land en die kinders sal nie joune wees nie, Navon, maar sal ewig aan Malon behoort."

'n Gerommel soos uit 'n dier se buik ontsnap die skare wat Rut verbaas aangaap. Die blikke van die twee manne egter, was prieme wat 'n kort en verwoede tweegeveg moes beslis.

Uiteindelik neem Navon 'n pas agtertoe, wat aanleiding gee tot nog 'n langgerekte sug uit die skare.

"Neef Boas," begin Navon, "my kinders sal my naam dra en niemand anders s'n nie. Moet die naam van Navon uitsterf in Judea vir Malon se onthalwe? Neem die land, Boas, en die Moabitiese daarmee saam."

Alle hoofde draai weer in die rigting van Rut, slank en regop, en alhoewel die bloed in haar are warm gebruis het, het sy uiterlik kalm en 'n toonbeeld van waardigheid gebly. Toe Naomi se hand in hare gly, het sy soos 'n skroef daaraan vasgeklem. Boas was weer aan die woord.

"As jou woorde jou erns is, Navon, moet jy dit formeel

herhaal voor hierdie regbank van die oudstes van Betlehem."

"Al wat aan Malon behoort het, is voortaan joune," het Navon verklaar terwyl hy buk om sy een sandaal uit te trek en dit aan Boas se voete neer te werp by wyse van afsluiting van die ooreenkoms.

Toe die oudstes hulle instemming skree, het Boas die sandaal opgetel en in die lug gehou. Hy het die skare met luide stem aangespreek, maar wat hy gesê het was eintlik meer tot Rut gerig as tot die mense. Hy het lank en diep na Rut gekyk.

"Seuns van Betlehem, wees vandag my getuie dat ek alles wat aan Naomi behoort, gekoop het, en ook dit wat aan haar man en twee seuns behoort het." Sy stem word sagter en donkerder. "Verder is julle my getuie dat ek ook daarmee Rut, die Moabitiese, tot my vrou gekoop het — sodat die naam van Malon sal bly voortleef."

"Die wet vereis dit," maal dit deur Rut se brein. Maar dit het nie meer saak gemaak nie. Malon se naam sal voortaan in die kronieke van Judea verewig wees.

Maar dit was Rut en Boas wat daardie naam moet laat leef . . .

Poësie

"Poëzie is, het zij nog eens herhaald, een resultaat, geen werking en op zich zelf bestaat ze niet."

Karel Jonckheere, in De Vlaamse Gids, 42/12, Des. 1958, bl. 717.

JAN SCHEPENS:

Grisaille

Grijs is de kleur van mijn land,
Niet het zilvergrijs der berken,
Maar het vuil egale grijs
Van cement en smeltend ijs.
Grauw is de mentaliteit
Van de ruwe meerderheid.
Zij dragen grijze kleren.
Grijs: kleur van het kleineren.
Grauw is de kleur van het geld,
Van de straat, de vuilnisbelt.
Grijs: de hemel en de hel.
Grijs: het ganse staatsbestel.
Grauw zijn de vlerken
Van meeuwen
En vledermuizen.
Grijs zijn de huizen,
Al eeuwen.
Grijs: de gelatenheid
Van wie vreugdeloos schrijdt
Naar de dood.
Grauw is het brood.
Grijs is de wet.
En wat nooit grauw zou mogen zijn,
De rust van 't bed.
O grijze pijn.

Grijs is de kleur van mijn land.

Geef mij de hemel van Griekenland.

Ahasverus

Ik loop verloren door de nachten,
'k Ben overbodig in de dag.
'k Word voortgejaagd door waangedachten
En opgezweept door kaud gelach.

Ik loop langs bomen, huizen, grachten,
Ontwijk gezelschap en gezag;
Want ik kan toch geen heil verwachten
Van al wat moet en wel eens mag.

Mijn leven, een verbitterd schrijden
Van sprookje naar absurditeit.
Het vege lijf, gedoemd tot lijden.
De ziel, een droom word en geen feit.

Komt dan de dag van het verval:
Ik los mij op in het heelal.

Herinnering

Voorbij de kim,
Een roze glim:
Uw aangezicht.

Daarachter ligt
Een land zo dood . . .

Eens, in het rood
Van 't avonduur,
Verging het vuur
Dat uw begeerde
Schoonheid verteerde.

Zo traag vergleed
Dit vreemde leed.

Mij, dorre boom,
Blijft nog uw droom,
Blijft nog de pijn
Van 't eenzaam-zijn.

Schoonheid

Schoonheid is broos
En meestal ver:
Alhier een roos,
Aldaar een ster.
Maar, o die ster
En deze roos
Stemmen mij ver
Van hopeloos.

P. J. CONRADIE:

Twee Tragedies — Antiek en Modern

Die wyse waarop die moderne dramaturg gebruik maak van temas wat hulle aan die antieke letterkunde ontleen, is 'n onderwerp wat besonder interessant is. Die dramaturg kan op twee maniere sy stof uit die oudheid neem. Hy kan 'n tema uit die mitologie of geskiedenis neem wat nog nie tevore in dramatiese vorm behandel is nie (of waaroor tenminste geen drama behoue gebly het nie). Voorbeelde hiervan is die *Eurydice* van Anouilh of, in ons eie letterkunde, *Periandros van Korinthe* van Opperman en *Germanicus* van Van Wyk Louw. In hierdie geval het die dramaturg natuurlik groot vryheid om sy eie interpretasie aan die mite of die geskiedenis te gee. 'n Ander moontlikheid is dat die dramaturg 'n tema wat alreeds deur 'n voorganger in die oudheid in dramatiese vorm behandel is, oorneem. Ook hier is die kunstenaar natuurlik vry om die stof op sy eie manier te behandel, maar hy is tog in 'n mate gebonde aan die werk van sy voorganger, al is dit ook dat hy daarteen reageer, en sy eie drama sal altyd met die oorspronklikheid vergelyk word. Tog is dit verbasend om te sien hoe deur die eeue die dramaturge weer in die antieke tragedies hulle temas gesoek het.

Die punt wat ek meer spesifiek hier wil behandel, is die vraag watter verband daar nou eintlik tussen die twee tragedies, die antieke en die moderne, bestaan: watter aanrakingspunte, watter verskille en watter toevoegings daar is. Dit is egter nie so maklik soos dit miskien klink om 'n antieke en 'n moderne tragedie te vergelyk nie. 'n Mens moet jou heeltemal indring in twee volkome verskillende geestesklimate om te kan beoordeel wat elke dramaturg hom voor oë gestel het, en jy moet veral versigtig wees om nie deur 'n vooringenome houding die een of die ander onbillik te veroordeel nie. Dus wil ek hier net twee moderne verwerkings behandel, albei van die Franse dramaturg, Jean Anouilh. Die een is sy *Antigone,* gebaseer op die *Antigone* van Sophokles, en die ander sy *Médée,* 'n verwerking van die *Medeia* van Euripides.

Wat gebeur nou as die moderne dramaturg 'n antieke tema weer behandel? Ek sien veral twee moontlikhede.

Hy kan die dramatiese konflik wat sy voorganger behandel het, oorneem maar dit in moderne terme weergee d.w.s. dit teken soos dit in ons moderne omstandighede hom sou voordoen. 'n Ander moontlikheid weer, is dat die oorspronklike konflik vir die moderne dramaturg geen aantrekkingskrag meer het nie, maar dat hy 'n element, wat maar 'n ondergeskikte rol speel in die ouer drama sien, daarop uitbrei en dit die vernaamste rol in sy drama laat speel. So kan hy, terwyl hy die uiterlike feite van die verhaal behou, daar 'n volkome ander betekenis aan gee.

By so 'n verwerking van 'n antieke tema kom die dramaturg se lewensbeskouing noodwendig ook tot uiting. Elke ernstige kunstenaar het 'n sekere kenmerkende benadering van die groot probleme van die lewe en dit sal in al sy werke merkbaar wees. Hierdie benadering sal hom ook laat geld, al neem hy sy tema van iemand anders oor, m.a.w. die kunstenaar sal sy kenmerkende beskouing van die lewe as 't ware plaas ín die intrige en in die karakters van die oorspronklike drama. Maar omdat in die ouer drama 'n vorige kunstenaar alreeds sy eie siening in die intrige en karakters tot uiting gebring het, ontstaan daar 'n ligte spanning tussen hierdie twee interpretasies. Die sukses van die verwerking hang m.i. af van die mate waarin die kunstenaar daarin slaag om hierdie spanning op te los. As hy daarin slaag om sy siening van die tema en die karakters te laat aansluit by dié van sy voorganger sodat 'n mens dit as 'n verdieping voel, dan kry die toeskouer 'n besondere bevrediging uit die drama. Maar as daar 'n te groot breuk is tussen die twee sieninge, bly die toeskouer altyd bewus van die twee verskillende interpretasies, en dit het 'n steurende effek. Aan die ander uiterste is daar natuurlik dié verwerkings waar die dramaturg hom hoofsaaklik daarop toegelê het om die intrige te verbeter en spannender te maak sonder om sy eie siening tot uiting te laat kom. In die Renaissance-tydperk het ons veral baie voorbeelde hiervan gekry.

Laat ons nou nagaan in hoeverre bogenoemde stellings van toepassing is op die twee dramas van Anouilh wat ek genoem het. Eerstens die *Antigone*. Eers 'n kort opsomming van Sophokles se behandeling van die tema. Na die dood van koning Oidipoes van Thebe het sy twee seuns, Eteokles en Poluneikes, met mekaar oor die opvolging getwis en eindelik is Poluneikes verban. Hy het egter by Argos hulp gaan soek en teen sy vaderstad opgetrek. Na 'n hewige geveg is die aanvallers verslaan, maar alleen

nadat die twee broers in 'n tweegeveg mekaar gedood het. Hulle oom Kreon neem die regering oor en bepaal dat Eteokles met eer begrawe moet word, maar Poluneikes onbegrawe gelaat moet word — iets wat vir die antieke mens 'n verskriklike ramp was. Dit is op hierdie stadium dat Sophokles sy drama laat begin. Antigone, dogter van Oidipoes, vertel die nuus aan haar suster Ismene en probeer haar oorhaal om haar te help met die begrawe van die lyk; Ismene sien egter nie kans om die maghebbers te trotseer nie. In die volgende toneel verskyn Kreon en gee 'n uiteensetting van sy beleid. Die staat is vir hom die belangrikste omdat almal se welsyn daarvan afhanklik is, en hy beoordeel elke persoon volgens sy houding teenoor die staat. Daarom het hy bevel gegee dat Poluneikes, die verraaier van sy land, so smadelik behandel moet word. Kreon is net klaar wanneer 'n wag op die toneel verskyn en vertel dat iemand die lyk begrawe het. Kreon is baie ontsteld en jaag hom terug om die oortreder te soek. As hy weer verskyn, bring hy Antigone saam. Nou volg 'n groot debat tussen Antigone en Kreon. Antigone verklaar dat sy die ewige wette van die gode meer gehoorsaam moes wees as die proklamasie van Kreon. Kreon bly egter by sy opinie dat alle verset teen die staat in die kiem gesmoor moet word, en as hy sien dat Antigone in haar standpunt volhard, laat hy haar weglei. Daarop probeer Haimon, die seun van Kreon en verloofde van Antigone, sy vader oortuig dat sy standpunt al te strak is en dat hy 'n fout maak, maar Kreon weier om kop te gee en vader en seun skei in toorn. Eindelik verskyn die siener Teiresias op die toneel en verklaar dat die gode oor Kreon se optrede vertoornd is. Kreon bly nog by sy standpunt maar na Teiresias se vertrek begin hy tog twyfel, en die koor haal hom oor om maar die lyk te gaan begrawe en Antigone vry te laat. Dit is egter reeds te laat. Antigone het haarself opgehang, Haimon deursteek homself toe hy dit ontdek, en nadat sy die nuus gehoor het, pleeg ook Kreon se vrou, Euridike, selfmoord. Aan die einde moet 'n verslae Kreon erken dat hy verkeerd was. In hierdie drama het ons dus die konflik tussen die eise van die staat, wat wet en orde moet handhaaf, en die individu wat die ewige wette stel bo hierdie eise.

Wat het Anouilh nou van hierdie tema gemaak? Merkwaardig genoeg het hy die motief van die onbegraafde lyk, wat vir die moderne smaak vreemd, ja selfs aanstootlik is, net so behou. Hy het hom ook in 'n groot mate gehou

aan die wyse waarop Sophokles sy drama opgebou het, en die tonele wat hy ingevoeg het. Maar dit is binne hierdie raamwerk dat hy groot veranderings aangebring het.

In die eerste deel van sy drama het Anouilh ook 'n gesprek tussen Antigone en Ismene oor die vraag of hulle die lyk sou gaan begrawe. Daarby het hy egter nog twee ander tonele gevoeg — een tusen Antigone en haar kamervrou, en een tussen Antigone en Haimon. In hierdie tonele word daar meer lig op Antigone se karakter gewerp: ons sien haar as 'n aanbidder van die natuur en as iemand wat ten spyte van haar vasberadenheid, tog ook soms die behoefte aan beskerming voel. In die toneel met Haimon sien ons dat sy hom hartstogtelik liefhet, en hoe swaar sy dit voel dat hulle nooit sal kan trou nie. Hier sien ons dus hoe Anouilh wysigings aanbring in die beeld wat Sophokles van Antigone gee. Sy is nie die strenge ongenaakbare heldin wat net deur een doel besiel word, wat hard en onsimpatiek teenoor haar suster optree nie; sy kry meer menslike trekke en daar is selfs teenstrydighede in haar karakter. Tog sluit hierdie veranderings by Sophokles se uitbeelding aan, want ook hy toon hoe Antigone vlak voor haar dood weeklaag dat sy die lewe moet verlaat en nooit die vreugde van die huwelik sal smaak nie.

Maar dit is in die toneel tussen Kreon en Antigone dat Anouilh die grootste veranderings aangebring het. In Sophokles is die debat kort en kragtig. Elkeen stel sy standpunt en hulle sien gou in dat daar geen versoening moontlik is nie. Daarom beveel Kreon dat Antigone weggelei moet word. Hoe anders is dit nie by Anouilh nie! Die diskussie tussen Kreon en Antigone duur veel langer en vorm die kern van die drama. En die vorm van die diskussie is eienaardig. Eintlik is dit 'n volgehoue aanval van Kreon op Antigone se standpunt, 'n desperate poging om haar te oorreed om nie haar daad te herhaal nie. Want Kreon wil Antigone nie doodmaak nie. Kreon is die tipe van die moderne staatsman wat vasgevang is in die masjinerie van die regering wat hy ten alle koste aan die gang moet hou. Hy het geen ideale, geen illusies meer nie; hy is 'n ontnugterde realis. Dit is dus nie uit 'n heilige oortuiging dat hy die begrafnis van die lyk verbied nie; hy wil dit eintlik nie doen nie (soos hy self aan Antigone erken) maar hy doen dit om die volk in bedwang te hou en hulle te wys wie baas is. Maar Antigone se daad plaas hom nou voor 'n moeilikheid. Hy wil haar nie doodmaak nie, maar as sy in haar verset volhard, sal hy gedwing

word om haar teen sy sin te dood. Dit is daarom dat hy so volhardend probeer om haar te oortuig dat sy optrede die enigste moontlike is. Daar moet mense wees wat die verantwoordelikheid van die regering op hulle neem en die gevolge moet dra, al moet hulle ook dinge teen hulle sin doen. Daar moet mense wees wat die wêreld aan die gang hou.

Maar as Antigone nie oortuig word nie, probeer hy vir haar bewys dat die ideaal wat sy nastreef, nutteloos en sinloos is. Die hele seremonie van begrafnis, waarvoor sy so baie opgeoffer het, beteken niks nie. Die priesters rammel dit so gou moontlik af om by hulle ete te kom. En as Antigone dit toegee maar nietemin by haar standpunt bly, wend Kreon 'n laaste poging aan. Hy vertel haar die hele onverkwiklike agtergrond van die twis tussen Oidipoes en sy seuns — hoe Poluneikes met sy vader getwis het omdat hy hom nie meer geld wou gee nie, en by een geleentheid hom selfs geslaan het; hoe hy daarna Thebe verlaat het, maar sluipmoordenaars teen sy vader gestuur het, en hoe selfs die deugsame Eteokles probeer het om sy vader uit die weg te ruim. En vir so 'n voorbeeldige broer wil Antigone nou haar lewe opoffer! Antigone word deur hierdie skokkende onthulling byna oorreed, maar as Kreon haar die raad gee om nederig elke stukkie geluk te aanvaar wat die lewe haar gee, rebelleer sy en verkies die dood bo so 'n lewe.

Die houding van Antigone in hierdie diskussie is ook eienaardig. In Sophokles beroep Antigone haar met volle sekerheid op die ewige wette om haar verset te regverdig. Maar in Anouilh is dit nie heeltemal duidelik waarvoor of vir wie sy sterf nie. Op een stadium as Kreon haar vra vir wie sy die dood getrotseer het, antwoord sy: „Vir niemand. Vir myself." Daarom het kritici gesê dat Anouilh Antigone verniet laat sterf het en sy drama van die waardes en geestelike inhoud van die oorspronklike tragedie van Sophokles beroof het. Maar m.i. het hierdie kritici een van die vernaamste aspekte van die drama nie raakgesien nie. In sy tekening van Antigone protesteer die dramaturg teen die rasionalisme, die "redelikheid" van ons tyd. Daardeur kan 'n mens vir enige moontlike saak, hoe sleg dit ook al is, 'n redelike argument aanvoer, en kan 'n mens bewys dat selfs die edelste saak tog eintlik sinloos is. En dit is waarom Antigone nie argument met argument beantwoord nie — in sommige gevalle sou dit inderdaad moeilik gewees het. Sy herhaal alleen dat sy nie wil

"verstaan" nie, sy wil nie gelyk hê nie. Sy het 'n instinktiewe aanvoeling van wat haar plig is, en dit is vir haar genoeg.

Daar is nog 'n aspek van Antigone se karakter waarop gewys moet word. Dit is dat die heldin weier om die kleinlike geluk, wat al is wat Kreon van die lewe verwag, te aanvaar — die geluk wat die mens, nederig en dankbaar, in klein stukkies moet ontvang, waaraan hy moet knaag, en waarvoor hy gedurig 'n kompromie moet aangaan, homself verkoop en sy ideale verloën. Dit is die lewe wat Kreon voer, en wat Antigone nie wil aanvaar nie. Sy wil absoluut lewe. So sê sy bv.: "As Haimon nie meer bleek moet word wanneer ek bleek word nie, as hy nie meer moet glo dat ek dood is wanneer ek vyf minute laat is nie, as hy nie meer moet voel dat hy alleen op die wêreld is en my verfoei wanneer ek lag sonder dat hy weet waarom nie . . . dan het ek Haimon nie meer lief nie!" Liewers as om so 'n lewe te aanvaar, wil sy sterf. Dit is 'n tema wat ons gereeld in Anouilh se dramas vind, dat sy karakters "geluk" verwerp omdat dit nie aan hulle ideale beantwoord nie. Ons kry dit ook in sy *Médée*. Hier het ons dus 'n voorbeeld van hoe die dramaturg sy kenmerkende benadering ook in 'n verwerking tot uiting laat kom.

As 'n mens nou Anouilh se drama as 'n geheel beskou, dink ek dat die gevolgtrekking geregverdig is dat ons hier 'n besonder geslaagde herskepping van die antieke tragedie het — m.i. een van die bestes van alle tye. Anouilh het die stempel van sy tyd en sy kunstenaarspersoonlikheid duidelik op die drama afgedruk, en tog op so 'n wyse by Sophokles se drama aansluiting gevind dat 'n mens dit eintlik voel as 'n voortsetting van Sophokles se werk.

Die tweede drama wat ek hier wil behandel, is dan die *Médée* van Anouilh, gebaseer op Euripides se *Medeia*. Laat ek weer eens 'n kort opsomming van Euripides se tragedie gee. Die held, Jason, is deur sy oom Pelias, wat die troon van sy vader afgeneem het, na die verre land Kolchis gestuur om die Goue Vlies te gaan haal. Die koning van Kolchis het allerlei onmoontlike take op hom gelê, maar Medeia, die dogter van die koning, het op hom verlief geraak en deur haar towerkuns hom gehelp. Eindelik toe Jason die Vlies gekry het, het Medeia saam met hom gevlug, en selfs haar broertjie gedood om die agtervolgers te vertraag. Toe hulle in Griekeland gekom het, het sy ook die dood van Pelias veroorsaak. Daarop is sy en Jason egter verban en moes na Korinthe vlug. Nou het Jason

besluit om Medeia te verlaat en met die dogter van die koning van Korinthe te trou. Dit is op hierdie punt dat Euripides se drama begin. Ons sien Medeia in haar groot droefheid, en haar dienaars maak sombere bespiegelings oor die vreeslike dade waartoe sy in haar huidige gemoedstoestand in staat sou kon wees. Dan verskyn Kreon, die koning van Korinthe, en beveel Medeia om onmiddellik die land te verlaat. Medeia kan hom nie oorhaal om die vonnis te herroep nie, maar verkry een dag se uitstel. Sy besluit nou om wraak te neem, maar weet nog nie presies hoe nie. Dan volg daar 'n heftige twisgesprek tussen Jason en Medeia. As Medeia daarna verneem dat sy 'n toevlugsoord in Athene sal kan kry, vorm sy haar wraakplan. Sy wil naamlik 'n betowerde kleed, wat haar sal vernietig, as 'n geskenk aan Jason se bruid stuur. En om Jason te straf, wil sy daarna haar eie kinders doodmaak. Sy laat Jason roep, gee voor om met hom versoen te wees, en stuur haar kinders met die kleed saam met hom. Maar nou ontstaan daar 'n vreeslike tweestryd in haar binneste tussen haar wraakgierigheid en haar moederliefde. Haar wraaklus seëvier egter en nadat sy die berig van die dood van Kreon en sy dogter gekry het, voer sy haar besluit uit. As Jason verskyn, is alles verby en Medeia ontvlug in die rytuig van die Son, haar grootvader. Die hooftema van Euripides se tragedie is dus die wraak wat 'n jaloerse vrou kan neem, en die tweestryd in haar binneste.

Wat het Anouilh nou van hierdie gegewe gemaak? Hoewel hy baie van Euripides se tonele in hulle uiterlike vorm behou het, het hy hierdie keer tog meer ingrypende veranderings aangebring. En dit geld veral die grond-tema van die drama. Die wraakmotief het Anouilh blykbaar nie soveel aangetrek nie en in sy tragedie laat hy die volle klem val op die verwydering tussen Jason en Medeia en die oorsake daarvan. Hy sien in Jason en Medeia twee persone wat nie bymekaar kan bly nie en tog ook nie sonder mekaar kan klaarkom nie. En as Jason dan die band probeer verbreek, het dit noodlottige gevolge. Die kindermoord wat by Euripides die klimaks vorm, kom ook by Anouilh voor, maar hy handel dit taamlik gou af; daar is geen verskeurende tweestryd by Medeia nie. Nee, die ware katastrofe by Anouilh kom wanneer Jason en Medeia nie daarin kan slaag om aansluiting by mekaar te vind nie. Tot op daardie stadium is dit nog onseker wat Medeia sal doen, maar daarna word sy byna teen haar sin op die pad van wraak voortgedryf.

In die eerste toneel kry ons alleen Medeia en haar kamervrou. Medeia het nog nie die nuus van Jason se voorgenome huwelik gehoor nie, maar word deur 'n groot onrus gekwel. Dan bring 'n boodskapper die nuus. Medeia voel dit byna as 'n soort bevryding; nou kan sy haar ongehinderd aan haar haat oorgee, en sy voel skaam oor die lang tyd wat sy soos 'n hond agter hom aan geloop het. Nou verskyn Kreon om haar te beveel om onmiddellik die land te verlaat. Anders as in Euripides, maar kenmerkend van Anouilh se heldinne, probeer Medeia hom oorhaal om soos 'n koning op te tree en haar te laat teregstel; anders sal hy nooit van haar ontslae wees nie. As sy nie daarin slaag nie, smeek sy hom om nog net die een nag te kan bly. In dié nag wil sy haar wraakplan uitvoer.

Maar nou verskyn Jason op die toneel en daar volg 'n lang gesprek tussen hom en Medeia wat, net soos die diskussie tussen Kreon en Antigone, die eintlike kern van die drama vorm. Dit is weer eens 'n merkwaardige gesprek met gevoelens wat geweldig baie wissel. Medeia probeer eers vir Jason oortuig dat hy haar nooit sal kan vergeet nie, dat selfs by 'n ander vrou hy altyd aan haar sal dink. Daarom, as hy van haar ontslae wil raak, moet hy haar liewer laat doodmaak. Maar Jason wil net vergetelheid en rus hê. Dan gaan Jason tot die aanval oor en vra Medeia of die wêreld vir haar dan ook altyd net Jason was. Medeia moet dit erken en byvoeg dat sy al geprobeer het om Jason by ander mans te vergeet maar dit net nie kon regkry nie. Deur hierdie erkenning wat aan Medeia ontpers word, word Jason tot medelye beweeg. Maar dit is die een ding wat Medeia nie kan verdra nie: sy waarsku hom dat sy nog gevaarlik is. Nou egter word Jason beweeg om sy hart heeltemal uit te stort. Hy vertel in aangrypende woorde van hulle liefde in die begin, hoe hy na 'n tyd hom opeens vir Medeia verantwoordelik begin voel het. Maar daarna het verskille begin opduik. Die kern van die moeilikheid was dat hy nie meer kon saamstem met Medeia se lewensbeskouing dat 'n mens altyd moet gryp en veg en dat alles toelaatbaar is nie. Hy wou nou die lewe aanvaar, al is dit met sy kleinlikhede, hy wil nie oral chaos sien nie, hy wil 'n klein plekkie van rus skep te midde van wanorde en nag; hy wil met sy eie hande 'n muur opbou tussen die onsinnige niks en homself. En dit is daar wat Medeia hom nie wou, of nie kon volg nie. Daarom moes hy haar verlaat.

'n Oomblik, een ademlose oomblik, lyk dit nog of daar

'n versoening tot stand kan kom. Huiwerend vra Medeia of Jason haar sou glo as sy sou sê dat sy nou wou probeer om saam met hom te lewe. Maar Jason sê beslis: "Nee" — en daarmee is alles afgelope. Medeia is nou besete deur 'n elementêre, dierlike wraakgevoel en nadat sy Jason se nuwe bruid en haar vader omgebring het, sterf sy saam met haar kinders in die vlamme van die karavaan wat hulle woning was.

Dit is merkwaardig om te sien ('n mens besef dit eintlik met 'n skok) dat Medeia se houding teenoor die lewe baie dieselfde is as dié van Antigone. Sy weier ook om die lewe in sy kleinlikheid te aanvaar. Maar wat is die verskil tussen die twee heldinne nie groot nie! Terwyl Antigone 'n tere, idealisties-gestemde prinses is, is Medeia realisties, hard en roekeloos. Maar dit is in wese ook die verskil tussen die oorspronklike Antigone en Medeia. Dit wys net hoe Anouilh sy besondere benadering kon aanpas by verskillende karakters.

Ons het nou die twee belangrikste faktore by die verwerking van antieke dramas bespreek — twee punte wat eintlik nie geskei kan word nie — nl. dat die dramaturg die drama moet herskryf in die geestelike sfeer van sy eie tyd, en ook sy eie persoonlike siening daarin tot uiting moet laat kom. Maar daar is nog een ander aspek wat 'n mens in die moderne verwerkings besonder opval. Dit is die uiters subtiele psigologiese ontleding van die karakters wat 'n mens daar aantref, veral as jy dit op hierdie punt met die antieke tragedie vergelyk. Die moderne dramaturg hou daarvan om soveel moontlik fasette van 'n karakter aan die dag te bring, en veral die innerlike teenstrydighede te beklemtoon; hy kan die mees verrassende interpretasies gee van 'n persoon se motiewe vir 'n bepaalde daad. Dink maar aan die diskussies tussen Antigone en Kreon, en tussen Jason en Medeia. Ek moet eerlik sê dat ek hierdie aspek van die moderne dramas besonder geniet, en sal selfs erken dat die Griekse tragedie soms vir my in vergelyking daarmee baie elementêr in sy psigologie voorkom. Maar lê die groot krag van die Griekse tragedie nie juis in sy vermoë om die elementêre, en ook net dit, bloot te lê en te beklemtoon nie? En is dit nie een van die redes vir die blywende invloed van temas uit die antieke tragedie dat dit net die absoluut essensiële gee, en dat daarom elkeen in sy eie rigting daarop kan voortbou nie? Daarom ook bly die studie van die Griekse tragedie nog steeds die moeite werd.

ANDRIES ALBERTS:

Die Boereplaas

O Boereplaas, Geboortegrond, vir jou
het ons geleef, geoffer wat ons kon;
ons huis en haard, ons hoop op jou gebou,
want heilig was vir ons, O Lewensbron,
jou sand, jou klei, jou stof: beminde aarde.
Naas God was ons geloof in grond geplant;
daaraan, as eerste en allerhoogste waarde,
ons liefde onvoorwaardelik verpand.
Met sweet en trane en vaak met bloed benat,
was jy die doel van toegewyde lewe,
veel meer as geld, beroep of ander skat
waaraan opreg die siel gedienstig klewe.
Beloon jy dan ons trou met ongekende
rampspoed, smarte, armoed en ellende?

2

Die hardste elemente
was vir ons vaderland
sy hegte fondamente,
in vastigheid geplant.
Geen tydelike tent
het ons dit toevertrou,
maar groot en permanent
die Boerehuis gebou.
Ontnugter uit ons drome,
vervlieg die vaste grond:
op werklikheid se strome
dryf dit soos borrels rond.
En in die losse vloed
meng armoed met ons bloed.

3

'n Jonkvrou het onskuldig
met skoonheid, vlyt en deugde,
beloftes menigvuldig,
'n hart laat spring van vreugde.
Haar minnaar het gedink
aan ridderdade edel:
'n man self mooi en flink
sou om haar liefde bedel.
Maar vir sy offerande
en toegewyde sweet
ontvang hy uit haar hande
'n lot onmenslik wreed.
Aan lyf en siel verwond,
gaan vrek hy soos 'n hond.

4

Met wange rond van rosekleur
en oë groot van pure glans,
as Boerebruid net op haar fleur,
het sy die drumpel oorgedans.
Haar hande sou die Boerehuis
versorg, versier, kunssinnig streel.
Haar siel sou ewig daarin tuis,
bewoon sy eie droomkasteel.
As moeder, vrou en Boeredame
sou sy hier werk, bemin en ly;
verdien sovele erename
uit dankbaarheid aan haar gewy.
Tog moes sy siek en sat van swerwe,
maar in 'n agterbuurt gaan sterwe.

5

O Middelpunt van ons Belange
waarom ons sielsbeegertes draai,
gedurigdeur ons drifte en drange
heen en weer en weerom swaai,
onlesbaar was ons dors na grond
en so intens die droomgedagte:
dit skep 'n voorsmaak in die mond
van ongebore nageslagte.
Al bly geloof in grond se waarde
die trouste anker van die gees,
al sou die godsdiens van die aarde
van lewensvreug die bronaar wees,
ontnugteringe wreed en fel
omskep die hemel in 'n hel.

A. ALBERTS:

Die Sterwende Boer

Die Dietse stam het oorspronklik diep in die vasteland van Europa die landbou en die veeteelt beoefen, maar as handelaars en seevaarders het hulle die Kaap aangelê. Hier ontstaan die Boerenasie wat die handel en die nywerheid vaarwel sê, en weer 'n vastelandse volk word.

Die nuwe nasie het die vasteland van Afrika ingetrek, dit beskaaf, en die Boererepublieke gestig. Die intrek was 'n wegtrek, nie net in geografiese sin nie, maar ook in ideologiese sin; want saam met die nasie ontwikkel sy lewensbeskouing weg van die Nederlandse af weg. Ook sy taal.

Terwyl die Hollandse sakeman se motiewe om die spil van ondernemerswins en berekende risiko draai, word die boerdery vir die Boer die Heelal waarin hy leef, en waarvan hy deels skepper en deels skepsel is. Sy houding teenoor grond word soos dié van die mistikus teenoor God. Hy is soos gras wat in die veld groei, en afgewei word, en in die winter afgebrand word. As vir hom gevra word: waarom boer jy? sou hy antwoord, waarom leef jy?

Weldra word die bestaanstryd van die Boerenasie so hewig dat dit keer op keer met ondergang bedreig word. Dit het elke uitdelgingspoging egter oorleef. En die woord Boer is in vreemde tale opgeneem om 'n volk aan te dui wat onmenslike smarte en verliese te bowe kom, en bomenslik vir sy onwrikbare geloof in God en in sy van God afgeleide bestaansreg kan opoffer.

Vandag is die bedreiging egter so dodelik dat die weerstand móét swig, net soos 'n droë hout móét brand as dit in 'n groot vuur gesteek word. Die boer van die Boerenasie is sterwende. Sy dood kom so ongemerk dat niemand dit besef nie. Daar bulder geen kanonne nie, daar vloei geen bloed nie, geen vlag word gestryk nie. Eers ná sy vreedsame dood blyk dit dat die boer uitgeboer is, dat sy lewensarbeid vrugteloos, sy loopbaan 'n mislukking was. Op die vader volg die seun, geslag op geslag, om die bittereinde uit te stel. 'n Seun was steeds beskikbaar om die armsalige boedel van sy voorvaders oudergewoonte oor te neem en sy lewe lank daaronder te wurg, totdat ook sý loopbaan winsloos eindig.

Uiteindelik is dit nou duidelik dat omstandighede — nie net pryse nie, maar baie ander faktore ook — die Boere-

lewenswyse absoluut onmoontlik gemaak het; dat die Boerenasie met sy hele Boerekultuur afhanklik was van 'n heelal wat opgehou het om te bestaan.

Die Boerenasie is dan ook geleidelik alreeds deur die Afrikanernasie vervang. En dit sal miskien bietjie later deur 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie, waarin die twee ou vyande Boer en Brit verenig is, vervang word. Daarvoor moet 'n derde nasie in vier eeue egter eers weer gebore word.

Die ou Boerenasie was altyd aan ontbering gewoond, maar die wêreld was so saamgestel dat dit darem kon bestaan. Daar was geen geld op die spel nie, geen uitgawes en geen inkomstes nie. Die enigste produksiemiddels was die ossewa, die ploeg en die roer. Die ossewa kon die boer self maak. Die geweer en ammunisie moes ingevoer word, maar dié het homself maklik uit die jag en met sy waarde as wapen betaal. Die wêreld het oop gelê en die grond was nog nie uitgeput nie. Onder sulke omstandighede kon die Boer 'n boer bly, en sou hy enige oorlog, plaag of ontbering oorleef.

'n Nuwe ekonomiese eeu het egter aangebreek, en die grondslag van die oue waarop die nasie gebou was het verkrummel. Dit het gepaard gegaan met omwentelinge van nie-ekonomiese aard, soos die herskommeling van die magsewewig in Europa, die ontstaan van Bantoestate in Afrika, en die industrialisasie van Suid-Afrika. Die nuwe patroon herinner aan die kontinentale omwentelinge wat die aardbol in sy evolusie-geskiedenis ondergaan het. Diersoorte het soms die toneel oorheers en dan totaal uitgesterf; want die wêreldklimaat waarby hulle aangepas was, het verdwyn. Die voorkoms van steenkool naby die suidpool dui daarop dat daar vroeër oerwoude gefloreer het waar vandag geen gewone plant meer kan leef nie.

Die ekonomiese faktor was en bly egter die vernaamste oorsaak van die volksramp. Duur produksiemiddele soos trekkers, hamermeulens, vragmotors en kunsmis moet nou vir geld gekoop word. Daarby kom die naturellearbeid wat oënskynlik goedkoop maar in werklikheid die duurste ter wêreld is. Dit maak boerdery 'n ingewikkelde raaisel van groot uitgawes en klein inkomstes, van geweldige risiko's sonder die hoop op 'n eweredige fortuin.

Die natuur is ook meer ongunstig as in ander lande met wie gekompeteer moet word. Vier misoeste agtermekaar: een deur droogte, een deur insekte, een deur te veel reën en een deur te kort aan geld om mee te saai is niks snaaks nie.

Al die jare moet die boer op sy kapitaal, sy hoop en sy gesin se uithouvermoë teer. Die boer se moed is dan ook spreekwoordelik: hy glo elke jaar opnuut dat hy volgende jaar sal slaag, maar volgende jaar word hy miskien deur al tien die plae van Egipte gelyk geteister. Hy boer teen 'n verlies en kan dit nie vir ewig volhou nie. Alles waarvoor hy en sy voorgeslagte gewerk het raak mettertyd verlore. Die nasie het dan ook klein gebly; want sy burgers se arbeid was vrugteloos.

Al beloning wat die boer gekry het was die erenaam dat hy die ruggraat van die land sou wees en 'n edele nasiediens verrig deur die vaderland van goedkoop voedsel te voorsien. In die stede het handelaars, nyweraars, amptenare, beroepslui en parlementariërs gefloreer, terwyl hulle werknemers en bediendes die goedkoop voedsel verbruik wat met die bloed van die Boerenasie geproduseer word. Dit moet egter sterk benadruk word dat die Boer nie die slagoffer van die stedeling of die Engelsman was nie, maar van sy eie noodlot. Die vrugteloosheid lê in die wese van sy lewenswyse ingeskape.

Ten einde raad het die nasie na die stede verhuis, waar die oorspronklike volkskarakter nie kon aanpas nie, en maatskaplike probleme in die agterbuurte geskep is. Terwyl die nasie gedwing word om na die stede te stroom en sy Boerekarakter af te sterf, het die oppervlakkige propagandakreet "Terug na die platteland!" mode geword. Die noodlot het egter nie daarna geluister nie. Dit het die platteland sadisties bly martel.

Somtyds het vertakkinge van die boerdery winste afgewerp. Enkele boere het selfs ryk geword. Die wynbou, volstruisvere, wol, sitrusvrugte, tabak, karakoelpelse, aartappels, kafferkoring, melk en vleis het elkeen op sy beurt die hoop op redding laat herleef. Voordat die Boer kan uitboer, moet hy immers eers opboer. Anders sou daar geen ontnugtering wees nie. Die meeste slagoffers sou dan uit die staanspoor 'n ander koers ingeslaan en teleurstelling vermy het. Die kern van die nasionale treurspel lê in sy illusie. Die lewenswyse wat vir die volk heilig was, was 'n heilige bedrog.

Boerdery wat deur stryd om geld geteister word, is geen boerdery in die ou sin meer nie; nie meer 'n vorm van lewe nie, maar van besigheid, en meesal slegte besigheid. Daar is geen plek in so 'n stelsel vir sentiment, ideaal, droom of liefde nie. Baie boere verkeer sedert lang in 'n posisie wat met dié van skipbreukelinge vergelyk kan word. Hulle

hele bewussyn bestaan uit kommer en sorge, kwelling en teleurstelling. Om die nasionale ellende te kan begryp, moet 'n mens jou indink in die liggaamlike en geestelike toestand van 'n groep skipbreukelinge waarvan sommiges, hoewel nie almal nie, besig is om te verdrink; en waarvan die oorlewendes deur 'n boot gered word wat op sý beurt óók weer sink.

Die Boer se hele lewe: sy aard, gewoontes, metodes, sy lewensbeskouing, sy geloof in grond, sy vertroue op God, sy liefde en sy denke, sy kuns en sy kennis was tot so 'n mate met sy lewenswyse vereenselwig dat dit hom deur 'n unieke volkskarakter onderskei het. Skeppinge van hierdie volkskarakter was onder meer die Boereplaas, die Boeretaal, die Boerehuis, die Boerekommando, die Boeretradisie en die vermaarde Boeregasvryheid. Dink nou wat van gasvryheid moet word waar elke oomblik in terme van stygende produksiekoste en dalende produktepryse gedink moet word.

Die geldekonomie het 'n materialistiese dwanggees opgeroep waar voorheen 'n idealistiese vryheidsgees geheers het. Dit vereis 'n nugtere sakevernuf waar voorheen arbeidsliefde genoeg was. Dit vereis grootskaalse ondernemings soos òf die kollektiewe plase van Rusland òf die kapitalistiese grondbaronnieë wat reeds hier posvat en wat in Rusland en in Pole maar net 'n natuurlike voorloper van die kollektiewe plaas was. Aan die Russiese model durf ons, weens die kleurvraagstuk, nie waag om te dink nie; maar die Bantoe is alreeds in die landbou-ekonomie geïntegreer, en vir hóm sou dit die ideale oplossing wees. Hieruit blyk hoe gevaarlik die posisie vir die westerse beskawing geword het. Dit hou 'n bedreiging óók vir die stedeling en dus óók vir die nuwe Afrikanernasie in, want as die platteland verlore is, kan die blanke in die stad ook nie meer bestaan nie.

Wanneer die stedeling met naweek na 'n piekniekoord gaan, moet die boer sy vee water gee omdat sy gehuurde veewagters dan bierdrink. Oor elke dingetjie wat hy nie self doen nie, moet hy toesig hou want hy werk met ongeskooldes. Van geen ander mens word soveel tyd, toewyding, opoffering, ontbering, inspanning, kennis en geduld verwag nie. Sy alledaagse lewe oortref die swaarste beproewinge van Job. As hy nog 'n winsie maak, gaan dit dadelik in die plaas terug. En dan, nadat hy 'n leeftyd lank, sestien uur per dag, Sondag inkluis, gewerk het en homself geen weelde of plesier veroorloof het nie, moet hy sy plaas

aan skuldeisers oorhandig en op sy oudag, gebroke en bekwaald, in 'n vreemde stad gaan werk soek.

Daarom ontvolk die platteland. Oral lê plase waar geen blanke meer woon nie. Die groot ysterklipmuurwoonhuis en die klipkraal is tekens dat daar eens 'n Boerefamilie gewerk, gely en misluk het; tekens ook dat hulle týdelik voorspoedig en gelukkig moes gewees het. Nou is daar net Bantoes wat werk, leeglê, skree en lag; en met perde en honde agter hase en tarentale jaag. Talle Bantoekinders speel daar rond, terwyl hulle moeders koskook en bierbrou. Hierdie bewoners besit nie die grond nie, maar beset dit wel. Hulle mielies staan daar in krom rye tussen kakiebos, kosmos en kankerroos. Iets sal hulle egter wen. Hulle het die grond nie gekoop nie, en hoef dus nie veel per morg te wen nie; want hulle hoef geen rente te dek of verbande te betaal nie. Hulle ploeg met osse en het geen kostes aan brandstof en trekkers nie. Hulle lewenstandaard is laag maar doeltreffend. Hulle het hoop: die hoop om die grond te beset totdat hulle dit besit.

Wie die eienaar is kan 'n mens probeer raai: Dit mag aan erfgename behoort wat die plaas verlaat het voordat hulle ouers oorlede is, en by die dood van die ouers reeds in die nywerhede gevestig was. Dit mag aan 'n spekulant of aan 'n weduwee behoort. Dit mag aan 'n boer behoort wat gaan werk het, en wie se vrou ook werk, om die skuldelas wat op die plaas rus, af te betaal; want hulle wil nie graag die grond waarin hulle en hulle voorgeslagte al hulle arbeid verloor het, verloor nie. Hulle probeer dit red. Dit mag aan 'n amptenaar behoort wat dit met sy spaargeld gekoop het in die waan om, wanneer hy aftree, daarop te gaan boer. Hy sal die uitgawes dan met sy pensioengeld kan bestry. Dit mag aan 'n persoon behoort wat 'n inkomste elders het, en die plaas sommer aanhou.

Die teenoorgestelde sien 'n mens ook wel: 'n plaas met 'n nuwe siersteenwoonhuis. Jy hoor ook van boere met 'n bruto inkomste van duisend pond per maand. Jy hoor van landbouskole, waar duisende geesdriftige seuns as boere opgelei word. Verder hoor jy gedurig hoe die twee ministerieë van landbou en landbou-ekonomie maatreëls tref om bewaringsboerdery te bevorder, en om boere wat deur luise geteister word te help. In landboutydskrifte sien ons duur tentoonstellingdiere, en lees ons van groot suksesse met nuwe metodes. Dit alles weerspieël rykdom en vooruitgang. Daar is boere wat vir hulle naturellewerknemers groot behuisingskemas oprig. Daar is miljoenêrs wat boer!

Dis egter juis hierdie kant van die saak wat mense se logika in die war stuur. Al sou aangeneem word dat dit met sestig persent van die boere so uitmuntend goed gaan, wis dit die feit nog nie uit dat die Boerenasie aan 't kwyn is nie. Dit het immers in die verlede net so uitstekend goed gegaan; maar nogtans desnieteenstaande was die armblankevraagstuk daar en het die volk na die stede verhuis. Die groot euwel wat dit nie verhinder nie, is die integrasie op groot skaal van die Bantoe in die landbouekonomie. Afgesien van die mooi skyn is die enkele ryk boer wat vir sy naturelle modeldorpies laat bou, in roue werklikheid 'n slegte teken: die voorspel van 'n nasionale ramp. Want dit beteken dat die Bantoe permanent daar gevestig word om die Boer te vervang of met getalle te oorheers. Tien Bantoekinders vir een blanke kind is op baie plase normaal.

Gepraat van duisende studente wat in landbouskole opgelei word, mag 'n mens miskien vra waar hulle vrouens gaan kry. Daar is nie meer genoeg Boeredogters op die platteland nie. Die Boeredogter, die trots en sieraad van ons volk, is ook aan 't verdwyn. Toe 'n onderwyser in 'n beroepsvoorligtingles vir 'n groot klas gevra het wie van hulle boere en boerinne gaan word, was daar nie een nie. Hulle het eenparig geantwoord dat hulle ouers te veel swaar moes ly. Gepraat van die nuwe siersteenwoonhuis mag gevra word wat daar binne in gely en gedink word. Miskien sê die vader vir sy enigste seun: "Ek sal jou help om jou graad te behaal, maar jy moet nie verwag om grond van my te erf nie, want die verbandhouer sal dit erf. Jy moet gaan werk, en as jy in Amérika kan werk kry, des te beter!"

Statistieke toon dat bona fide boere verminder, maar die mate van nasionale ontnugtering, ewigdurende lyding, kan nie in syfers uitgedruk word nie. Die Sterwende Boer was nie net in die stoflike sin, wat statistieke meet, 'n boer nie. Hy was dit ook na die siel. Hy was soos 'n boom in die aarde gewortel en raak nou ontwortel. Behalwe sy geloof in God, het hy sy geloof in grond gehad. En die dubbele geloof waarin sy siel geanker was, is dood. Saam met die Boerelewenswyse sterf ook die Boeregeloof. Die Boer was in sy tyd 'n eerbare Burger, wat sy vaderland met sy hande kon opbou en met sy roer kon beskerm. Vandag voel hy homself 'n nuttelose oorlas, 'n minderwaardige sukkelaar, sommerso 'n ding, wat niks meer as versmaaide goed in 'n eeu van oorproduksie kan skep nie. Hy voel homself die enigste arbeider wat, sedert Christus se uitspraak, sy loon *nie* waardig is *nie*.

Een van die oorsake van die Groot Trek was dat die Voortrekkers geen pryse vir hulle produkte kon kry nie. Vandag is die klagte nog steeds daar, en erger. En in die tussentyd is die boer liggaamlik en geestelik doodgefolter. Daarom is ook die Boerekultuur sterwende. Daar is geen teken van die nuwejaarsfeeste, verjaardagvierings, bruilofte, en ander byeenkomste waar die ou Boerespeletjies en Boeresport soveel nasionale plesier verskaf het nie. Afrikaners beoefen vandag wel volkspele, vleisbraaiaande, toneelstukke, skoolsport en jukskei; maar watter atleet oefen nog sy spiere op ongekunstelde wyse met kussinggevegte, dooimandra, sweepstokoptel, stoktrek, skilpadtrek of hoenderhaanskop? En watter seun kry nog sy eerste soentjie met pandspeel? En watter jongmense ontmoet mekaar nog by geleentheid van die byna alledaagse siembamba, boompieverplant, Doortjiepasop of 'n ander Boerespeletjie? Hierdie kultuur was die kontakpunt tussen Boeredogters en Boereseuns, en was essensieel vir 'n gesonde en sedelike gesinslewe later.

Die nasionale tragedie kan nie deur statistieke nie, maar wel deur die kuns weerspieël word. Sedert die ontstaan van die Afrikaanse letterkunde is die armblanke-vraagstuk dan ook daarin weerspieël. In die plaasromans van C. M. van den Heever word die Boerenasie se verbondenheid met die plaas, wat sy wortels diep in die aarde inskiet, uitgebeeld. Ander skrywers het die bywonerslewe uitgebeeld. Hierdie tipe Afrikaner is vandag nie meer sterwende nie, maar het reeds totaal verdwyn. En nou sien ons eers hoe waardevol hierdie tipe was. Ons mis hom en rou oor sy heengaan. Ander skrywers het die euwel van plaasverdeling raakgesien, en ander het die geestelike ontwrigting van die volksverhuising sterk aangevoel.

By Van den Heever het die idee van 'n kringloop van die lewe nog die hoop veronderstel dat die boer sterf omdat hy deur sy seun opgevolg moet word. Vandag is dit duidelik dat hy nie deur sy nageslag opgevolg sal word nie, maar die slagoffer is van 'n noodlot soos dié van die uitgestorwe Dinosaurus. Ons ondervind tans dat die lewe doodloop waar dit by dood of mislukking eindig. Al die hoop, al die geloof, al die strewe was tevergeefs.

In die romans van Tolstoi en Dostojefski word 'n soortgelyke noodlot aangevoel, waarteen hierdie skrywers ontvlugting in die godsdiens gesoek het. Ook die Russe het immers 'n fatale strik afgetrap. Die ou orde is uitgewis en genadeloos deur die kommunisme vervang. Die oue het

gesterf sonder om 'n erfgenaam na te laat. Die nuwe is die wildvreemde, die gans anderse. Daar is geen verband of kontinuïteit nie. Wat dood is, is heeltemal dood.

Soos die Rus destyds, staan die boer vandag van aangesig tot aangesig met die absolute dood, die ewige onsin op die eindpunt van die lewe. Hy kan nie meer leef nie, omdat die atmosfeer waarin hy asemgehaal het nie meer bestaan nie. Hulpeloos moet hy toeskou hoedat die aarde waarin hy wortelskiet, en wat hy 'n onverganklike werklikheid geag het, onder sy voete verdwyn.

In ons letterkunde sal die Sterwende Boer weldra net so onsterflik as die Vlieënde Hollander wees, en miskien meer fantasties of legendaries nog. Dis wreed om te sê, maar ons eie dood is die enigste eg-Afrikaanse tema wat ons tot die wêreldliteratuur kan bydra. Dis geskik vir dramatiek, epiek, liriek, satire en operamusiek. Dis die Afrikaanse eweknie van die Hebreeuse Job, die Griekse Oidipoes, die Engelse Lear. Dis die dood van 'n nasie, die ondergang van 'n hedendaagse Troje.

Kunswerke soos Oidipoes, Don Quichote en Faustus kan daaruit voortspruit. As 'n Boereseuntjie gebore word en sy oupa gee hom, ooreenkomstig Boeretradisie 'n verskalf present om mee te begin boer, is hy so deeglik as Oidipoes gedoem, onbewus deur sy oupa vervloek! Soos Quichote is die boerende boer die ridder van onpraktiese ideale wat sy dood in die windmeul van winslose arbeid vind. Soos Faustus het hy sy siel aan die Bose verkoop, maar anders as Faustus, was hy 'n slegte besigheidsman. Hy het hom laat kul. Die Boereduiwel het hom met vals munt betaal.

PAUL M. BESTER:

Ek Is die Os

Saam stoot die os
die juk wat die ketting hou.
Agter krul die grond
wat oor die holvoor vou.
Die drywer is ek
en ek is die os
wat die trens
aan die skakel hou,
wat beur met mag . . .
met al my krag . . .
Die warm son
brand my rooi bloed bleek;
seer is my skof
wat die elshout skuur
tot die kwasnaat blink
tussen die skeie pronk.
God gee dat die akker vaal
klaar in sy voue rooi mag lê . . .
Gee my die groen van die veld,
gee my die stroom by die krip . . .
gee my die rus
waarna ek so smag . . .
Dan brand oor my heup
die voorslag se punt.
Want die drywer is ek
en my voete is seer;
ek is moeg
van die dag se werk.
God gee dan tog
dat ek ook mag rus,
die vryheid mag adem
wat doer, daarbo . . .
die blou lug so kus
en . . .
mag rus by die stroom,
ek en my maat.
God gee dat die akker
tog klaar mag wees.
Gee ons tog rus . . .
Die os en ek.

F. J. SNIJMAN:

Iets oor Styl en Stilistiek*

Met die begrippe "styl" en "stilistiek" kom ons tot die gebied van die geesteswetenskap, nl. tot dié gedeelte daarvan wat handel oor taaluitinge, veral geskrifte, en in die besonder geskrifte van letterkundige aard. Hierby het die woord "styl" betrekking op vormaard of vormwyse, en dit kan toegepas word op die vormeienskappe van 'n werk, of ook op dié van 'n aantal samehangende of verwante werke, soos van 'n persoon, 'n geslag, 'n tydperk, 'n kultuur. Styl is dus 'n begrip wat 'n wye gebied bestryk, maar dit het sy kern min of meer daarin dat dit 'n eienaardigheid, 'n patroon of 'n vormwyse uitlig uit 'n geskrif of 'n aantal verwante geskrifte ten einde hierdie voorwerp(e) deur middel van die vorm te karakteriseer of te interpreteer. Die stilistiek is die studierigting wat hom met vraagstukke van hierdie aard besighou: dit ondersoek die styl. Omtrent sy sistematiese plek is daar nog nie juis eenstemmigheid nie; maar omdat dit gewoonlik sy voorwerpe uit die literatuur kies en daarby hoofsaaklik van die strukturele aspek van die materiaal uitgaan, sal ons dit hier maar beskou as onderdeel van die literatuur-wetenskap, wat berus op 'n ontleding van die taalvorm in breë sin. Dit neem egter nie weg dat die stilistiek, soos later sal blyk, hom bedien van metodes wat wesenlik onafhanklik is van die literêre objek nie.

Waarom die stilistiek gewoonlik sy studievoorwerpe op hierdie gebied kies, kan moontlik verklaar word uit die besondere aard van letterkundige werke. Met verloop van tyd het die literêre werk min of meer outonoom geword en hom gaan afskei van geskrifte van ander aard. Dit het hom selfs daarteenoor gaan stel as dié kategorie waarin 'n eie wêreld saamgestel en aangebied word sonder bybedoelinge soos van beriggewing of lering. Deur die afwesigheid van sulke bybedoelinge het die vormingskragte hier dus vryer spel as wanneer die taalproduk diensbaar is aan 'n doel wat as voorwaarde 'n beperking oplê: die skrywer is vry om sy eie vormwyse te kies. Die produk is reeds tradisioneel die voorwerp van beskouing, kritiek en interpretasie.

---

* Met spesiale verwysing na W. Gs. Hellinga en H. van der Merwe Scholtz: „Kreatiewe Analise van Taalgebruik" (N.V. Noord-Hollandsche Uitgevers Mij. — Amsterdam / J. L. van Schaik, Bpk., Uitgewers — Pretoria, 1955).

Van die vraagstukke wat in hierdie verband al vroeg aan die orde was, is dié wat gaan oor die verhouding tussen die kunstenaar en die kunsproduk wat hy voortbring. Omdat die werk iets kenmerkends van die outeur vertoon, terwyl invloede van elders soms ook daarin gesien kan word, is gesoek na 'n oorsaaklike verband. Sekere styltrekke kon geïnterpreteer word as die gevolg van invloede en vir die res kon 'n psigologiese verklaring gesoek word. Die bekende uitspraak van Kloos: Kunst is de allerindividueelste expressie van de allerindividueelste emotie, verteenwoordig 'n insig wat ook op hierdie gebied van diens kon wees. Dit kan naamlik so geïnterpreteer word dat uit die kunswerk as resultaat die aard van die oorsaak psigologies afgelei kan word, en dat die resultaat dan beskryf kan word in terme van die oorsaak, as die uitdrukking, uitwerking van die oorsaak. Op hierdie manier is bv. sekere styleienaardighede wat hul herhaaldelik voordoen in die loop van 'n werk of aantal verwante werke herlei op sekere psigiese komplekse van die outeur as aktiveringsentra by die skepping. Leo Spitzer se manier bv. was eenvoudig "drauf los zu lesen bis einem etwas Sprachliches auffält. Stellt man etwa mehrere sprachliche Beobachtungen zusammen, so lassen sie sich gewiss auf einem gemeinsamen Nenner bringen, und so lässt sich gewiss auch die Verbindung zum Seelischen hin ziehen" (daarop los te lees totdat iets in die taal opval. Word nou meerdere taalwaarneminge saamgevoeg, laat hul hul stellig op 'n gemeenskaplike noemer bring en laat die verbinding na die psigiese hom ook stellig trek). En verder: "Erst die Häufigkeit einer Erscheinung lässt den Schluss auf eine seelische Konstante zu" (eers die veelvuldigheid van 'n verskynsel laat 'n gevolgtrekking ten opsigte van 'n psigiese konstante toe). Sy doel ag hy bereik "wenn ich die Mitte einer Persönlichkeit gefunden habe, den Punkt (oder innere Schicht, den Kreiss) von dem aus alle seine Äusserungen (vor allem seine sprachlichen) begreiflich werden" (wanneer ek die middelpunt van 'n persoonlikheid gevind het, die punt (of die innerlike laag, die kring) van waaruit al sy uitinge (veral sy taaluitinge) begrypbaar word). — (L. Spitzer: Zur Sprachlichen Interpretation von Wortkunstwerken, in Neue Jahrbücher für Wissenschaft und Jugendbildung, Jg. 6, p. 632-3; Stilsprachen, p. 531). Die resultaat van sy ondersoek wil hy dan nog toets aan die sieleaard van die betreffende kunstenaar soos dié uit die literatuurgeskiedenis bekend is.

Nou is een van die uitvloeisels van so 'n werkwyse dat die kunswerk, waar dit in die eerste plek om gaan, gevaar loop om meer middel as doel te word. Ons kan so toegespits wees op psigiese oorsake en hulle werking dat die kunswerk self na die tweede plan verskuif. Dit bring ook die gevaar mee dat slegs sekere eienaardighede van 'n werk, nl. dié wat hulle op 'n onsamehangende wyse sporadies herhaal, die nodige aandag ontvang en dan nog omgesit word in 'n stelsel van 'n ander orde. Positief egter moet hierin 'n poging gesien word om verskynsels te verantwoord wat verder strek as die enkele werk. Want ook dié breëre aspek behoort tot die terrein van die wetenskap. Teenswoordig is die teorie geneig om hierdie algemener gesigspunte uit die oog te verloor en om slegs die enkele geval in sy isolement te erken en te ondersoek.

'n Verandering in die toestand is teweeggebring deur 'n verandering in die manier van benadering. Die voorafgaande studies het die insig van uitdrukking van die oorsaak, as werking van siel of persoonlikheid, na vore gebring. In die nuwe is uitdrukking opgevat as nabuitestelling van 'n inhoud en die resultaat as beliggaming. Hierdie liggaam is die werk self en dit vorm die enigste feitlike gegewe en voorwerp van ondersoek. So 'n uitgangspunt vereis 'n metode van ondersoek wat sodanig is dat die verkrege resultate op die voorwerp terugwerk as deurligting daarvan. Analise en sintese moet as 't ware dieselfde "middelpunt" gegee word.

Soek ons nou na so 'n metode, dan is daar enkele aspekte wat hulle as leidrade aandien. Die eerste is dat die werk gevorm is in en deur middel van die taal. 'n Ander is dat elke taalwerk, veral 'n taalkunswerk, as 'n selfstandigheid bestaan waarin die gerigte vormingskragte hul voordoen in die gestruktureerde vorm, waardeur 'n werking uitgeoefen word wat beantwoord aan die eise van die opset. Dit gee aan die werk as selfstandigheid 'n bepaalde georiënteerdheid, wat in die werk aanwesig is as 'n organisasiebeginsel, as 'n eenheidswyse waarop dinge gesien en uitgebeeld is. Hierdie gegewens is in hoofsaak vir 'n ondersoek voldoende.

Ons let eers op die taal as middel van vormgewing.

Taalkuns onderskei hom van ander kunste o.a. deur die aard van sy materiaal. In die beeldende kuns sal ons bv. kan sê dat by die vormgewing rekening gehou moet word met die aard van die materiaal, maar die materiaal sonder meer het maar min strukturele aanknopingspunte. 'n Mens

kan nie veel vormgegewens aflei uit die aard van klip of sement nie. Ewemin kan 'n mens die eienskappe van geluid in musikaal strukturele sin interpreteer.

Met die taal is dit egter anders. Taalgebruik impliseer 'n taalstelsel. Die gebruikte woord impliseer 'n strukturele funksie of 'n betrokkenheid in taalsistematiese sin. Die woord self bestaan uit 'n geluidliggaam wat 'n betekenis dra. As teken met 'n betekenis is dit dus 'n simbool. As ons dit gebruik, dan stel dit nie in die eerste plek homself in die brandpunt van ons aandag nie, maar wel die saak waarvan dit die teken is. By "Stellenbosch" bv. dink ons nie aan die verbinding van klanke nie, selfs nie aan Van der Stel en bos nie, maar aan die dorp wat die naam dra. Dit word genoem die werklikheidstellende aspek van taalgebruik.

Word sekere woorde nou volgens die eise van die taalstelsel opeenvolgend verbind in die tyd, dan word trapsgewyse 'n stukkie werklikheid opgebou wat aan die end van die beweging as 'n rustende gegewe geken word. Gedurende die vormingsproses bly die verskillende woorde binne 'n sekere bestek, soos dié van die sin, werksaam aanwesig en bepaal mekaar onderling totdat die rustende vorm bereik is. Ons sien dit bv. in die terugwerking van *nie* in *ek gaan nie,* in die verspreide werking van *darem* in *hy kan darem werk,* of in dié van die bepalings in *Die osse stap aan deur die stowwe,/Geduldig, gedienstig, gedwee.* Hierdie werking word moontlik gemaak deurdat ons die woorde al gaande onthou, maar ook deur die aard van die woord, wat in gebruik 'n werksame veld skep wat bestaan in geaktiveerde verbindingsmoontlikhede op taalsistematiese gebied en in hoedanigheidswerkinge op die vlak van die benoemde sake in die gegewe verband. Dink bv. aan die verskillende hoedanighede van *man* wat na vore tree in die verskillende verbande: *aag, kom man!, man en vrou, my man doen kantoorwerk* en *hy was darem 'n man!*

Na hierdie paar inleidende opmerkinge oor die taal kan, alvorens op die ander "leidraad" te let, kortliks ingegaan word op 'n stilistiese metode wat in ons land bekend geword het deur verskeie proefskrifte en wat gegrond is op die verskillende aspekte waardeur taalgebruik gekenmerk word. Bedoel word die stilistiese metode soos dit ontwikkel is deur die skool van Hellinga in Amsterdam. Prinsipieel is dit uitgesit deur W. Gs. Hellinga en H. van der Merwe Scholtz in 'n boekie getiteld Kreatiewe Analise van Taalgebruik. Dit is die sg. stilistiek op linguistiese grondslag.

Hoofsaak is hier die ondersoek van taalwaardes binne 'n bepaalde geval van taalgebruik in hulle betrokkenheid op dié geval (p. 76). Die "geval" slaan op enige voorbeeld van taalgebruik, dus nie noodwendig op een uit die literatuur nie. Die "taalwaardes" wat ondersoek word, slaan op die funksies van die woordsimbole binne 'n taalgebruikseenheid, wat ook 'n sitaat kan wees. Nie alle vorme word egter ondersoek nie, maar slegs dié wat vir die ondersoeker as problematies voorkom. Die primêre eenheid wat by die ondersoek as basis dien, is blykbaar die sin. In die probleembeperking toon die metode, soos dit deur die twee skrywers uiteengesit is, 'n belangrike verskil met dié wat deur Scholtz gevolg is in sy proefskrif oor "Die Towenares" van Marais (Sistematiese Verslag van 'n Stilistiese Analise — H.A.U.M./J. H. de Bussy, Amsterdam, Kapstad, Pretoria, 1950). Daarin was die doel om die taalsituasie volledig te analiseer en alle vormstrukturerende momente te agterhaal. Die gevolg was die "proefskrifte oor een gedig", soos werke volgens hierdie metode deur sommige kritici betitel is.

Die aspekte wat hul as probleem kan aandien, kan blykbaar geleë wees op die gebied van die klankvorm of versvorm by gedigte, op dié van die woordvorm, bv. by nieuvorminge, op dié van die taalsistematiek en sintakses, op dié van die werklikheid wat deur die taalvorme gestel word, of ook op dié van die realiteit as daar 'n teenspraak is tussen gekende realiteit en taalwerklikheid.

Al hierdie aspekte word behandel volgens een samevattende beginsel, nl. dié van integrasie.

Op die gebied van die klankvorm by verse beteken dit integrasie van die leë vorm, wat eintlik net as skema met rym- en metriese eienskappe bestaan, en die taalvorm wat hom daarbinne ontvou. As illustrasie word hier, en ook verder, gebruik gemaak van die voorbeelde wat deur die skrywers self gekies is. In "Die Smid" van Marais kom die reëls voor: "Blaas hoog die vlam,/ geen floue trek of tam!" Die *tam* aan die end pas in die metriese patroon en in die rymskema, maar sintakties word dit nie normaal gebruik nie. Gevolglik is daar in hierdie geval nie die gewenste integrasie bereik nie.

Die skrywers behandel hierdie aspek nie uitvoerig nie, miskien omdat dit as konsekwensie sou vereis dat die leë vorm self ook, om by die opset aan te sluit, as betekenisdraend in linguistiese sin geïnterpreteer sou moes word.

Op die gebied van die taalvorm kom die problematiese

voor wanneer dié gebruik van 'n woord of wending opvallend, ongewoon is. In sulke gevalle word nie alleen die werklikheid wat deur die taal gestel word as saak opgeroep nie, maar die vorm self word ook versaaklik.

As voorbeeld van so 'n dubbele versaakliking dien die volgende reëls van Pierre Kemp:

Vandaag wil ik licht glimlachen
voor wie geglimlacht licht wil zien.

In die eerste reël van hierdie aanhaling kan *glimlachen* op die gewone manier intransitief gebruik wees: ligweg glimlag. Maar met *geglimlacht* word dit transitief gegee op 'n abnormale wyse, sodat *licht* voorwerp word. Hierdie insig gaan nou terugwerk op die eerste *glimlachen,* wat saam met *licht* in die tweeledige funksie tree van ligweg glimlag sowel as van lig laat ontstaan deur te glimlag. Taalvorm en taalwerklikheid is hier in die konteks geïntegreer.

Hierdie geval kan ook as voorbeeld dien van wat volgens hierdie metode behandeling vereis op sintaktiese en taalsistematiese gebied. *Glimlachen* lewer 'n probleem omdat dit teen die normale in in *geglimlacht* oorganklik gebruik word. Taalsistematies is daar egter 'n oorganklike sowel as 'n onoorganklike gebruikskategorie. Met *geglimlacht* word *glimlachen* oorgeskakel na 'n kategorie waarin dit normaal nie tuishoort nie. Die oorskakeling bring mee dat aan die eerste gebruik van die woord nou 'n tweeledige funksie gegee word wat berus op taalsistematiese grond. Die sistematies normale sowel as die anormale is dus tegelyk gegee en tree tegelyk werksaam op.

In die vierde plek kan 'n konflik hom voordoen tussen die feite van die taalwerklikheid soos dié in die konteks gegee word. As voorbeeld word deur die skrywers o.a. 'n geval uit "Die Towenares" van Marais genoem. Die gediggie lui:

Wat word van die meisie wat altyd alleen bly?
Sy wag nie meer vir die kom van die jagters nie;
sy maak nie meer die vuur van swart-doringhout nie.
Die wind waai verby haar ore;
sy hoor nie meer die danslied nie;
die stem van die storieverteller is dood.
G'neen roep haar van ver nie
om mooi woorde te praat.
Sy hoor net die stem van die wind alleen,
en die wind treur altyd
om hy alleen is.

In die vierde versreël word gesê: Die wind waai verby haar ore. Waarom die ore genoem word as betrekkingspunt tussen die meisie en die wind is 'n vraag waarvan die antwoord slegs deur die konteks gelewer kan word. Nou blyk dit dat die meisie na hierdie versreël alles deur die gehoor ervaar. Daarom word sy slegs in haar hoorhoedanigheid t.o.v. die wind gegee. Vandaar dat *ore* hier kontekstueel geïntegreer is.

In die vyfde plek kan 'n konflik geskep word tussen taalwerklikheid en realiteit soos ons dié uit die ervaring ken. 'n Gebied waarop hierdie vraagstuk deurlopend aan die orde is, is dié van die metafoor, d.w.s. dié taalgebruiksverskynsel waarby 'n ervaringsaak aangedui word deur middel van 'n ander wat slegs in sekere opsigte daarmee saamval; bv. hy is 'n parasiet, sy is 'n ster. Die taal stel by die metafoor 'n werklikheid wat begryp moet word as 'n ander werklikheid. Om as metafoor geslaag te wees, moet die taalwerklikheid dié aspekte van die realiteit uitlig wat in die verband gepas sal wees.

Dieselfde tipe van konflik sien die skrywers ook in die aangehaalde "Towenares" in die reël "Die wind waai verby haar ore". Waarom *verby* en nie *om* nie, word gevra. Die antwoord deur die konteks gegee: die meisie is altyd alleen, so alleen dat selfs die wind aan haar verbygaan. Bowendien waai die wind hier in 'n primitiewe wêreld waarin die personifiëring heeltemal gepas is. Die voorstellingswyse is dus verantwoord uit die oogpunt van integrasie.

Maar dan: as die primitiewe as beoordelingsbeginsel gebruik word, beteken dit dan nie die invoering van 'n buitekontekstuele beginsel nie? Die skrywers verantwoord dit deur daarop te wys dat woordwaardes nie histories konstante groothede is nie. Vir 'n juiste beoordeling in 'n bepaalde geval moet hul dus (histories) sosiologies gepeil word. In hul eie woorde: "Vir die linguis is die sluitstuk van die taalgebruik die konfrontasie van die aangebode feitsake in hulle werklikheidstellende aspek met die ideale ervaringswerklikheid van die kultuur of kulture waarbinne die handelingsituasie hom bevind" (p. 42).

Wat hier vir die "linguis" geld, word elders (p. 29) — daar is nogal baie oorvleueling in die werk — 'n gebiedende noodsaaklikheid genoem vir "taalkundiges en literatuurkundiges", maar ons moet seker aanneem dat dit vir die stilistikus, as hy by dié groepe nie reeds inbegrepe is nie, eweseer 'n vereiste is. As nog 'n voorbeeld word die ossewa genoem, wat by Totius, vir wie dit nog 'n alledaagse saak

is, in "Vergewe en Vergeet" simbool van Engelse oorheersing word, terwyl dit vir ons in die huidige tyd eerder simbool is van die Afrikaanse vryheidstryd.

Op die beginsel val stellig niks aan te merk nie. 'n Voorbeeld soos dié van die ossewa bring die betekenis daarvan onmiddellik na vore. Dit is egter 'n vraag of iets soos die „primitiewe" (in hierdie geval moontlik beter: die magiese) sonder meer onder dieselfde vlag kan vaar. Veral nog as 'n geval daardeur gekompliseer word dat sy oorsprong nie in die "primitiewe" self geleë is nie. As basis lyk die beginsel breed genoeg om nie net van belang te wees by die beoordeling van 'n situasiekomponent nie, maar van 'n situasie as sodanig. By "Die Towenares" sou ons bv. kan vra of die oorheersende kenmerk van die ouditiewe as "ideale ervaringswerklikheid" tot die betrokke gebied behoort. Maar daarmee sou reeds die bestek van woordwaardes binne 'n situasie oorskry word in die rigting van 'n algemene ervaringswyse van die werklikheid, wat as grondslag, ook omdat dit reeds die moontlikheid van "situasievergelyking" open, veel verder gaan as die erkende operasiegrense van die metode. Want die analise is hiervolgens volstrek aan die situasie gebonde in dié sin dat die gegewe taalgebruikseenhede "nie oorskry (word) in 'n poging tot vergelyking of klassifikasie nie" (p. 48).

Dit is dan, soos dit my voorkom, die belangrikste beginsels waarop hierdie metode van stilistiese ondersoek berus. As studie kan dit gesien word as 'n poging om 'n werkmetode, waarvolgens reeds 'n aantal détailstudies gedoen is, breedvoeriger uit te werk en in sommige punte te wysig. Dit wil "in meer as een opsig aan die literatuurkunde sy objek gee, naamlik 'n wetenskaplik-kontroleerbare beskrywing van wat daar in spesifieke taalgebruiksgevalle te kenne gegee is op die wyse van die taal" (p. 87). Hiervolgens sou die metode miskien beskou kan word as 'n (veral op die literatuur gerigte) afdeling van die linguistiek.

Die studieveld self word feitlik tot 'n minimum beperk. Wesenlik geld dit die ontleding van 'n willekeurig gekose anormaliteit op enigeen van die genoemde gebiede binne die natuurlike grense van die eenheid waarvan dit 'n konstituent is, en word daar nagegaan of dit op die wyse van die taak kontekstueel geïntegreer is. Miskien is die anormale as uitgangspunt gekies omdat die lokale konflik normaal-anormaal 'n verhoogde funksionaliteit tot gevolg het — positief of negatief, afhangende daarvan of geïntegreerdheid bereik is of nie. Integrasie vorm, soos reeds

gesê, die sentrale spil. Uit hoofde hiervan sou 'n mens verwag het dat in die sistematiese opbou aan hierdie aspek as sodanig die volle aandag afsonderlik gegee sou gewees het; maar in stede daarvan bly dit 'n min of meer onuitgewerkte agtergrondsbegrip waarteen die ontleding van die geïsoleerde geval uitgevoer word. 'n Aanduiding van wat met kontekstuele integrasie bedoel word, word egter gegee as geleë in die omstandigheid dat die vorm homself vooruit projekteer, maar ook terugstruktueer (p. 44). "Deur hierdie heen en weer van interne verhoudings word daar *binne* die konteks 'n feitelike kontrolebasis geskep . . ." (p. 17).

Hiermee kom ons tot 'n kernsaak. Vanuit 'n algemene gesigspunt kan dit miskien enigsins verhelder word deur gebruik te maak van 'n begrip wat deur die skrywers — in 'n bepaalde sin egter — van die hand gewys word. Dit is die begrip "Gestalt" of gestalte. Hulle wys daarop dat hulle nie van die veronderstelling uitgaan dat 'n gegewe gebruiksgeval 'n Gestalt is in die sin van 'n geheel waarby alle dele struktureel geïntegreerd is nie. So iets sou hoogstens 'n konklusie kan wees wat na ontleding bereik word (p. 48). Maar intussen is die naam "Kreatiewe Analise" gekies vir die "stilistiese beskrywing" omdat die "onderdele . . .binne die geantisipeerde geheel 'geartikuleer' (moet) word" (p. 49). Aangenome dat, soos hier gestel, die analise as dissektering te rym is met die kreatiewe as sintetisering, dan rys nog die vraag of die kreatiewe, wat die subjektiewe moment op die voorgrond stel, sonder meer verenigbaar is met die suiwer beskrywende, wat deur die objek bepaal word; en verder vereis dit seker ook nadere toeligting as ons lees dat daar gewerk word met 'n "geantisipeerde geheel", terwyl dieselfde geheel "vir ons (nooit) uitgangspunt of *voorskrif* (kan) wees nie . . . hoogstens 'n konklusie, 'n *naskrif* wat ons op grond van ons analise kan aanbied" (p. 48-49).

Om egter tot die Gestalt terug te keer. In 'n bepaalde sin kan hierdie begrip onderskei word van die begrip "geheel" en diensbaar gemaak word aan die verheldering van die vraagstukke wat hier aan die orde is. Ons kan nl. die Gestalt verstaan as die onaanskoulike en min of meer onafhanklike inwendige vorm van 'n kompleks wat as 'n geheel fungeer. Dit kan maklik gedemonstreer word met behulp van 'n figuurtjie. (Die idee is van A. Reichling, wat dit egter in 'n ander verband gebruik; vgl. "Het Woord," Nijmegen, 1935, p. 172).

As ons 'n driehoek teken en 'n punt daarbinne verbind met die drie hoekpunte, dan ontstaan 'n figuur wat ons as drie driehoeke kan sien, of ook as 'n piramide wat die binnepunt as 'n hoek na vore of na agter steek.

Nou is die eienaardige dat as ons gedeeltes van die sye weglaat, of die hoeke, ons nog steeds 'n piramide waarneem. Dit gebeur selfs nog as ons die sye krom maak. Die piramidewaarneming blyk in 'n sekere mate onafhanklik van die som en die aard van die prikkels wat die waarneming laat ontstaan. Ons kry dus die verskynsel dat 'n aanskoulike samestel van prikkels 'n onaanskoulike Gestalt tot stand bring wat as inwendige funksionele vorm so 'n mate van selfstandigheid en kompleetheid aanneem dat dit selfs as maatstaf kan dien ter beoordeling van die suiwerheid van die komponente daarvan.

Soos die lyne die piramide, so vorm in taalgebruik in die eerste plek die woordbetekenisse in hul verbande die vormende elemente van 'n daarbinne liggende singestalte. In die daaglikse lewe sien ons die werking van hierdie beginsel gedemonstreer bv. in die omstandigheid dat ons soms reeds weet wat iemand wil sê nog voordat hy klaar gepraat het; of dat ons in staat is om hom te help as hy na 'n gepaste woord in die loop van 'n sin soek. Ons sien dit ook wanneer iemand ons deur langdradigheid verveel: die gestalte is al lank reeds klaar en dan werk die spreker nog steeds daaraan. Verder stel dit ons in staat om verbeteringe aan te bring in formulerings. Kortom, dit wil voorkom of die gestalte die onsigbare rigsnoer is wanneer dit gaan om die vraagstuk van die integrasie van elemente wat daarby betrokke is. Aan die een kant is die gestalte afhanklik van die vormelemente wat dit konstitueer en kan ons dus deur 'n noukeurige ontleding van hulle gerigte werksaamheid tot 'n skerper en min of meer gefundeerde beeld van die gestalte kom. Aan die ander kant is die gekonstitueerde gestalte deur die mate van funksionele onafhanklikheid wat dit besit, in staat om vormeise aan 'n vormelement te stel. Geïntegreerdheid beteken dan dat die werking van 'n vormelement in ooreenstemming is met die eise van die gestalte.

'n Metode wat volgens hierdie insigte werk, het dus 'n grondslag waarby analise en sintese gesentreer is in 'n selfde punt. Alleen wil dit voorkom, reeds uit 'n eenvoudige illustrasie soos die bostaande figuurtjie, of aan die Gestaltkonstituerende momente die moontlike eienskap toegeken moet word van gestaltes van verskillende aspek te kan

vorm. Die piramide steek sy binnepunt na vore of na agter, afhangende van hoe die gerigtheid van bepaalde elemente "gesien" word. Dit is 'n bekende verskynsel dat dieselfde kompleks, soos 'n literêre werk, verskillende ondersoekers tot verskillende resultate kan lei. Moontlik is dit hierin dat ons ook 'n verklaring moet soek daarvoor dat 'n metode wat objektief beskrywend wil wees, nietemin die "kreatiewe" as beginsel in sy vaandel voer.

Dit bring ons vervolgens tot die kwessie van die styl en van die verhouding tussen styl en stilistiek, en daarmee ook tot die ander "leidraad" waarvan hierbo sprake was. As ons aanneem, soos aan die begin reeds gedoen is, dat stilistiek 'n verwysing na styl inhou, wat word dan by hierdie metode onder "styl" verstaan? Dit is opvallend dat die skrywers die stylbegrip as sodanig vermy. 'n Aanhaling uit Kayser, wat die stylskeppende in 'n werk hoofsaaklik sien in "das dauernde Walten der gleichen Perzeptionskategorien durch das Werk hin und ihr Zusammenklang zur Struktur" (p. 87; W. Kayser: Das Sprachliche Kunstwerk, 1954[3], p. 298 — die voortdurende kies van gelyke persepsiekategorieë deur die werk heen en hul samevoeging tot struktuur) laat vermoed dat ook hier, soos by Kayser, die stylbegrip beperk word tot die styl van die werk. Miskien moet dit reeds volg uit die uitspraak dat "die linguis" die funksionering van taalvorme op die wyse van die taal bestudeer "sonder om die verhouding van kennisgewer en kennisnemer tot die taalgebruik mede tot objek van waarneming te maak" (p. 43). Maar aan die ander kant, as ons afgaan op die gevalle wat as aangrypingspunte vir die metode dien, soos die teenstelling normaal-anormaal, dan lyk dit nie vergesog om tot die gevolgtrekking te kom dat nie die styl nie, maar slegs die stilistiese in werklikheid betrokke is. Die dualiserende splitsing van 'n geval in normaal-anormaal, waarby dus die vergelyking — wat origens prinsipieel van die hand gewys word — as wesenskenmerk na vore tree, vorm eintlik 'n probleemaanwysende beginsel, want die oplossing vloei voort uit die geheel, soos dit ook deur die onproblematiese elemente gevorm word, en nie uit die opposisie normaal-anormaal nie. So 'n gelokaliseerde opposisie kan hoogstens dien om die funksionele aard van die geval nader te begrens; maar vir 'n vollediger begrensing en isolering is daar ook nog ander onderskeidings, soos die direkte teenstelling en die negering, wat in aanmerking sou kan kom. Dit is duidelik dat as alle taalwaardes bepaal sou word in hulle betrokkenheid op die

situasie, dit moet lei tot Gestaltontdekking as vernaamste resultaat. Daar sou dan ook sprake kan wees van styl in die sin van werkstyl. Maar in 'n ondersoek wat hom rig op die waardebepaling van 'n situasiekomponent wat aan 'n selektiewe kriterium beantwoord, word, streng genome, taak en resultaat deur die deel begrens, en kan volstaan word as 't ware met 'n "geantisipeerde geheel" as integrasiegrond aan die een kant en die taalsistematiese of ander norm as probleemsoeker en tangensiaal begrensende aan die ander kant. Die problematiese element is begin- en eindpunt. So gesien, is hierdie metode dus op die stilistiese eerder as op die styl gerig.

Is dit langs hierdie weg egter nog moontlik om die vormgeheel en daarmee die werkstyl te bereik — want die vraagstuk van geïntegreerdheid vereis ten minste die fragmentariese verheldering van die integrasiegrond — die ondersoek van styl in breëre sin word uitdruklik uitgesluit, omdat die metode die grense van die verenkelde geval nie vergelykend en verbindend kan oorskry nie. Om aan te haal: "Vir die stilistiek op linguistiese grondslag is daar — ons herhaal — enkel bepaalde, spesifieke taalgebruikseenhede wat aan die kreatiewe analise onderwerp word. Die gegewe eenheid word eerbiedig en word nie oorskry in 'n poging tot vergelyking of klassifikasie nie" (p. 48). Hiermee word die gekose situasie, of presieser, die betrokke taalgebruikseenheid sonder verwantskap of dergelike verband geïsoleer as konkrete probleemdraer.

In die verbygaan is hierbo reeds die moontlikheid geopper dat 'n gestalte verskillende aspekte kan vertoon as die gerigtheid van sy komponente vatbaar is vir meer as een siening. In die figuurtjie sou hierdie moontlikhede beperk kan word tot een deur arserinkies of iets van die aard aan te bring. Op die gebied van taalgebruik kry ons op die vlak van die betekenisgestalte dikwels die verskynsel van dubbelsinnigheid. By landswette, in definisies ens. word die grootste sorg in ag geneem om die funksies van woorde presies te rig. Ingewikkelder egter word dit wanneer ons tot die gebied van die stilistiek kom en te doen kry nie net met die primêre gestalte van die "betekenis" of die "inhoud" nie, d.w.s. met wat ons kan parafraseer, met ander woorde kan omskrywe nie, maar ook met die subtiele "rand"-kwaliteite van woorde, konstruksies en die werklikhede wat hulle stel. (Die moeilike terrein van ritme en klank word hier buite beskouing gelaat.) Dinge het 'n sekere "atmosferiese" of "gevoelswerking" wat geleë is in

hul gesamentlike kwaliteite en funksies. In "hand" sonder meer kan ons bv., behalwe die primêre betekenis van liggaamsdeel, die grypende, die houdende, die gewende, die tastende, die vingerige ens. onderken, wat saam opgeneem is in die geheel en wat in die gebruik eweredig of oneweredig geaktiveer kan word. Uit hoofde van sulke eienskappe het woorde kwaliteite wat in 'n samehang in meerdere of mindere mate rigbaar is deur onderlinge bepaling (vgl. 'n, die hand, uit, in, met die hand) of deur kwaliteitsverwantskap tussen woorde (bv. geduldig, gedienstig, gedwee). Op dié wyse ontstaan by presiese woordkeus saam met die primêre inhoudsgestalte 'n sekondêre kwaliteitsgestalte, wat die eerste deurdring, eintlik 'n "vlugtiger" aspek is daarvan. Die gestruktureerde vertoon m.a.w. inwendige georiënteerdheid in die sin dat die vormelemente ten minste op "twee-enige" wyse (deur betekenis en deur randkwaliteite) Gestaltvormend is en volgens die Gestalt betrokke is op mekaar. Maar aanvaar ons nou ook nog die opvatting dat die literêre werk uitdrukking is en dat uitdrukking beliggaming, materialisering beteken, dan hou dit in dat die inwendige georiënteerdheid in noue betrekking staan tot 'n algemener georiënteerdheid wat hom, eweas die sekondêre gestalte, hoofsaaklik in die perifere kwaliteite kenbaar maak. Ten opsigte van die enkele werk vind ons so 'n georiënteerdheid in 'n houding of instelling, 'n innerlike (emosionele) gerigtheid, wat kiesend (uit die ervaringselemente met die gewenste kwaliteit) en ordenend hom medekonkretiseer. Maar so 'n bepaalde houding is maar een van 'n aantal houdings as variasies van die grondhouding van 'n skeppende identiteit. As dit waar is, dan kan daaruit die afleiding gemaak word dat 'n sekere grondinstelling, d.i. 'n sekere algemene georiënteerdheid as vormeienskap, deurgaans aanwesig moet wees en hom kenbaar moet maak in herhalingsverskynsels, sy dit in verskillende manifestasievorm. En as dit hom verder vernaamlik in geaktiveerde kwaliteite en dergelike vormkenmerke uitdruk, dan moet dit hom op die vlak van die werklikheid, soos deur die taal gestel, kenbaar maak as werklikheidskwaliteit, dus, veralgemeend, as siening of beskouing van die wêreld soos gekonstitueer in die taalwerklikheid. Daarmee is dan die teoretiese basis gegee van die stilistiese vergelykbaarheid en gesamentlike ondersoek van die verskillende werke van 'n outeur, met ander woorde van 'n persoonstyl. Op dieselfde wyse kan ook die basis

van hoër oriënteringslae, soos van 'n tydperk of 'n kultuur, gevind word.

Aangesien die verskillende "lae", as verskillende aspekte van dieselfde gestalte, mekaar as 't ware van onder af bevat, hul in ooreenstemming met die sterkte van die oriënteringskragte in steeds yler wordende kwaliteite van die gestruktureerde voordoen, moet die taak van onderskeiding steeds moeiliker word hoe hoër 'n mens gaan in die rigting van die algemene. Dan volg dit ook dat die styl van die werk, wat as die onmiddellik werksame gestalte in die konkrete vorm sy begrensing het, verreweg die eenvoudigste voorwerp van studie in hierdie kader moet wees.

Die ondersoek van styl in die breër sin word in moderne werke soos die reeds genoemde van Wolfgang Kayser uitgeskakel omdat te veel vae en onsekere faktore, soos ontwikkeling, navolging ens. (hier buite beskouing gelaat) daarby betrokke is. Dit voer ook buite die enkele werk in dié sin dat bv. die persoonstyl hom nie net in een werk konkretiseer nie en vir die direkte verstaan van so 'n geïsoleerde, geslote eenheid ook nie van onmiddellike belang is nie. Tog bestaan op hierdie algemene vlak 'n feitelike gegewe wat deur die navorsing nie oor die hoof gesien kan word nie. Die styl van persone, tydperke ens. berus op vertroude waarnemingsverskynsels wat met die betrokke term reeds vroeër en langer benoem is as die individuele konstruksie van die verenkelde werk. Vir die teoretiese denke is die afsonderlike geval van primêre belang. Maar in die enkele soek dit ook steeds na die moontlikhede van samehange en die tekens van 'n meer algemene. Die twee aspekte sluit mekaar nie uit nie; in werklikheid vul hulle mekaar aan.

As ons nou 'n siening, soos dit gegee is in die georiënteerde gestalte, in algemener sin wil ontleed, dan skyn dit te volg uit wat gesê is, dat ons die primêre vormelemente en konstruksies in die eenhede wat hul konstitueer, sal moet ondersoek volgens hulle strekking in die rigting van 'n hoër algemeenheid. Verbind ons die strekkings volgens gemeenskaplike aspekte, dan ontstaan 'n eenvoudiger, afgeleide beeld op 'n algemener vlak, 'n afgeleide wat in die konkrete aanwesig is as herhalingsaspek in wisselende gedaante. So kan ons by wyse van elementêre illustrasie bv. *dak* in 'n gegewe eenheid begryp nie net as die afdekking van 'n gebou nie, maar dit volgens 'n strekking soos gegee deur 'n funksie, op 'n hoër vlak interpreteer as beskutting, as afsluiting van die natuurelemente. *Lamp* sou

ons op dieselfde wyse kan sien nie net as primêre ligbron nie, maar as simbool van lig in 'n beslote ruimte. Haal ons nou die gemeenskaplike moment van beslotenheid uit, kry ons 'n strekking bv. in die rigting van 'n teenstelling tussen 'n binne en 'n buite. In 'n ander verband sou ons *dak* miskien weer kan sien as teken van voltooidheid en *lamp* as bewys van bewoonbaarheid. 'n Bepaalde strekking hou verband met dié van die ander komponente en met dié van die werksame gestalte. Ons moet dus binne 'n eenheidsverband die vormmomente na hul werksame strekkinge ondersoek.

Met die strekkingsondersoek keer die resultate bereik op die hoër vlak steeds weer deurligtend terug op die komponente wat as uitgangspunt gedien het. Die direk werksame gestalte word gekonstitueer deur na binne werkende "radiale" strekkings, wat nie net die grondslag kan lewer vir die gefundeerde beoordeling van komponentgeïntegreerdheid nie, maar selfs ook by 'n intuïtief aanvoelende benadering dié van die "impressionistiese" kritiek. Maar terselfdertyd is die komponente ook die draers van 'n algemener georiënteerdheid, waardeur 'n werk sy innerlike "sferiese" geslotenheid kan komplementeer met 'n oopheid wat geleë is in die verwantskap geskep deur die "styl."

Voorbeelde van die resultate wat bereik is deur toepassing van die "kreatiewe analise" as metode word gegee in die werk self en is ook te vind in die proefskrifte wat van die metode gebruik gemaak het. As voorbeeld van 'n ander benaderingswyse volg hier 'n kort weergawe van 'n vergelykende ontleding wat deur Erich Auerbach in sy werk "Mimesis" (A. Francke Ag. Verlag, Bern, 1945, p. 7-30) gemaak is van 'n Oud-Griekse en 'n Ou-Testamentiese fragment. Omdat van vertalings gebruik gemaak word, kan slegs gelet word op die grotere trekke, wat egter selfs in vertaling 'n duidelike vormtaal spreek en in die aard van die gevormde werklikheid basiese grondhoudings teenoor die wêreld kenbaar maak. Die vergelyking dien hier ter onderskeiding en isolering van algemeen tiperende vormeienskappe as stylkenmerke.

Die eerste fragment is dié gedeelte van die Odyssee waarin die huishoudster, Eurykleia, vroeër die voedster van Odysseus, hom by sy terugkeer huis toe herken, onderwyl sy sy voete was, aan 'n litteken aan sy been.

'n Gedeelte van die toneel word in Nederlandse vertaling soos volg weergegee (Aeg. W. Timmerman: Homerus

Odyssee, H. J. Paris, Amsterdam, 1934, XIX, 380 vlg.):
Eurykleia is aan die woord voor die herkenning —
"...Ik verklaar, dat ik nooit nog iemand gezien heb, die /zoo zeer
Lijkt op Odysseus in bouw en in stem en in voeten, als /gij doet...!"
Sluw gaf Odysseus haar daarop ten antwoord: "Zoo zeggen, /mijn oudje,
Allen, die ooit voor hun oogen ons beiden aanschouwden, /dat wij zoo
Sprekend elkander gelijken, zooals gij ook zelf al gemerkt /hebt!"
Zoo was zijn woord en de vrou nam een bekken, dat blonk /en dat blinkte,
Waar zij zijn voeten in wilde gaan wasschen. En daar /schonk zij heel veel
Koud water in, waar zij later weer warm water bij goot. /Odysseus
Ging van den haard af zitten en keerde zich haastig naar /'t duister,
Want hij had al terstond in zijn hart het vermoeden en /vreesde,
Dat zij het litteken weer zou herkennen en alles aan 't /licht kwam...
Daar kwam zij nader en wasschend de voeten des meesters, /herkende
Zij onmiddlijk den wond, die een zwijn hem met blink- /witte tanden
Vroeger geslagen had, toen hij 't Parnassus-gebergte /bereisde,
Waar hij Autólykus opgezocht had en zijn zonen. Want deze
Was van zijn moeder d'aanzienlijke vader, die onder de /menschen
Uitblonk in diefachtigheid en in meineeden-doen. En een /God zelf
Schonk hem dat, Hermes, omdat hij van rammen en /bokken de hem zoo
Welkome schenkels verbrandde. Hij steunde hem daarom /welwillend...!

Hierop volg 'n tussenvertelling van hoe Odysseus sy naam gekry het van sy oupa, hoe hy later daar gaan kuier het, van die jagtog waarop hy deur 'n wildevark aan sy been gewond is en van hoe hy verpleeg is en later na sy huis teruggekeer het. Pas dan vervat die verhaal:

Dat was het litteken, dat Eurykleia herkende, terwijl zij

't Been met haar handpalm vatt' en betastte ... Zijn voet
/liet zij vallen ...
Luid viel het been in de kom en het koper weergalmde ...

Auerbach wys daarop hoe elke onderdeel helder, met duidelike omtrekke geteken word. Die sintaktiese verbande en die betrekkinge tussen die geledings is duidelik gelê. Opvallend is dat 'n lang tussenvertelling in die dramatiese oomblik van herkenning ingevoeg word. Dit dien egter nie tot verhoging van die spanning nie, maar word ingelas om die situasie op daardie bepaalde punt volledig te belig. Vir hierdie doel word 'n stuk van die verlede weer vol in die hede van die vertelling geruk. Alles word daarmee in die helder verligte voorgrond gebring. Deurgaans word niks in die duister en niks in die agtergrond gelaat nie. Hede en verlede, die wêreld daar buite, maar ook die bewegings van die gemoed word in gelykmatige beligting en in klare ordening langs mekaar geplaas sonder die verband van 'n ontwikkeling of spanning, en sonder 'n verborge sin wat nagespeur hoef te word. Die grondtrek van die Homeriese styl lê daarin dat alle dinge sigbaar en tasbaar voluit gevorm word in hul tydelike en ruimtelike verhoudings. Die nou en die hier oorheers.

In skerp teenstelling hiermee is die vormwêreld van die Ou Testament. Ons kan dit nagaan deur bv. die verhaal van die offer van Isak te ontleed. Dit is die welbekende geskiedenis van Genesis 22:

1 Na hierdie dinge het God Abraham beproef en vir hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!

2 Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan nou na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.

3 Daarop het Abraham die môre vroeg klaargemaak en sy esel opgesaal en twee van sy dienaars en sy seun Isak saam met hom geneem; en hy het hout gekloof vir 'n brandoffer en opgestaan en na die plek gegaan wat God hom aangewys het.

4 Op die derde dag toe slaan Abraham sy oë op en sien die plek van ver af.

5 En Abraham sê vir sy dienaars: Bly julle hier met die esel; ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom.

6 En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak gesit, en die vuur en die mes in sy hand geneem. So het hulle twee dan saam geloop.

7 Toe spreek Isak met sy vader Abraham en sê: My

Vader! En hy antwoord: Hier is ek, my seun! En hy sê: Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?

8 En Abraham antwoord: God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun. So het hulle twee dan saam geloop.

As ons van die vormwêreld van Homerus af kom, dan tref dit ons by die begin dat daar nie gesê word waar God met Abraham gepraat het nie. Maar die leser begryp dat God uit 'n hoëre sfeer in die aardse moes deurbreek om met Abraham te praat. Ook van die rede waarom God Abraham wou versoek, word niks gesê nie. Sonder sigbare gestalte is Hy aanwesig en roep: Abraham! Dié antwoord: Hier is ek! Hierdie antwoord dui egter nie 'n bepaalde plek aan nie, maar slaan eerder op die morele gesindheid in Abraham, wat meteen bereid is om te luister en te gehoorsaam. Sonder 'n adjektief wat 'n vorm in sy eienheid belig en sonder 'n plekaanduiding word Abraham gestel onder 'n opdrag van God. Dit is "na hierdie dinge." Die opdrag kom in 'n sekere tydelike verband. En in hierdie verband word aan Abraham, die mens, gehoorsaamheid geëis. Nie sinlike gedaante, soos by Homerus nie, maar morele gerigtheid word die hoofsaak.

In enkele hoofsinne met karige sintaktiese verband, gee God dan sy bevel en ontvou hom die verhaal van die uitvoering daarvan. Die bevel is 'n opdrag wat nagekom moet word op 'n plek wat nie vooraf genoem word nie, maar vooraf bestem is. Verder word alle elemente net in hul wesenlikheid as dinge of handelinge sonder enige beligting wat hul eie kenmerke of individualiteit na vore kan haal, diensbaar gemaak aan die doel en bestemming. Daar word net gepraat van esel, dienaars, hout, mes, vuur. Ook van die pad word niks gesê nie; net die duur van die reis word vermeld: op die derde dag toe slaan Abraham sy oë op. Dit wek die indruk dat hulle swyend gegaan het en nie na links of regs gekyk het nie. Die tog is ingebed tussen 'n aanvang en 'n bestemmingseinde, maar self is dit 'n onbepaalde voorlopigheid wat nie 'n hede ken nie en net in die tyd gemeet is. Dit is 'n gegewe wat self om 'n simboliese uitleg vra. Anders as by Homerus soek mens hier telkens na 'n verklaring, 'n dieper liggende sin. Die tekening wys na iets daarbuite, na iets in die agtergrond, as die eintlike.

Hoe laat was dit toe Abraham sy oë op die derde dag opgeslaan het? Dit word nie gesê nie. Daarom kan ons aanneem dat die "oggend vroeg" van die begin ook nie

vermeld is om 'n presiese tydstip aan te dui nie, maar eerder om te toon hoe streng Abraham hom aan die bevel van God gehou het.

In die vertelling tree Isak op as derde hoofpersoon. Van almal is hy die enigste wat 'n sintaktiese bepaling kry. God sê: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak. Dit is egter 'n bepaling wat Isak as persoon in geen opsig omskryf nie; dit toon net die verhouding aan waarin hy tot Abraham gestaan het. Dit beklemtoon net die grootheid van die offer wat gevra word en lê 'n drukkende spanning oor die verdere verloop van die verhaal. Dit belig die konflik by Abraham tussen liefde en gehoorsaamheid, tussen natuurlike gerigtheid op die menslike plan en 'n hoër gerigtheid volgens Gods bevel.

Hierdie spanning word nog verhoog deur die direkte rede. Terwyl dié by Homerus 'n uitsegging van die innerlike is, is dit hier eerder 'n versluiering: op die eintlike bedoeling word net gesinspeel; die oppervlakkige waarde van die woorde is gerig op 'n sin daarbuite in die agtergrond. So gee God aan Abraham 'n bevel sonder om sy motief bekend te maak; en so is ook die woorde tussen Abraham en Isak swaar van onuitgesproke bedoeling, net soos hul gang swaar is van bestemming. Tot twee maal toe word vader en seun op 'n afstand gestel: En so het hulle twee dan saam geloop.

In Abraham leef egter nog 'n verborge hoop: God sal 'n brandofferlam voorsien. Verskillende gemoedstoestande skuif hul oor mekaar heen. By Homerus se figure tree in 'n bepaalde situasie net een psigiese aspek aan die lig.

Op die manier word die ontleding deur Auerbach nog voortgesit en verdiep tot die teenstelling realiteit-waarheid. Maar die hoofsake is reeds duidelik: in die styl van Homerus kom 'n wêreldsiening tot uitdrukking wat gekenmerk word deur die sinlike afgerondheid van dinge in die hede, sonder geheim of spanning. In die Ou-Testamentiese verhaal aan die ander kant vind ons 'n wêreldsiening waarin nie sinlikheid nie, maar wesenlikheid geld en wat verder gekenmerk word deur 'n ontwikkelingsgang wat van 'n begin af gestuur word op 'n einde wat tegelyk bestemming en vervulling is en aan die geheel 'n hoëre sin verleen.

Die kort illustrasie onderstreep wat reeds uit die voorafgaande bespreking duidelik geword het: ondersoek van die styl is nie 'n studie wat los staan van die "inhoud" nie. Eerder moet ons vasstel dat die begriplike inhoud die sin van 'n werk nie ten volle vertolk nie. Die diepere sin

word eers ontdek as "woordsin" verbind word met "vormsin" en as die primêre gestalte deursigtig gemaak word deur 'n hoëre georiënteerdheid in die styl.

Angswekkende Mag van die Film

Weinige mensen beseffen welk een schrikwekkende macht er is gelegen in het massa-communicatiemiddel dat film heet. Waarmee ik dan in het bijzonder bedoel, dat een filmmaker niet te overziene mogelijkheden ter beschikking staan; dat hij met die mogelijkheden ons kan krijgen waar hij ons hebben wil. Vóór of tegen iets, al naar gelang hij dat wenst. Immers hetgeen een film ons toont, bezit de uiterst bedriegelijke schijn der gefotografeerde werkelijkheid. En juist dát wat de film meest schijnt is zij practisch nooit . . .

Met montage en belichting kan men op het filmdoek elke gewenste suggestie bereiken . . .

Dit vermogen, deze totale macht van de filmmaker is wel zo ingrijpend, dat men zich de vraag kan stellen of men van het filmbeeld ooit een volkomen objectiviteit mag verwachten. Dat bedoel ik dan vooral ten aanzien van het documentaire nieuws en de actuele voorlichting. In hoeverre is zelfs het wekelijkse, zakelijke filmjournaal objectief . . . ?

De macht van de man achter de montage-tafel gaat veel verder en is onbegrensd. In hoeverre zijn wij al slachtoffers zonder dat wij het weten? Nù, in onze dagen . . . ?

B. J. BERTINA, in WIKOR, VI/No. 58, bl. 362.

A. J. J. VISSER:

Begrafnis: D. F. Malan

Ons staan nou klein
en stil voor hierdie pyn
wat om sy graf neerwolk.
O die hartseer van 'n volk
oor 'n vriend, 'n broer, 'n vader wat
kon helder sien die donker pad
— deur voorgeslag met bloed gebaan —
waarop ons nou alleen moet verder gaan.

Wie is nou die rigting in ons skewe dink;
die gids wat verdwaaldes na die hoofpad wink?
Hy het die einddoel reeds in sig gehad;
wou ons aan die moeë hande vat
en lei na hoogtes van ons nasiepligte.
Vir elkeen dan in wie sy drome nou soos vergesigte
werklik is, het Gabriël reeds teen die donker kis geklop
en uitgeroep: Daniël Francois, staan op!

E. BRINK:

Vesper

"Ma, ek het my leesboek by die skool vergeet, Ma."

'n Bietjie wydsbeen staan hy voor sy ma, wit kuif oor sy voorkop en die donker oë waaksaam, omdat hy nie presies weet wat om te verwag nie. Sy kyk nie eers op nie.

"Dan gaan haal jy hom maar, Basie. Of het jy nie 'n les om te leer vir more nie?"

"Ek het, Ma. 'n Lánge!" wys hy vertroulik as sy tóg skielik opkyk met iets van vertedering in haar blik. Dat die klein knaap nou ook al skool toe gaan. Lesse leer.

Basie huiwer 'n oomblik, knik dan heftig met die kop. Eintlik het hy gehoop sy sê hy moet vir Hannetjie vra om saam te gaan — Hannetjie is tog al groot, amper al twaalf, en dit sal beter wees om nie alleen deur die bosse te loop tot by die plaasskooltjie nie. Sien, dis al amper aand.

Maar dit maak ook nie saak nie. Hy kan alleen ook gaan, hy's mos nie bang nie!

Al met die pad draf hy en dis so snaaks, die son is voor hom in plaas van agter, soos in die oggende. Dis die eerste keer dat hy in die middag skool toe gaan. Snaaks, ja . . . en so stil.

Die deur van die skooltjie is toegesluit, maar hy buk dadelik en vroetel onder die mat. Hy weet die sleutel is daar. Eers het Juffrou dit saamgevat in die middae, maar dan het sy dit elke oggend vergeet en toe het sy dié plan gemaak.

Dit gaan moeilik om die deur oopgesluit te kry. Suutjies loop hy dan deur die klaskamer, reguit na sy bank toe. A, gelukkig is die boek nog daar. Hy sou sowaar nie wou soek nie — die banke, die tafel, alles kyk hom sy vyandig aan.

"Aag!" steek hy uitdagend sy tong uit as dit lyk of die banke so 'n bietjie vorentoe begin skuif, of hulle hom wil gryp. Maar hy hol tog deur toe en sukkel met bewerige handjies om die sleutel te draai.

"Haai!"

Verskrik kyk hy om en die sleutel val rinkelend op die trappie voor die deur. Maar dit was net 'n voël.

By die eerste draai in die pad, as hy met verligting nie meer die skool kan sien nie, bespeur hy 'n boom met oulike

mikke. Snaaks dat hy dit nog nie voorheen gesien het nie en hy het juis 'n mik nodig vir 'n kettie. Sy ou kettie het anderdag gebreek.

Die takke kraak as hy inklouter en dan sit hy skielik stil en luister. Oral hoor hy voëls gesels, nie hard nie, maar so geheimsinnig en slaperig. Bokant sy kop is daar 'n ligte gekrap en hy weet dis 'n voël wat huis toe kom, moeg van al die rondvlieg.

Hoor hoe sê almal nag. Die klein voëltjies wil nog 'n bietjie buite bly en hulle vlieg soos klein swart spikkeltjies deur die lug. Langgerek en weemoedig kom hulle stemmetjies, met sulke skielike kort nootjies tussenin.

Daar val iets grys en toweragtigs oor die aarde en oor die seuntjie. Hy is nie meer sommer Basie wat 'n boek by die skool gaan haal het nie; hy's 'n stuk van die boom. Eenkeer vlieg 'n voël so naby sy kop verby dat hy die ogies kan sien blink.

Hy kyk na die wolkies. Die feetjies se komberse. Daar is die feetjies ook juis besig om die eerste liggie op te steek. Hoe mooi is dit tog — so diep, en so vreeslik, vreeslik blou.

Om hom, hier onder die boom, begin die skaduwees hulle roer en lig. Lang, grys skaduwees en klein swart skaduwees sluip gebukkend onder die bome deur. Al meer en meer kom, totdat die donkerwordende wêreld wemel van hulle.

Dáár, in 'n oop stuk, is hulle nou almal bymekaar. Hou hande, en begin dans. Geluidloos spring hulle in die lug en hulle rek ál langer, totdat hulle net bene is. Meer en meer kom by. Vinniger en steeds vinniger dans hulle . . . en hulle kom nader.

Nader aan die boom! Skielik besef Basie dit en skrik wakker uit sy droom. Vervaard kyk hy om hom. Hulle is rondom die boom in 'n wye sirkel en kom dansend nog nader! Nou nie meer vriendelik nie, maar swart en dodelik ernstig. Glipperig en grillig op hulle lang, lang bene . . . !

Die kind los sommer daarbo en val op die grond, maak darem gou seker of hy sy boekie het en hol dan. Alles wat bekend was, is weg en hy is hier in die bos waar die skaduwees woon. Al harder hardloop hy, maar dit voel of hulle sy bene vashou — hy kan nie wegkom nie.

Met 'n sug word die bome wakker. Vyandig kyk hulle hom aan; hy, wat hier durf rondloop na sononder. Agter hom hoor hy hoe een boom, en nog een, sy wortels uittrek uit die grond en ook agter hom begin aanhardloop.

'n Stoet wit vroue met waaiende hare jaag deur die lug verby. Bo steek die feetjies nog steeds sterre aan, en die

sterre sing. Hy kan dit duidelik hoor. Voor sy struikelende voete loer dwergies uit hulle gate met geel, verkreukelde gesigte.

As hy net die pad kan kry! Die pad moet êrens wees — of miskien het die pad ook weggehardloop. Ag, as iemand hom tog net wil kom help voor die skaduwees met hulle lang, koue hande aan hom gryp.

"Liewenhere, seblieftog, moenie dat hulle my vang nie, seblief, Heretjie . . ." bid hy hard, so in die hardloop.

Dan is die pad daar! Gou, voor dit dalk weer verdwyn, begin hy daarop hardloop. As hy net eers by die huis is . . . Hannetjie kan hom maar spot, maar hy gaan nie wéér so laat buite loop nie!

As hy versigtig omkyk, is die skaduwees baie naby hom. Op dun swart voete gly hulle agter hom aan. Ver hoor hy die bome gesels en 'n heks vlieg vlak voor hom uit die gras op, slaan hom amper onderstebo met haar besemstok.

Die sterre sing en sing.

Vreeslik klop sy hartjie, en sy lyf is klam en koud van die angssweet. Sy voete brand van die klippe waaroor hy moeg-moeg hardloop. Waarnatoe sou die pad gaan? Seker see toe. Hy weet dis nie huis toe nie, want hy het tog al myle en myle gehardloop. More sal hulle hom dood hier optel. Of die skaduwees sal hom vang en aan 'n boom ophang.

Toe sien hy dit . . . ongelooflik . . . die huis! Hulle huis! Daar is lig in die vensters. Ma is daar, en Pa, en Hannetjie! Nes altyd, nes of niks gebeur het nie.

Basie steek net daar in die pad vas, te bly om dit te glo. Daar waai die geur van aandete na hom toe aan en behaaglik snuiwe hy.

Daar lui Ma juis die klokkie vir hulle om te kom en nou, dat die groot vrees weg en hy veilig is, kom daar 'n diep vrede oor hom.

So klein voel hy hier, so klein teen die groot, groot aand. Al die sterre brand nou en daarbo is die lug ook so wyd en sonder einde.

Hy luister na die klokkie wat lui, so fyn en verlore in al hierdie grootheid. Hande intuïtief inmekaargevou, staan hy doodstil en grootoog, 'n stippel in die middel van die omringende Al.

Toe weet hy dat hy wil huil.

J. NEL v. d. MERWE:

Liedjie

Groen pietersielie
oulap die bos,
'n bietjie tiemie
en anys;
'n bossie narsings,
'n madeliefie
langs die varings:

jy kuier met
geruite tjalie
oral rond, net
om hier te ruik
en daar te pluk,
oumatjie, hoe klein,
hoe groot bly jou geluk.

SOUL:

Die Nuwe Kultuur

Alles vloei en vervloei.

Hoe vreemd klink dit op in ons ore, ons, mensies van één dag wat gewoond is daaraan dat as ons vanaand gaan slaap in ons huise, sal ons huise more-oggend by ons ontwaking nog op dieselfde plek staan as toe ons vanaand gaan slaap het. So grondelik is ons oortuig hiervan dat ons selfs vir lang tydperke, jare, ons landpale verlaat, vreemde wêrelde besoek, om uiteindelik met verlange in ons harte terug te keer na die plek waar by ons uitvaart ons huis gestaan het, met die stellige verwagting dat ons huis nog op sy oorspronklike plek sal staan, in dieselfde straat, langs dieselfde spruit, teen dieselfde rantjie.

Ons twyfel nie daaraan nie. Dit is ons ervaring, ons daaglikse ervaring, en daar is niks, skynbaar niks wat ons sal beweeg om van hierdie waarheid afstand te doen nie. Niemand wat sy huis in Kaapstad agterlaat, sal later daarna in Tokio gaan soek nie, niemand wat aan die Rand goud gedelf het sal agterna die ertstonnels by die noordpool gaan vind nie.

Ons is daar so seker van as van die durende standvastigheid van ons heupbeen, ons skeenbeen, ons harsingspan. Dis daar, blywend daar. Ons word daarmee gebore, dit bly ons bestendig by dwarsdeur ons lewe, en ons sterf met dieselfde skedelbeen en ruggraat as waarmee ons gebore is. Dis vas en standvastig. Dit gee ons 'n vattigheid aan die lewe. Dit gee aan ons bestaan duurte, iets wat is. Dit maak van ons liggaam 'n vaste punt waarin ons gees woon en waarvandaan die gees op sy ontdekkings deur die hele skepping kan reis en weer terug keer in sy aardse, stofgebonde, vaste woning. Ons neem selfs aan dat die gees, ná die slaap van die dood, by die jongste dag, weer in ons stoflike liggaam sal terugkeer om sy doem of verlossing aan te hoor.

Dit maak van my, van elkeen van ons, die middelpunt van sy skepping, die toetssteen waaraan die bestaan van alle dinge wat bestaan gemeet kan word. As ek van myself rekenskap moes gee, sou ek sê: Ek is die enigste waarvan ek weet; ek kan my oë toemaak, my ore sluit, al die weë wat langs my sintuie van buite af na my gees toe voer afsluit sodat ek volkome in my self gevange is soos 'n weekdier in sy skulp of soos 'n skilpad in sy dop, dan is ek

van één ding nog bewus: my persoon, die enigste bestaande waarvan ek seker weet dat ek bestaan. Dis ek. So is ek omring deur ander *ekke;* van húlle is ek nie op dieselfde manier bewus nie, maar húlle wel.

Ek en die ander ekke, ons wat is, ons is die vaste punte in ons bestaan, ons met ons geraamtes en spiere en kopbene.

Ons is.

En ons — ek en die ander ekke wat saam met my leef en voor my geleef het — ons het vir ons 'n vaste beeld geskep van die dinge om ons, 'n beeld waarin daar 'n orde is, of waarin ons gemeen het dat ons 'n orde sien, al is dit dan ook maar net 'n orde wat aan ons gees behoort en nie aan die dinge wat ons meen dat ons dit sien nie. Ons het bewus geword van 'n groot krag bokant en buitekant ons, 'n krag wat verantwoordelik is vir al die ordelikheid wat ons waarneem in die seisoene, die vorm van kristalle en rotse, die styging en daling van die see, die wenteling wat nag en dag veroorsaak, die instinkte wat paring, geboorte en dood regeer, die ontkieming en die rypwording van grassaad en graan en gewasse, en ons het in díe krag, díe orde, die Maker erken, en ons het Hom genoem God. Aan Hom het ons alles toegeskrywe wat gemaak is, en Hom het ons in die middelpunt gestel van alles wat is, wat was en wat sal wees, en ons het gevoel dat ons uit Hom gekom het, dat ons 'n deel is van Hom, onverwoesbaar, onvernietigbaar — tensy dan deur Hom alleen.

Veilig in die wete van hierdie vaste orde, het ons ons deur die eeue heen gewy aan ons take: ons het gesaai, geteel, gemaai; ons het vrede geken en oorlog. Ons het geboorte geken, wasdom en dood, en ons het dit ervaar as 'n vaste orde en veilig gevoel — selfs in die dood.

Ons bestaan was vas en veilig en voortdurend. Op hierdie vastigheid het ons ons menslike instellings gegrondves: grondbesit, handel, nywerheid, onderwys, regstelsels. Ons het bepaal wie mag met wie trou, wie grond sal besit, wat ons mag eet, waarmee en hoe ons ons sal klee, hoe ons ons naaste se goed mag verbeur en sy lewe neem; ons het huurkoop uitgevind en bêre-koop en roukoop. Ons het die aarde en sy skatte onder mekaar verdeel en stelsels en bonde geskep en doringdrade gespan om toe te sien dat ons verdeling staande gehou sal word tot in lengte van dae.

En alles wat ons sodoende geskep en tot stand gebring het, getuig daarvan dat ons oortuig is van die blywendheid van alle dinge, van die vastigheid van wat is.

Ons was vas oortuig dat as ons vandag ons hoekbaken

inplant, sal hy more nog daar wees tensy iemand daarmee gepeuter het. Daarom dat ons vol vertroue hoekbakens plant en stelsels ontwerp om te verseker dat diegenes wat daarmee peuter hulle verdiende loon sal opdoen.

* * *

Maar dit was lank gelede, baie lank.

So stadigaan het hierdie ou vastigheid onder ons voete begin wankel.

Die gees waarmee ons behep is, die ding wat ons outyds so liefdevol ons siel genoem het, die sprankie van ons God wat in ons woon, ag, die het so tussen ons vingers verdwyn. Dit was maar net 'n versinsel van bang kinders in die donker wat iewers 'n puntjie gesoek het om krampagtig aan vas te klou teen al die woudverskrikkinge in hierdie verbysterende sameloop van omstandighede wat ons by gebrek aan 'n beter naam *die lewe* noem.

Want kyk, het ons toe nie met dieselfde gees begin soek na die oorsprong van ons gees nie — soos 'n man wat hom self omhoog wil trek aan sy eie skoenrieme?

Met ons speurende gees het ons begin ontdek, allerlei skrikaanjaende dinge, en dit wat ons ontdek het, is sienderoë in ons eie dag besig om al die vastigheid van die ou-ou tyd aan ons te ontneem.

Die sterrekundiges en kosmoloë ontdek dat die heelal iets so verbysterends is dat ons daarvan geen deursigtige begrip kan vorm nie; sterre en planete word gebore uit steeds nuwe melkwegstelsels, skei af, brand uit, en trek weg die oneindigheid in — waarheen? Waarvandaan? Wie sal vir ons díe vrae beantwoord? Wie sal vir ons 'n sterrekyker bou wat by die eindigheid verby die oneindigheid in sal kan kyk? Wie sal vir ons bepaal wat is ruimte en wat is tyd as ons moet afsien van die beweging van die aarde en die snelheid van lig en klank as vergelykende middels? Wie verlos ons mensies van ons betreklikheid?

Alles vloei en vervloei. Waaruit, weet niemand nie; waarheen, weet ook niemand nie.

Maar ook aan die teenoorgestelde kant van die beeld merk ons dieselfde ontdekkings. Ook die mikrokosmos, die dinge wat ons met die vergrootglas moet ontbloot, toon hierdie standvastigheid en vervloeiing. Die selle van ons liggaam, so is ontdek, bestaan uit nukleussure en eiwitte in 'n vaste vorm; hierdie nukleussure en eiwitte word oneindig afgebreek in ons liggaam en net so oneindig weer opgebou in dieselfde vorm — waarom die vorm behoue bly, weet geniemand nie. En hierdie durende dinamiese of

vloei-ewewig soos dit ook genoem word, kom voor in elke deel van ons liggaam, in ons bene, in ons tande, in ons skedels. Niks is vasstaande nie, dis in 'n ewige toestand van vervloeiende ewewig — afbreuk en heropbou in dieselfde vorm. Die helfte van die eiwitte in ons bloed word binne tien dae afgebreek en weer opgebou binne nog tien dae; die helfte van die totale hoeveelheid eiwitte in ons ganse liggaam word afgebreek en herbou in agt dae. En ons meen dat díe ding wat ons lewe noem, díe ding wat elkeen van ons het maar wat niemand kan uithaal en wys nie, díe ding wat ons met soveel liefde troetel as ons siel en waarvan ons glo dat dit onverganklik is, ons ontdek dat dit — die middelpunt van ons ganse wese — 'n voortgesette of aaneengeskakelde en onafgebroke gemiese proses of reaksie is tussen nukleussure en eiwitte wat sy aanvang het by die eerste lewende sel, oor die geslagte heen voortgeplant en voortgedra word en sal bly bestaan totdat alle organiese stof op aarde sal ophou om te bestaan.

Die lewe is onafskeidelik verbonde aan 'n gemiese reaksie, so is ontdek. Toe het ons op soek gegaan om uit te vind hoe díe gemiese reaksie ontstaan het in sy oerbegin, en ons het gevind dat ons die probleem moet oplos van die ontstaan van organiese stof uit anorganiese stof, want oorspronklik moes die aarde nie organiese of dierlike stof geken het nie. So is ontdek dat die oerklimaat of dampkring van ons aarde geen suurstof kon geken het nie, maar slegs bepaalde ander stowwe. Díe stowwe is toe in 'n gesteriliseerde proefbuis versamel en bestook met 'n hoë lading elektrisiteit — soos 'n donderslag — en na 'n tydlank is stowwe afgeskei wat gemies dieselfde stowwe is as díe waarvan virusse gemaak is — en die stowwe in die virusse is die stowwe van die selle, en selle — dis tog waaruit die mens opgebou is!

So het die wetenskap vir ons 'n beeld opgebou van gemiese reaksie wat begin het in 'n oerdonderstorm in die oerwêreld wat omring was deur 'n oerdampkring. Gaandeweg verander die dampkring en die gemiese reaksie loop uit op steeds ingewikkelder vorms met 'n steeds ingewikkelder struktuur, die een soort loop oor in 'n ander soort, totdat ons naderhand beland by die hoogste struktuur dusver — die mens. Dit is die evolusieproses — 'n gemiese reaksie wat uitloop op die mens.

Maar daar is nog enkele skakels in hierdie proses wat vir ons speurende gees onduidelik gebly het. Ons weet of vermoed dat dierlike stof uit nie-dierlike of anorganiese

stof ontwikkel het in 'n oerdonderstorm. Maar hoe het dit gekom dat nukleussure en eiwitte bymekaar uitgekom het in dieselfde sel, dáár voortdurend in afbrekende en opbouende wisseling met mekaar verkeer, hulle self voortplant in dieselfde vorm en in dieselfde reaksie in die opeenvolgende geslagte? Met ander woorde, ons staan hier voor die probleem van die lewe, die naakte probleem van ons ontstaan en bestaan. Maar reeds sê die natuurwetenskaplikes dat hulle die oplossing van hierdie probleem al in die verskiet sien noudat hulle die selbou begryp en weet waaruit dit bestaan. En as hulle dit ontdek het, gaan hulle die proses laat plaasvind in 'n proefbuis, net om te kan toon dat daar geen geheim meer is nie en dat die mens die skeppingsproses kan herhaal. Sodoende, verval dan ons hele opvatting van 'n skepping deur 'n ordenende en inwonende God, of anders gesê: die mens word 'n god, of nog anders gesê: die mens word sy eie god, of nog anders gesê: God verdwyn uit die skepping in sover as dit betrekking het op die ontstaan van ons soort op die aarde. Of altans: so skyn baie evolusioniste te dink.

Die bestaan van die mens word herlei tot 'n gemiese reaksie waaruit die mens te voorskyn getree het, maar waarin God skynbaar dreig om te verdwyn.

Dít is die geestesgestemdheid van die mens van ons tyd — die moderne mens, die hoogste produk van die gemiese reaksie: dat hy bedreig word deur die gedagte aan 'n skepping waarin daar g'n Skepper is nie!

Nog ontstellender word dit as ons ons wend tot die wêreld van die vaste stowwe. Die ou natuurwetenskap het twee-en-negentig elemente onderskei, en díe getal is beskou as onverminderbaar. Met die opbloei van die kernfisika is ontdek dat die wêreld van twee-en-negentig vaste stowwe 'n vastigheid gee wat op skyn berus, want in werklikheid kan dit alles herlei word tot protone en neutrone waaromheen elektrone sweef op 'n betreklike groot afstand, met ander woorde daar is slegs drie elemente. Maar verdere navorsing bring aan die lig dat daar maar één enkele stof is, en wat nog onrusbarender vir die wêreld van die wetenskap is: by 'n noukeuriger betragting van die nietig-kleine vervaag die grense tussen ruimte en tyd, en die volgorde oorsaak-gevolg of kousaliteit soos ons dit ken, verdwyn. Oplaas wil dit lyk of alle vastigheid om ons heen verdwyn of opgaan in lig, net lig, of energie of krag. En lig, krag, energie — wie gaan dit meet of vasstel wat dit is? Mens duisel van die onbestendigheid en onstandvastigheid van

dit alles, en dit is inderdaad geen wonder dat die bestaan van diegenes wat met hierdie speurwerk besig is, voortdurend vloei en vervloei nie. Alle vaste dinge in ons bestaan, of dinge waarvan ons geglo het dat hulle vas is, verdwyn in lig sodra ons die grondslae daarvan wetenskaplik begin ondersoek. Tradisies, sedelikheid, goed en kwaad — wat is dit en wat is hulle waarde?

Niks? En moet dit alles verdwyn om hulle waardeloosheid?

Is die antwoord op al hierdie oorwegings nie dat die ware bestaan van die mens nie in die stoflike lê, maar wel in die geestelike nie? Is die uitweg uit die angs van ons tyd nie in 'n hegter geloof in die gees, die siel nie? Want juis die gees of siel: dis tog díe ding wat elkeen van ons het, maar wat niemand tot dusver nog kon haal uit sy skuilplek en aan sy medemens toon nie. Die gees, die siel, díe deeltjie oerstof waaromheen ons liggaam sigbaar vorm aanneem, maak van ons wesens van die Lig, openbarings van ons Skepper — wat self net Lig is. Is dit nie die betekenis van ons bestaan nie: Elkeen van ons is g'n vaste punte nie, maar lig wat uiteindelik moet opgaan in Lig?

* * *

Dit alles het 'n eiesoortige uitwerking op die kulturele instellings van die mens, want as dit dan so is dat ons ou opvattings van ons bestaan 'n skynbeeld was wat op niks in die werklikheid berus nie, as dit so is dat ons ons omgewing sien op 'n manier waartoe ons geen reg gehad het nie; as dit so is dat dit wat EK is voortdurend vloei en vervloei en dat die blywendste deel van my slegs die vorm is — die vorm van my liggaam en die vorm van my selle — wat ook verval sodra my gemiese reaksie gaan staan en wat slegs kan bly voortbestaan deur dit met voortplanting oor te dra aan die volgende geslagte wat ook gedwing word om met die voortplanting voort te gaan of te verdwyn; en as dit so is dat God — die leweskeppende God waaruit en waarin alles is — skynbaar net nog geduld word totdat ons wetenskap daarin slaag om 'n lewende dierlike sel te skep uit dooie nie-dierlike of anorganiese stof en daarmee die rol van die Skepper uitskakel; as dit alles dan so is, verval daarmee nie alle vastigheid wat ons dusver vir ons ingebeeld het dat ons dit het nie? Voer ons God nie 'n voorwaardelike bestaan, van dag tot dag, totdat Hy onttroon word nie? Moet ons ons geloof in God opskort en van dag tot dag hersien in die lig van ons wetenskaplike vordering in die etmaal wat

verby is? Alles in ons en om ons verloor vastigheid, vloei en vervloei, en dit skyn of die vaste grondslag van my geloof in 'n orde of stelsel opgehef word. Die sanksies vir my sedelikheidsopvattings is aan die wankel, my opvattings van reg en geregtigheid, van goed en kwaad, gaan aan die beweeg en skynbaar verskil dit van dag tot dag; kulturele instellings het geen waarde, godsdiens word voorwaardelik en verloor sy sin, landsgrense het geen betekenis meer nie en die instelling van state word waardeloos, die natuurlike skeiding tussen die menslike soorte is 'n skyn wat geen waarde het nie en wat opgehef moet word, sonde bestaan nie meer nie, want wat is sonde en waaraan moet dit gemeet word? Aparte state moet verdwyn en die ganse mensdom word één groot internasionale eenheid, die nasionale verdwyn en word vervang deur die superstaat, ons gebondenheid aan die aarde verdwyn en ons gaan na willekeur na enige planeet in die ruimte en keer terug wanneer dit ons behaag. Moet ons hele kulturele stelsel nie hersien word nie? 'n Blywende huwelik met die gebruiklike huwelikstrou, het dit waarde of moet dit verdwyn en plek ruim slegs vir voortplanting van die vorm? Sal ons soos wurms wemel en aanteel? Voortplanting, skynbaar is dit al wat tel, die enigste waarborg dat ons vorm behoue sal bly en nie sal vergaan nie.

Alles waaraan ons maar kan dink moet aan die vloei en vervloei gaan, ewigdurend, want ons is 'n produk van 'n nimmereindigende gemiese reaksie. Saam met die reaksie self sal ons tot stilstand stol.

In hierdie nuwe toestand moet ons vir ons opnuut rekenskap gee van die betekenis van die woord *kultuur*. Om konserwatief te wees, standvastig, geheg aan orde en reëlmaat, geheg aan oorlewering en tradisie, geheg aan die sedelike waardes wat ons gebou het op die ou Godsdiens, sal dit beteken dat ons agterlik is, outyds, uit die ou doos? Sal die verklewing daaraan nie in ons gees 'n aaklige kloof skep tussen ons nuwe kennis en ons ou kulturele (d.w.s. emosionele) reaksies, en sal dit nie by ons 'n geestessiekte te voorskyn roep wat aan kranksinnigheid grens omdat ons persoon daardeur in twee gesplyt word nie?

Kan daar nog onderskeid wees tussen die een land en die ander land, onderskeid tussen die een volk en die ander volk, onderskeid tussen wat joune en wat myne is? Kan daar nog regstelsels wees as daarmee bedoel word blywende instellings wat die verhoudings tussen volke en tussen persone volgens vasgestelde voorskrifte van geregtigheid

en regverdigheid moet besleg? Kan daar nog geregtigheid wees as daar geen oortreding is nie — behalwe dan dat jy nie mag ophou om jou vorm voort te plant nie? Die vervloeiende, die stoflike en die geslagtelike — is dit die nuwe?

As EWEWIGTIGE VERVLOEIING op die troon van die SKEPPER te sit kom, sal alles in sý skepping aan die vloei en vervloei bly, en dit sal die enigste toetssteen wees van die nuwe kultuur; die nuwe godsdiens, die nuwe sedelike opvattings, regstelsel, menslike waardes en verhoudinge.

* * *

Die natuurwetenskappe het in ons tyd 'n nuwe bygeloof geword — die bygeloof dat die natuurwetenskaplikes deur middel van die rede en die proefbuis en 'n kennis van die sintuiglik waarneembare dinge die raaisel van die lewe gaan oplos, en daarmee die doelbewuste skepping as godsdienstige beginsel uitskakel. Net soos die vals profete van ouds telkens 'n dag vasgestel het waarop die ganse wêreld dan sou vergaan, net so beloof hulle van dag tot dag dat hierdie oplossing van die lewensgeheim nou net om die volgende draai is. So stellig is hulle in hulle beloftes en hulle oortuiging dat hulle die wonder van die Skeppingsdaad gaan ontsenu, dat hulle hulle medemense omrokkel om hulle godsgeloof en godsvertroue van dag tot dag op te skort — hangende die beloofde openbaring. Daardeur kom onrus in ons bestaan en alle lewensvreugde verdwyn. En as ons die kritieke volgende draai bereik waaragter die finale waarheid te bereik sou wees, ontdek die natuurwetenskaplikes òf dat hulle op 'n dwaalspoor was, òf dat daar nog oneindig veel meer dinge is onder hierdie son waarvan hulle met hulle proefbuise nog gans niks af weet nie en waarvan hulle die bestaan nie vermoed of bevroed het nie. Pleks dat hulle ruiterlik erken dat die rede en die proefbuis ook middele is waardeur die Skepper werk om Sy ewige plan te volvoer, probeer hulle self die plek van Skepper volstaan. Daar is onder hulle wat erken dat hulle wetenskap 'n nuwe weg baan na God, 'n weg ewewydig met en naas die godsdiens, maar meestal versuur hierdie roekelose nuwe barbaredom ons bestaan en maak ons lewens arm aan vastigheid en vertroue en waardigheid.

EK, ek ly nog aan die ou kultuur, aan die ou instellings van sedelikheid en godsdiens, en ek probeer nog onderskei tussen goed en kwaad, ek weet wat myne is en wat joune, vir my berus die verskil tussen volke nie op sintuiglike bedrog nie, ek vertrou op 'n Goeie God, ek probeer my

lewe inrig volgens die ou geloof omdat ek vertrou dat EK is en dat ek IS in en deur Hom. Ek gevoel my 'n God-gelowende en 'n God-aanbiddende mens, vir wie God die Maker is van al wat is, wat was, en wat ooit sal wees, die Orde in die Ordelikheid en Wetmatigheid wat so diepsinnig en omvangryk en tegelyk so eenvoudig deursigtig is dat selfs die mens 'n skimbeeld kan vorm van die ewig vervloeiende vorm en met die oë van 'n kind die reinheid en die ewige vaste orde daarvan kan aanskou — die Kern van alle dinge, die Vorm wat blywend is en wat in die Ewige Vloeiing ook Sy Wil laat geskied.

Ons ken ten dele en ons weet ten dele, en dit sal nooit anders wees dan dat ons só ken en só weet nie. Maar wat ons ken en wat ons weet is so aan ons gegun tot ons vertroosting en tot die versterking van ons geloof aan die Ewige, Enige God van gister, vandag en more. Wat ons ken en wat ons weet — uit die aard daarvan altyd betreklik — moet dien daartoe om ons sin vir waardes te behou en om waardige en waardevolle skepsels te bly, vaste punte deur al die vervloeiing heen —— die ewewigtige in die vervloeiing.

Om ten volle te ken en ten volle te weet sou die mens plaas op die troon van sy Skepper — sou wees 'n vernietiging van die skepsel en sy Skepper.

ABRAHAM FOUCHÉ:

Wekroep

Hy is tronkbewaarder
en vóór die tronk
giet hy water uit oor
'n mieliestronk.

Hy doen dit vir die stem
van die spotter doof;
die Almag het laggend
die daad geloof:

Skitterend het die nefrietgroen
blare van hoop
aan weerskante van
die muur uitgeloop!

PIROW BEKKER:

Die Skotteleg

Dirkie het die trekker stadig en versigtig deur die plaashek gestuur. Die hek was effens skuins oor die pad en daarom het die skotteleg net-net gepas. Die voet wat die koppelaar losgelaat het, was lam en rukkerig en daar was ook 'n lamheid in sy rug van die heeldag se pynlik netjies ry om pa te wys hy kan tog die trekker bestuur.

Hy was moeg en 'n klein bietjie roekeloos. Toe die een skottel om die hekpaal glip, was dit een oomblik asof hy buite hierdie ding staan.

Maar die volgende oomblik skop albei voete op koppelaar en rem. Dit was te laat. Die een kant van die skotteleg het 'n klein entjie teen die paal opgeklim. Daar was 'n kraak en skerp klapgeluid soos die paal net bokant die grond breek.

Die skotteleg het van die geweld vorentoe geruk en geswaai.

Josop wat die hek oopgemaak het, se oë was groot en wit.

"Jy het hom gabreek!"

'n Magtelose holte was in sy maag. Wat help dit tog? Wat help dit tog dat hy die hele dag so mooi bestuur het om pa te oortuig?

Onder sy hande het die stuurwiel gerittel. Hy kon dit breek. En sy hande ook.

Hy het afgespring. Die een kant van die skottels het in die lug gestaan. Die as was heeltemal verbuig in die koeëlgewrig en nog erger — die bus was regdeur oopgebars.

Hy het teruggekyk om te sien of pa dit nie dalk gemerk het nie. Maar by die opstal was dit stil. Daar is klaar gemelk. Die weste was nog effens geel opgehewe van die vlieswolkies.

Om hom het die twee honde mekaar baldadig geskraap en met opgetrekte lippe en krom lywe na mekaar gehap. Toe word alles te veel vir hom: die honde, Josop se beangste oë en die trekker wat rustig plof.

Hy skakel die trekker af en slinger 'n klip wild na die honde: "Sie-jy!"

"Josop, kon jy nie . . . ?"

Hy besef die ongegrondheid van die aantyging en sak op sy knieë neer langs die gebuigde skotteleg. Maar daar

is niks meer wat sy oë hom kan vertel nie. Hy het alles reeds met die eerste oogopslag ingeneem.

"Hotnot, wat staan jy so? Help dan!"

Hulle beur, albei stil. Hy besef nie dat dit nodeloos is nie, nie voordat Josop hom aanspreek nie: "Hy help nie. Ons moet hom huis toe vat vir die oubaas..."

"Is jy mal! Dan gaan ons aan. Ek sal vir baas Herklaas sê." Nee, nie terug nie. Nie na pa toe nie. Duisendmaal eerder na oom Herklaas toe. Hy sal met oom Herklaas praat. Hy sal hom betaal ook, maar sy pa moet dit nie weet nie.

"Wat van Hentie?" vra 'n stemmetjie.

Vanmôre toe hy en Josop oom Herklaas se werf binnegery het om die skotteleg namens sy pa te leen "om die stukkie nuwe grond so bietjie mak te maak," het Hentie in die tuinpaadjie gestaan. Sy het 'n helder rokkie aangehad. Haar oulike poniestertjie wat hom altyd onwillekeurig half aan 'n waaierstertmeerkat s'n laat dink het, het geblink in die vroeë son.

Hy het gevoel sy kyk vir hom en hy was vies toe die trekker kwaai oor die hobbelrige kweek voor die hekkie wip en hy byna onbelangrik op die sitplek saamwip. Oom Herklaas was by die buitegebou doenig en hy het afgedraai in daardie rigting.

Daar teen die muur het die skotteleg gestaan.

Oom Herklaas was op sy een knie besig om sout in 'n groot badskottel met die hand om en om te roer. Die sout het al 'n sweterige voorkoms gehad van klein bietjies van 'n vloeistof wat hy ingeroer het.

Dirkie het hom altyd geken as streng en kortaf. Eers nadat hy die doel van die sending gehoor het, het hy effens orent gekom en met 'n aangeklamde hand op sy knie gedruk.

"Hoe groot is die stuk? Sal jou pa vandag klaarmaak?"

"Nie groot nie. Ons sal klaarkry, Oom."

Hy het die hand teen sy broekspyp gevryf. "Nee, want ek wil die skotteleg môre hê. Ek wil vroeg-vroeg in daardie stuk met die vuilgoed onderkant die populierbos spring. Ek moet daardie blouduiwels bietjie sny voor ek hom ploeg. Anders sal die ploeg te veel pak."

"Ek sal vir pa sê. Ek sal hom vanaand nog terugbring, Oom."

"Goed. Soe, hoe brand so 'n seerplek van die sout. Roer bietjie vir my die sout goed deur, jong. Ek sal gou kyk of die eg reg is."

Toe hulle voor die huis verbyry, was Hentie nog in die tuin. Hy het geweet sy kyk hulle agterna en hy het groot gevoel. Sy pa vertrou hom al alleen met die trekker.

Dit was maar vanoggend eintlik die eerste maal. Hy het al die trekker bestuur, maar dan was pa altyd by en dit was altyd net in die land.

Vanoggend kon hy sien pa is huiwerig, maar daar was die klompie siek lammers ook wat medisyne moes kry. En hy het altyd geweet sy pa se hart lê meer by die diere.

Eindelik het hy gesê: "Jy moet mooi ry, Dirk. En jy maak nou nie ongeluk nie, hoor. 'n Trekker is nie 'n ding om mee te speel nie."

Hy het vinnig sy kos weggesluk en uitgedraf om Josop te roep, maar ma het hom oudergewoonte voorgekeer: "Trek eers vir jou 'n ander broek aan. Kyk hoe lyk daardie broek agter. Jy kan nie so ry nie."

Toe kon hy skielik ook tyd vind om sy kuif so bietjie nat te maak, want Hentie . . .

Met die eerste paar draaie was pa by, maar daarna het hy hom en Josop alleen gelaat — Josop op die skotteleg.

Toe pa later vir hulle kos bring, het hy nog eers 'n draai gaan maak totdat pa hom gewink het. Terwyl hy in 'n pol neersak met die bord in sy hande, het sy oë oor die land gegaan. Hy verdien ook mos nou sy sous!

As pa nou hiervan moet hoor . . .

Hy word meteens weer bewus van Josop se vraende oë.

"Dan moet ons maar ry." Hy sou dit eerder nog langer wou rek. Dink aan 'n moontlike uitkoms.

"Enne die paal?"

"Ons kom plant hom vanaand nog in. Die oubaas moet niks hiervan hoor nie. Jy bars as die oubaas 'n woord hiervan hoor. Ek sal vir baas Herklaas ook sê."

"Marre die pêr. Newedjaar hy sal uitloop in die gang."

Dis waar. Hy het nooit daaraan gedink nie: Nuwejaar, sy pa se spoghings, loop in die huiskampie.

"Nou toe kom. Dan moet ons 'n plan maak."

Hulle druk die stukkie draad wat platlê, orent. 'n Eerste poging om dit staande te hou, misluk.

"Hy wil net slaap," lewer Josop kommentaar.

"Lê!" Hy vervies hom vir die klong se gebrekkige woordeskat. Om vir alles wat lê, 'slaap' te wil gebruik! " 'n Paal lê!"

Eindelik slaag hulle met behulp van 'n stukkie geroeste doringdraad wat hulle met groot gesukkel van 'n ander paal losgedraai het.

"As hier tog net nie vanaand kuiermense kom nie. Of as pa dalk vanaand ry..." praat hy meer met homself. Dan tot die klong: "Ons moet gou maak en sommer nou-nou terug wees."

Maar dis nie so maklik nie. Hy kyk terug na hoe die eg soos 'n kruppel ding agterna hobbel. En al stadiger ry hy, omdat dit al swaarder word.

Intussen slaan die skemer vinnig toe waaroor hy bly is. 'n Haas hardloop met regop ore oor die pad voor hom. Vanaand sien hy dit nouliks raak; 'n ander aand sou hy die twee honde wat lui agterna draf, se aandag op die haas vestig met 'n "Tjoeoeee!! Whoeka! Whoekaaa!!"

Hy probeer sy gedagtes wegdwing van die spanning in hom: Daar skuins anderkant daardie ou klippaal lê altyd 'n ryperd van 'n rooibeentjie. Hy wonder of hy nog daar boer. Daardie rooibeenvlakhaas kan vir jou hardloop! Kies altyd 'n voetpaadjie, soos hulle soort maak.

Hy wil Optel nog soontoe vat. Daardie rooibeentjie sal nie vir Optel weghardloop nie. O, nie vir ou Optel nie. Optel sal net drie maal skiet en die vierde maal tel hy hom op. Dis darem te sê as rooibeen se kind nie 'n gat kry nie. Mens moet dit by sê. Maar dis mos nie die hond se skuld nie.

Pa sê 'n haas hardloop nie met toe oë nie, maar hy het self eendag gesien hoe 'n vlakhaas hom morsdood teen 'n miershoop hardloop.

Hy is skielik vies vir homself dat hy nie die honde netnou op daardie haas gesteek het nie. Optel kry juis so min oefening. Jammer, hy's so stadig deur 'n draad. Hy't nou die dag weer sy bors so lelik gesny teen 'n ankerdraad onderkant oom Herklaas.

Maar sy gedagtes is lig, deurskynend. Deur alles maal die hinkende skotteleg.

Hasejag kom darem nie teen trekkerry nie. Of hy weet ook nie. Vandat hy Optel het — hy het hom self van 'n klein hondjie af grootgemaak — is elke oorwinning oor die naellopers van hierdie veld vir hom persoonlik 'n oorwinning. Hoe baie het hy nie gesien nie hoe 'n rooibeentjie van sy lêplek af opstaan en pronkerig voor 'n hond wip asof hy bewus is van laasgenoemde se onvermoë?

Die trekker weer gee hom 'n gevoel van baasskap oor iets groots en sterks. Netnou weer was hy intens bewus van die ding se dom krag toe hy na die ongeluk so voldaan staan en plof het. En dit was maar nou die dag dat pa hom vir die eerste keer toegelaat het om op die trekker te klim.

En nou sal dit verby wees.

Hy hou 'n rukkie later weer stil.

Die windhondreun wat flus die reuk van die haas gekry het, draf op hoë bene regs van die pad en snuffel tussen die skemerige bossies. Die teef vorder net tot by die draad en volg dan sy bewegings sonder om deur te kruip.

Dirkie vroetel aan iets by sy voet, maar konsentreer nou sy gedagtes op 'n uitweg.

Hy kan wag tot dit goed donker is en dan die skotteleg op sy plek langs die buitegebou gaan afhaak en maak asof niks gebeur het nie. Maar slegs 'n oomblik neem hierdie gedagte sy aandag in beslag. Dit kan hy tog nie doen nie. As oom Herklaas môreoggend moet opstaan om land toe te gaan en vind sy skotteleg is gebreek, sal dit soveel erger wees.

En pa? Hy kan daaraan nie eens dink nie.

Kan hy nie maar sê die eg het in die land gebreek nie? Maar ook hierdie gedagte verwerp hy sonder meer as hy daaraan dink dat pa hom nog agterna gekyk het toe hy wegry.

Daar bly net een ding oor: Hy sal moet bieg aan oom Herklaas. En hy sal hom moet vra om dit dig te hou vir sy pa. Maar hoe sal hy sê? Sê nou Hentie is by? Nee, hy sal sorg dat hy en die oom alleen is. Sal hy vra dat die oom vir Hentie ook nie moet sê nie?

Hy ry aan. 'n Ruiter swaai van 'n sykamp af in die pad in. Hy herken hom as oom Herklaas se jong.

Dadelik ry hy stadiger. Hy wil nie die jong verbysteek nie, want dan sal hy die gebreekte eg sien en alles loop bederf. Of miskien kom daar nog 'n . . . plan, wie weet. Dan het die jong klaar gesien.

Sterk donker nader hulle oom Herklaas se opstal. Honde blaf, maar gelukkig kom niemand te voorskyn nie. Lig stroom by die eetkamervenster uit waarvan hy aflei dat die mense besig is om te eet.

Langs die muur van die buitegeboutjie trek hy die eg, maar haak nie af nie. Hy skakel die trekker af. Dit sal makliker wees om die oom hierheen te bring en dan vir hom te sê.

Josop sê nie 'n woord nie, maar verdwyn in die rigting van die strooise. Dirkie laat hom eers begaan, maar roep hom dan terug. "Jy sê nie 'n woord hiervan by daardie oompies van jou nie, hoor."

Toe hy huis toe loop, merk hy dat Optel nog by hom is. Die teef het blykbaar omgedraai. Skielik is die reun baie

naby aan hom, die enigste vriendelike ding in 'n vyandige wêreld.

Oom Herklaas-hulle sit om die etenstafel toe hy binnekom. Hentie is vanaand vir hom mooier as ooit, maar dis vir hom of daar iets tussen hulle is, of sy onbereikbaar is.

Die tante vra of hy nie wil saameet nie, maar hy bedank, jok dat hy klaar geëet het.

"Het jy alleen gekom?"

"Ek en Josop, tante."

Hy sit in die holte van die stoel. Sy stowwerige bene kleef aan die kante vas en hy vryf aanhoudend met die een kaal voet oor die ander.

"Ek kan darem nie verstaan dat jou pa julle twee met die trekker vertrou nie. Mens lees so baie van ongelukke. Nou die dag nog wanner het 'n trekker op 'n groot man geval toe hy sy dam geskrop het."

Dirkie voel Hentie se oë op hom. "Ja, tante. Nee wat, tante..."

Sy oë glip kort-kort oor oom Herklaas se gesig. Die oom is klaar en het sy elmboë reguit voor hom op die tafel geplant.

"Ja, julle kinders van vandag het darem anders. Toe ek so groot soos jy was, het ons net een trekker geken: 'n tolletjie met kerswas en 'n stukkie rek. Dit was ons trekkers."

Die ou aia steek haar kop by die deur in en sê Samuel wil met die oubaas praat. En skielik vat hy sy oë toe. Die ander weet wat gaan volg en buig eerbiedig die koppe.

Hy dank met swaar stem en loop sonder 'n woord uit.

Hentie beduie die klonkies het vir haar twee kraanvoëltjies van die veld af gebring en hy moet kom kyk. Sy soek 'n flits en hy volg haar sonder belangstelling.

In 'n kassie met ogiesdraad beweeg die twee donskoppies. Sy vertel opgewonde hoe hulle veldsprinkaantjies uit haar hand pik, maar haar geesdrif gaan by hom verby, byna asof hy waardig geword het.

Terug in die eetkamer, sit oom Herklaas en rook. Nou móét hy iets doen.

"Oom...e...ek wil net hê oom moet...na iets kom kyk."

Hentie aarsel, maar gaan gelukkig deur kombuis toe.

"Wat?"

"Hier op die stoep, oom." Hy sluk.

Oom Herklaas vat sy tabaksak, loop half onbegrypend vooruit. In die gang vra hy sonder om om te kyk: "Is dit die voëls?"

Dirkie antwoord nie.

Maar toe hulle op die stoep kom, wend die oom hom onverwags tot die seun asof iets hom te binne geskiet het: "Jy moet jou nie aan die tante steur nie, man. Kyk, daar is 'n fout met my trekker en ek moet môre 'n man van die dorp af laat kom om na hom te kyk. Nou, kan jy nie maar môre vir my daardie stukkie onderkant die populierbos met die skotteleg kom inbreek nie? Jou pa het tog nie nou werk vir die trekker nie."

Die seun aarsel. Hy voel die sement koud onder sy voete.

Nou moet hy sê. Praat. Of ... Daar is 'n uitweg nou. 'n Goeie uitweg. Hy kan môre baie vroeg kom, as die oom nog slaap. Dan kan hy maak of die skotteleg in die land gebreek het oor 'n klip. 'n Groot klip wat onder die grond weggekruip het, ja. En dit in die donker boonop ...

Maar hy aarsel nog. Die groot man sien sy huiwering, maar hy dink dis oor sy pa.

"Ek sal jou pa sommer nou bel en vra."

Sy pa sal nie weier nie. Eindelik sê hy:

"Goed, oom. Maar ek sal baie vroeg kom, oom."

"Reg, ou seun."

"Dan wil ek maar ry, oom." Hy gaan sê gou binne nag. Die oom volg hom die huis in.

Hy draf na die trekker. Josop is nie daar nie, maar hy wag gewoonlik langs die pad waar dit naby die volkshuisies verbygaan.

Die afhaak is 'n gesukkel en hy vervies hom vir die Hotnot.

Eindelik vat die trekker. Die paal moet nog gou ingeplant word. Oom Herklaas sal nou bel.

Die ligte skakel aan. Terselfdertyd laat sy voet die koppelaar opskiet. Toe is daar die gesmoorde tjank van 'n hond en verwarring in die seun se binneste.

'n Oomblik later kniel hy oor Optel. Daar is geen lewe meer in die hond nie, want die groot agterwiel het oor sy mooi, diep bors geloop.

Maar hy is nog meer verward: Daar is 'n tou om Optel se nek en die ander punt is aan die trekker vas.

Wie sou dit ... ? Oom Herklaas roep van die huis se kant af en kom nader. Toe hy naby Dirkie is, sê hy: "Ek het skoon vergeet om jou te sê, maar die jong het netnou vir my kom sê die hond pla. Daardie opregte, laatkomde tefie van my ... Toe het ek hom sommer hier laat vasmaak. Maar jy kon ook voor die wiele gekyk het voor jy gery het. Hoekom is jy so onverskillig, hè?"

In die skerp agterlig van die trekker is die gebreekte skotteleg duidelik sigbaar.

Maar die seun kniel nog oor die hond. Hy gee nie meer om nie. Hy haat skielik die trekker met sy brute krag, waaroor hy gedink het hy beheer gehad het. Optel, Hentie, sy pa is een warreling.

Oom Herklaas kom tot by hom. Hy sien die gebreekte skotteleg en gaan kyk daarna, maar hy bly woordeloos. Die seun kyk op en hy sien die pyn in sy oë. Dan gaan hurk hy ook en vat aan die hond se warm liggaam.

"Ek het oom se skotteleg gebreek, oom. Ek het gedink ek kan... al goed ry, oom. Die hekpaal..."

En die ouer man verstaan. Maar hy begryp ook dat die seun hier voor hom 'n oneindig groter skade gely het as hy. Hy was nalatig om nie vir hom te sê dat hy die reun hier laat vasmaak het nie. Dat die hond wat soveel vir hom moes beteken het, dat hy sy geluk daardeur moes vernietig.

"Ek sou alles gedoen het, oom, as oom net nie vir pa sou sê nie. Maar ek het die verkeerde ding gedoen. Oom, sal oom nou asseblief vir pa sê?"

Hy lê sy hand op Dirkie se skouer. "Ek sal tog jou pa bel, ou seun, al is die eg nou stukkend. Jy het swaar genoeg geboet."

Toe hy opstaan, weet hy wat hy vir 'n seun se vader gaan sê — 'n verslae seun wat nie van sy hond wil padgee nie.

By die Jongeres

J. G. H. COMBRINK:

Na die Dans

Klaar gejol.
Ja dit was dol.
Die ritme klop
my bloed nog vol.

C. M. DU PLESSIS:

Die Nagwag

Die gryse skemering van maneskyn
Het lankal in die niet verdwyn
Die môrester se knikkerlig van ver,
Word deur 'n donker wolk versper.

Net een beweging op die hoë muur —
Die brandwag wat in swye waak,
Oor die stad wat slaap tot die uur
Wanneer die eerste lig die toringtoppe raak.

In die sagte silwer lig het hy getel.
Die vae rante op die horison.
In die duisternis het hy gestel,
Sy hoop op strale van die môreson.

Stadig stap hy heen en weer
Sy oë telkens op die oosterkim gerig.
Die diepste duisternis sak altyd neer
Kort voor die strale van die eerste lig.

Eindeksamen

Die lig brand blindend wit
'n Mot draai om en om . . .
Hier op die tafel waarby ek sit
Lê my boeke oop, en wag . . .
Deur die ope venster sweef
Die sagte ritme van die nag.
My oë is moeg en skerp lig weef

Die letters swemmend deurmekaar.
Die stad ruis van veraf aan . . .
Eentonig draai en draai die mot
'n Muggie volg hom in sy baan . . .
Verder druis die stad se stem
Dowwer en dowwer word die lig . . .
Tot ek my oë teen duisternis voel rem.
Ver kan ek 'n muskiet hoor soem . . .
Toe word dit alles stil . . .

'n Hond blaf skielik hard
Ek skrik orent, my hart spring!
Maar al wat my oë tart
Is net die boeke, in die wit ligkring
'n Bietjie vars lug, die nag is koel
En die windjie streel liggies
Oor die natgedoude gras.
As ek maar hier kon sit
Waar die nag so rustig dut.
As ek maar uit sy drome kon put
Die vrede vir 'n moeë siel,
Soos die nag wat slaap so soet.
Maar daar binne lê die boeke nog
En ek moet gaan, ek moet.

Winternag

Dis stil
Ook die strate slaap en rus.
'n Mot of twee draai om en om,
Draai minute en eeue om . . .

Dis donker.
Net hier en daar, gemeet,
'n Geel vlek, langs 'n regop paal,
Wat 'n kol in die donker straal . . .

Dis koud.
Die koue vat aan elke huid.
Dit bleik op elke blaar
En skimmel wit die veld, maar . . .

Dis stil.
Geen honger hond wat huil.
Die nag lê in stilte gesus
Die dorpie slaap en rus . . .

HANS DU PLESSIS:

Sipres

Waarom ween die winde
As hul deur jou takke gaan?
Is dit heerlik om vir ewig
In die doderyk te staan?

Is dit mooi as als verby is
As die vlees jou wortels voed
En jou lewe altyd groen is?
Is dit alles mooi en goed?

Kyk hoe gryns die marmerbeelde
En die dowwe maan
Is jy bly dat jy nie sterwe
As die dood verby jou gaan?

Hou jy van die lewe
As dit altyd groen kan bly
As jou blare nooit vergaan nie
En jy altyd regop bly?

Kyk daar in jou takke
Woon 'n wys ou grootoog uil
En hy luister as die winde
Deur jou hoogste blare huil.

Boekbesprekings

JOHANNES MEINTJIES: *DIE SOEKENDES*. (Afrikaanse Pers Beperk, Johannesburg, 1958; 5/6).

Om die onverwagte dood van die toonaangewende skilder, Paul Perold, trek Meintjies die drade bymekaar van 'n hele aantal lewens met uiteenlopende geaardhede en ideale. Terwyl Perold reeds dood is en hulle nog meen dat hy slaap, word sy skilderye verkoop en oor vele dinge beslis — sodat die ontdekking van sy dood aan die slot as 'n verrassing kom.

Maar Perold se dood is nie noodwendig vir die voltrekking van elke karakter se aard nie; die omstandighede werp hulle nie waaragtig in 'n lotsbeslissende moment nie. Waar wel in dié rigting gewerk word (bv. Aubrey, die student, wat sy skilderye verkoop om studiegeld te bekom) bly dit baie bólangs en onoortuigend (dit blyk bv. nooit vooraf dat Aubrey geldnood het nie).

Daar is interessante moontlikhede vir karakterskepping, maar dit word nooit verwesenlik nie; afgesien van die praktiese besware wat 'n mens teen die vaardige hantering van soveel karakters tesame op die verhoog het, is Meintjies ook nie by magte om reg aan elk te laat geskied nie. Selfs Perold, die hoofkarakter, bly heel vaag en onoortuigend. Elkeen is gans te bewus van homself, ken sy eie aard en moontlikhede te deur-en-deur; en elkeen sê maar sy rympie op om homself bekend te stel: „Ek is altyd so selfstandig, so gesond en lewenslustig en vurig" (Perold p. 9); „Paul beskik oor al die hoedanighede wat my ontbreek" (Aubrey, p. 10); „Vir my beteken geld veiligheid, en daardie sekuriteit *moet* ek hê; daarsonder is ek 'n swakkeling" (John, p. 26); ensovoorts.

Die karakter van die harlekyn openbaar soms mooi moontlikhede; daarteenoor is die Vreemde Vrou gans te onbeheers en ondeurdag, selfs as „abstrakte karakter" om selfs maar in die minste te oortuig.

Die taal hou al te dikwels geen rekening met die praat van mens tot mens nie. (Hoekom kan ons dramaturge nie hierdie elementêre lessie leer nie?) As kerslig Paul darem „deprimeer" (11); of hy voel hom nie „in staat om daarmee tred te hou nie" (10); of hy „waardeer jou menings aangaande myself en my werk" (9), dan praat hy darem al te veel in die wind. Geef ons natuur en waarheid weer!

Die toneelaanwysings: waarom sulke onnodighede bylas dat Aubrey vir sy M.A. studeer; dat Rex omgang met Paul „onvermydelik" vind; dat Paul en die harlekyn „ongemerk" die partytjie verlaat het? Shaw het die drama die ondiens van uitweiding bewys: ons moet leer om maar self ook die nodigheid van gesegde dinge te weeg. As die drama self nie iets oor 'n karakter kan sê nie, is dit tog ook onvanpas in die aanwysings.

Soms, veral in die harlekyntoneel, voel 'n mens dat Meintjies (ondanks heelwat melodrama en sentimentaliteit) wel tas na iets moois en glansends. Maar om dit te kan vát, daarvoor is veel meer tug, veel meer beheersing van

stof, veel meer waaragtigheid van karakterbeelding, veel meer vaardigheid in die plooi van noodwendighede nodig.

ANDRÉ P. BRINK

N. P. VAN WYK LOUW: *SWAARTE- EN LIGPUNTE* en *'N WÊRELD DEUR GLAS* (Albei Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1958; 17/6).

Die opstelle het almal reeds in die oop gesprek-reeks in *Die Huisgenoot,* en in Standpunte verskyn, terwyl die *,Mens' agter die boek* ook afsonderlik in 1956 in 'n beperkte oplaag gepubliseer is.

Albei bundels gee „benaderings van die literatuur," en albei gaan in besondere mate oor die arbeid van die kritikus. Louw se benadering sluit aan by die beweging wat in Europa en die V.S.A. sedert die vernuwing van die Formaliste in Rusland aan die gang is — dié benadering, naamlik, van „il faut lire ce qui y est, tout ce qui y est, rien que ce qui y est" (Lanson); die bemoeiing met „what is on the page" (Leavis); en die opvatting dat „das literarische Kunstwerk ist ein aus mehreren heterogenen Schichten aufgebautes Gebilde" (Ingarden).

By Louw moet ons nie die „oplossing" van literêre probleme soek nie. Telkens wy hy hom bewustelik alleen aan die een taak om dit wat as sekerheid aanvaar is, as probleem nuut voor te stel; en dan is die doel daarvan om deur hierdie nuwe aansig die leser te prikkel tot eie ondersoek, eie nadenke. „As 'n mens daarin kan slaag om die literêre denk by ons net wakker te maak sodat elke belangrike term wat ons gebruik, eers 'n paar keer in die gedagte omdraai, is daar al iets gewonne," lui dit in *Literêre Teorie ('n Wêreld deur glas,* p. 79); en in *Die „Mens" agter die Boek (Swaarte- en Ligpunte,* p. 93) weer: „Ek moes iets wat vir baie mense vanselfsprekend lyk, problematies maak."

Die één punt waarop elkers afgestuur word, is om die kritikus bewus te maak van sy menslike beperktheid, en daarom van nederigheid: die nederigheid wat „oop" voor elke probleem en elke kunswerk gaan staan en wat nie met vooropstellings kom of volgens 'n skema te werk gaan nie. Juis daarom het Louw dit ook so hewig teen die psigologisme in sy verskillende gedaantes. In sy gedurige besinning op probleme huiwer hy nooit om sy eie argumente in die bek te ruk, te heroorweeg en verantwoordinge en juister „stellinge" te vind nie. In sulke stukke, waar hy in gesprek verkeer met die alter ego, blyk veral duidelik die eindelose geduld, die gedurige meet-en-pas, die naarstige ywer om die regte handskoen vir die regte hand te vind — en bowenal die vermoë om elke probleem stap vir stap te benader, geduldig al dieper te vors tot by die „ligpunt" binne die „swaartepunt." Wel verlei hierdie gesprekmetode hom soms tot die fout om die argumente van die alter ego opsetlik deursigtig te stel; of om 'n stewige argument met 'n kwinkslag te omseil; of om 'n minder gewigtige puntjie te naarstig, te skolasties byna, te ondersoek.

In *S. en L.* handel van die waardevolste besprekinge oor daardie onoplosbare probleem oor wát die besondere uiting van die kunstenaar „bepaal": die publiek, of — soos Louw indringend betoog — die medium self *(Altyd*

moeiliker poësie). Dit hang saam met 'n probleem wat in *Die ‚mens' agter die boek* opduik: die „kontak-soek" van die kuns. Louw betoog dat die groot kunstenaar hom nie opsetlik gaan rig tot „groot geeste" nie; elders (p. 64) word gesê: die kunstenaar met die grootste intelligensie is té intelligent om só te skrywe dat slegs hy sy werk sal „begryp." Ongelukkig ontbreek 'n navors van hierdie probleem, want waar pas 'n mens dié oorweging in dat die groot kunstenaar maar al te dikwels vir sy tyd onverstaanbaar is omdat hy dit „vooruit" is?

Eén opvatting word deurentyd gehandhaaf: „'n Kunswerk kan nie ‚verklaar' word uit enigiets behalwe sy eie struktuur nie" (104). Veral in *W. deur G.* blyk dit ook duidelik, en dan besonderlik uit die reeks oor *Literêre teorie:* geen omstandigheidsgetuienis (biografies, psigologies, histories, sosiologies, biologies) en ook nie die „gedagte" of „idee" van die kunswerk kan die literêre oordeel beïnvloed nie. (Opvallend is dit dat die meeste van hierdie aspekte ook uitvoerig deur Wellek en Warren: *Theory of Literature,* bespreek word.) Soos Leavis, dring Louw aan op die praktyk bo alles. Geen literêre teorie kan 'n filosofiese benaderingsmetode voorskrywe nie. Die kernvraag vir die kritikus bly altyd dit: is die werk goed — of sleg. En juis daarom raps Louw ook vir Eliot waar hy hom bemoei met die „poetic mind" en nie met die werk nie (p. 27).

'n Vanselfsprekende probleem wat opduik is dié van subjektiewe oordeel. Hier, soos elders, wil Louw geen „antwoord" verskaf nie — net opnuut tuisbring dat die kritikus nederig moet wees, bewus van die oneindige kompleksheid van sy taak, en dat hy 'n geloof moet hê aan die „moontlike objektiwiteit van estetiese oordele" (103).

'n Belangrike instelling by Louw is sy geloof aan die kuns as die grootste prestasie van 'n volk; daarom ook is hy teen sensuur gekant, want „die vernietiging van die moontlikheid dat groot kuns kan ontstaan, is ook die vernietiging van die hoogste bestaansreg van 'n volk" (123). (En tog vermeld hy elders dat die groot kuns van die Elizabethtydperk juis binne die raamwerk van kwaai sensuur ontstaan het).

Vanselfsprekend is daar leemtes in die bundels, en die grootste swakpunt is miskien juis die brokkies-brokkies-vorm waarin die tydskrifgesprekkies hier terug keer. Maar Louw is hom wel bewus daarvan en meer as eens in hierdie twee bundels waarsku hy ook dat dit hom nie te make is om 'n metafisika of 'n „stelsel" nie; dat sy eerste bedoeling maar is die „wakker-maak" van die dink. Ons onthou dan ook geen „filosofie" ná die lees nie. Maar ons onthou die indruk van 'n ryp en indringende gees wat nooit moeg raak van soek nie, wat probleem na probleem aanpak, koevoet daaronder inslaan en deurdink; 'n gees wat nooit vergeet dat hy mens is en dat alle probleme ingewikkeld is nie.

ANDRÉ P. BRINK

N. P. VAN WYK LOUW: *LIBERALE NASIONALISME.* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1958).

Liberale Nasionalisme wil die grondslae van ons Suid-Afrikaanse bestaan ondersoek. Ofskoon heelwat van die opstelle nie met

mekaar skakel nie, word daar tog op 'n sintese afgestuur, word probleem na probleem gepak en betrag tot ten minste één indruk bo bly: „Die waarheid — in menslike sake ten minste — is moeilik om te vat en moeilik om te hou; dis geen glas, maar 'n swart kristal: vol onrus en vol spannings, en eindelik rustig net vanweë die strawwe ewewig van alles. En . . . dit word alleen in die stryd blootgelê" (95). Nou is dit geen soek „in waansin" meer soos in die vroeë gedigte nie, maar die nugter, helder, byna meedoënloos redelike ondersoek van probleme deur die intellek. Dit is bowenal ook die ondersoek van die denkende mens wat eerlik erken: „Ek was nog nooit bang om magteloos of onseker te voel nie" (117).

Ook hier soek Louw na geen „stelsel" nie, en self beskou hy sy werk net as „die werk wat 'n mens maar gedurig vir jouself doen" (50). Dus: die besinning van die denkende individu op alle probleme, en alle aansigte van probleme, in sy bestaan as lid van 'n volk.

As uitgangspunt wil hy die koloniale opvatting van Suid-Afrika as „far-off corner of the world" omvergooi, wil hy die land en sy mense in hulle eie reg stel, as sentrum van eie kultuur, eie *syn.*

Die grootste besit van die volk is die „geestelike bloedsomloop," die „oop gesprek." En die voorwaarde vir hierdie „oop" bestaan is die demokrasie. In die reeks „Argumente teen 'n hark" vind hy dan dat ondanks al die onweerlegbare besware die waarde van die demokrasie te vinde is in die blote feit van sy bestaan. Dit is die enigste „staatsvorm" waar die móóntlikheid vir skaaf aan standpunte en insigte bestaan.

In die vorming van houdinge en insigte sal die denkende mens ook gedurig terugtas na die ligpunte van die verlede: maar nie die enger „tradisie" van 'n honderd of driehonderd jaar nie — wel, in die sfeer van die „liberale nasionalisme," die „tradisie" soos dit uit die hele wêreldgeskiedenis saamtuit in die hede, en soos dit as web uit alle windstreke en tye aan die mens in hierdie volk verbonde sit.

'n „Oplossing," 'n towerformule wat alle probleme oplos, bied hy nie — en wil hy nie. Want by elke probleem word steeds één insig herwin: dat die mens, en sy hele bestaan, oneindig verwikkeld is; dat die glasheldere „pad van Suid-Afrika" net nie bestaan nie. Maar dié oplossing is daar wel: dat die denkende mens sal *dink;* dat hy soekende sal bly; dat hy in sy polemieke en standpunte telkens sal aftas na die wortels. En al sou die resultaat dan maar negatief wees, dan nóg was die soeke waardevol, omdat antwoorde nie kategories te vinde is nie, en omdat antwoorde in laaste instansie menslik is — en verwikkeld soos die mens.

ANDRÉ P. BRINK

WIP-HUPPEL-WIP, deur W. O. Kühne, Tafelberg-uitgewers, Waalstraat 25, Kaapstad, 1959.

Dit is die derde Huppelboekie. Die eerste was *Huppelkind,* daarna het gevolg *Huppel Maak 'n Plan,* en die vierde wat nog moet verskyn, is *Vrolike Huppelkind.*

Met hierdie sprokies vir kinders van ses tot omtrent tien jaar, het W. O. Kühne m.i. vir die eerste keer 'n nuwe standaard in hierdie genre in Afrikaans kom daarstel. Ek moes al honderde

„stories" vir 'n storiegierige dogtertjie vertel en voorlees, en ek het nog nie beter teengekom as hierdie werke van Kühne nie.

Ek waag dit om te beweer dat ons in hierdie reeks vir die eerste keer werklike kuns-kinderlektuur in Afrikaans gekry het.

Hierdie werkie bevat 'n bedagte woordgebruik en die soepele in Afrikaans doen hom dikwels en bevredigend voor: „verdwynwyn, verskynwyn, krietekomsap, suikerklontklippertjieskol," is 'n paar van die woorde wat die kind plesier kan gee, omdat die kind self lief is om fratse met woorde te maak. Verder is daar beeldende sinsnedes soos: „Sy onthou-klontjie is gedaan gesuig; Hy vou sy baard soos 'n kombers om hom en toe begin hy vertel; Hy trippel deur die grassies en hy huppel oor die plassies en die vleiwind jaag hom aan." Genotvol is die rympies:

„Orie gedorie Storieman,
Vertel 'n storie AS JY KAN!"

en ook:

„Geld en kos wil hy gaan steel,
Boertabak en pypkaneel."

Selfs in baie sinne kom rymwoorde voor: „Pleks hy suutjies afkruip in die watersloot, draf hy sommer padlangs, oop en bloot." Dit is 'n woordgebruik wat kunsgenot verskaf omdat dit die eenvoud van die klein dingetjies uit die kinderverbeelding self besit.

Tipies van die sprokie is die herhalingselement in hierdie verhaaltjie: dit help die kind om die draad te behou. Die soektog na die Storieman bly dus altyd in die kind se bewussyn, en die slot het 'n bevredigende afgerondheid: „Ou Storieman suig en hy suig . . . en hy suig. Maar verder kan hy nie vertel nie. Sy onthou-klontjie is gedaan gesuig. Huppel en Steek moet op 'n ander dag weer kom." Hierdie sprokies herinner sterk aan dié wat in die beroemde „Beacon Readers" in Engels bestaan — en wat eersdaags in Afrikaanse verwerking beskikbaar sal wees!

Iets wat die kind se genot by die lees van hierdie boekie inniger maak, is die paslike illustrasies deur Dorothy Hill Kühne. Vir my is die Nuuskierige Agies en die Boekwurms kamerkuns.

Hierdie kunswerkie se verskyning is 'n blye verrassing omdat dit juis in hierdie stadium val wanneer ons die wonder van ons taal gedenk: 'n nuwe, klein wondertjie by al die ander!

C. W. HUDSON

Erratum: Die boekbesprekings in Jrg. IX/afl. I, bl. 55-60, is besorg deur die volgende resensente:

J. S. Rabie: *Ons die Afgod,* L. Rousseau: *Marco Polo,* H. J. Vermaas: *Die Ysterklip,* en H. Grové: *Die Goeie Jaar* deur Soul; *Die Afrikaanse Woordeboek,* Dl. III, deur A. J. C.; Abel Coetzee: *Teenstellings in die Taal,* W. O. Kühne: *Huppelkind,* Deel 1 en 2, Elisabeth Eybers: *Neerslag,* deur C.W.H.

Skrywersaangeleenthede

Die dertigste Internasionale Kongres van die P.E.N. vind vanjaar plaas in Frankfurt en Heidelberg, Duitsland. Die kongres open op Sondag, 19 Julie 1959. Die tema is: „Skeppende Letterkunde in die Eeu van die Wetenskap."

* * * *

Vir die Uniefees 1960 se feesvierings in Bloemfontein is die Afrikaanse Skrywerskring genader om 'n verteenwoordiger te benoem in die Komitee vir Taal- en Letterkundige Uitstallings, onder die voorsitterskap van prof. dr. B. Kok. Prof. D. F. Malherbe, lid van die Hoofbestuur, sal die Skrywerskring in hierdie hoedanigheid verteenwoordig.

* * * *

Die Afrikaanse Skrywerskring het sy steun toegesê aan en het 'n stigterslid geword van die Stigting Simon van der Stel.

* * * *

Die skrywer W. A. de Klerk het, as lid van die Skrywerskring, verhuis na die Werkgemeenskap Stellenbosch. Op 21 Maart 1959 het mnr. C. Mostert, redakteur van *Die Jongspan,* 'n rede voor dié werkgemeenskap gelewer oor „Die bydrae van die jeug tot jeuglektuur en die bemarking daarvan."

* * * *

Die gedenkplaat wat gesamentlik deur die stadsraad Johannesburg en die Skrywerskring ter ere van die ontslape skrywer J. van Melle in 'n park in Melville, Johannesburg, opgerig is, is deur boosdoeners verwyder, maar die stadsraad het onderneem om 'n duursamer gedenkplaat, van marmer of graniet, in die plek daarvan te verskaf — 'n gebaar wat deur die Skrywerskring op prys gestel word.

* * * *

Op Vrydag, 27 Februarie 1959 het mev. M. van den Heever, weduwee van C. M. van den Heever, 'n gedenkplaat van die Skrywerskring op die graf van haar eggenoot in die Wesparkse begraafplaas, Johannesburg, onthul. Hierdie plegtigheid is voorafgegaan deur 'n diens in die Lindense N.G.-kerk, waar prof. D. F. Malherbe die hoofrede gevoer het. Ds. A. M. Meiring, moderator van die N.G.-kerk in Transvaal, ds. G. J. J. Boshoff en prof. Abel Coetzee het ook opgetree. Onder diegene wat onder die groot skare in die kerk en by die graf opgemerk is, was dr. J. E. Holloway, voormalige ambassadeur vir die Unie in Londen, die Nederlandse persattaché en sy gade, proff. M. Valkhoff, M. P. van Wyk Louw en P. J. Nienaber, mnr. Gideon Roos, asook redakteurs, uitgewers en talle ander vriende, kollegas en bewonderaars van prof. Van den Heever.

* * * *

ELATA